

AANSPREEKVORME EN WISSELENDE STATUS -
'N ONDERSOEK NA DIE GEBRUIK VAN AANSPREEKVORME
ONDER AFRIKAANSSPREKENDES IN VANDERBIJLPARK

deur: D.M. Wybenga

Verhandeling voorgelê ter vervulling van 'n
gedeelte van die vereistes vir die graad
MAGISTER ARTIUM in die fakulteit Lettere en
Wysbegeerte aan die Potchefstroomse Universiteit
vir Christelike Hoër Onderwys

VANDERBIJLPARK
JUNIE 1981

Geldelike bystand van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing word hiermee erken. Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is die van die skrywer en moet in geen geval beskou word as 'n weergawe van die menings of gevolgtrekkings van die Raad vir Geesteswetenskaplike navorsing nie.

D A N K B E T U I G I N G

Ek wil graag die volgende persone bedank vir hulle hulp waarsonder hierdie verhandeling nie moontlik sou wees nie. Alle tekortkomings hierin is vir my eie rekening.

Dr. P.S. de Bruyn, my studieleier wat op die onmoontlikste tye en op die kortste kennisgewing bereid was om te help.

Prof. D.P. Wissing vir waardevolle opmerkings.

Prof. H.F. de Bruto wat aanvanklik leiding gegee het.

Mej. H. van Vuuren (Departement Operasionele Navorsing, Vaalriviervak) wat bereid was om talle ure aan die rekenarisering van die gegewens te spandeer.

Prof. A.G. de Wet (Departement Statistiek, Vaalriviervak) vir insiggewende gesprekke oor die statistiek.

Mnr. A.N.J.D. Bester (Departement Bedryfsosiologie, Vaalriviervak) vir waardevolle gesprekke oor die sosiologie.

Mnr. F. Steyn vir leiding by die rekenarisering van die vraelyste.

Die talle studente wat gehelp het met die verwerking van die gegewens.

Mnr. D. van Wyk en die derdejaarstudente van 1980 vir die inwin van sistematiese gegewens.

Die personeel en inwoners van die ouerhuis Sesta, sonder wie se hulp baie min gegewens oor die ouer geslag ingewin sou word.

Die hoof en personeel van die Hoërskool Vanderbijlpark.

Die hoof en personeel, in die besonder mnr. D. Malan, van die Hoërskool Driehoek.

Mej. U. Hörle van Yskor.

Mev. Elza de Wet wat kans gesien het om my kalligrafiese geheimenisse
oor te tik.

My vrou en kinders vir hulle geduld.

... en almal wat wetend en onwetend meegehelp het om hierdie verhandeling
'n werklikheid te maak.

I N H O U D S O P G A W EBladsy

1.	<u>PROBLEEMSTELLING</u>	1
1.1	Meer as net <i>ji</i> en <i>u</i>	1
1.2	Die noodwendige gevolg van oorvereenvoudiging	3
1.3	Statusverandering by individue en groepe	6
1.3.1	Verandering in die status van 'n individu	7
1.3.2	Verandering in die status en 'n groep	8
1.4	Beperkings op die keuse van aanspreekvorme	9
1.5	Stylkongruensie	10
1.6	Samevatting	11
1.7	Probleemstelling	12
2.	<u>WOORD- EN BEGRIPVERKLARING</u>	13
2.1	Status	13
2.1.1	Sosiale rol	14
2.1.2	Emosionele en funksionele interaksie	14
2.1.3	Sosiale afstand	14
2.1.4	Situasie en plasing	15
2.1.5	Onderwerp	15
2.1.6	Ander statusverwante sake	15
2.2	Veranderlikes	16
2.3	Sosiolinguistiek	16
2.3.1	Fishman	16
2.3.2	Dittmar	17
2.3.3	Hymes	18
2.3.4	'n Funksionele beskouing	19
2.4	Spraakkomponente	22
2.4.1	Deelnemers	23
2.4.2	Situasie	24
2.4.3	Gesprekskenmerke	24
2.4.4	Onderwerp	26
2.4.5	Interaksiefunksies	26
2.4.6	Die belang van 'n gespreksanalise by 'n deskriptiewe ondersoek	26

2.5	Waarnemersparadoks	26
2.6	Norm en gebruik	27
2.7	Ewekansige steekproewe	28
2.8	Aanspreekvorme	28
2.8.1	Die vergestaltung van die verhouding (status, sosiale afstand) tussen spreker en aangesprokene met middele wat nie aan die definisie van aanspreekvorme voldoen nie	30
2.8.2	Enkele opmerkings oor die geskiedenis van ons aanspreekvorme	32
3.	<u>TERREINAFBAKENING EN METODE</u> +	35
3.1	Vraelyste	35
3.2	Objektiewe waarneming	36
3.3	Die metode wat vir die verkryging van sistematiese en objektiewe gegewens gebruik is	37
3.4	Geografiese afbakening	39
3.5	Afrikaanssprekendes en Afrikaanssprekers	42
3.6	Komponentanalise	42
3.6.1	Deelnemers	43
3.6.2	Status	46
3.6.3	Situasie	47
3.6.4	Interaksiefunksies	49
3.6.5	Gesprekskenmerke	49
3.6.6	Onderwerp	50
3.6.7	Status en die gesprekskomponente	50
3.7	Vasstelling van die norm	50
3.7.1	Die vraelys	50
3.7.2	Onderhoude	52
4.	<u>VERSAMELING VAN DIE DATA</u> +	53
4.1	Die soektog na die norm aan die hand van 'n vraelys	53
4.1.2	Bepaling van die groep aan wie die finale vraelys versprei moet word	54
4.1.3	Beantwoording van die vraelyste	56
4.2	Die soektog na die norm aan die hand van onderhoude	56
4.3	Versameling van sistematiese gegewens aan die hand van die situasie	57

4.3.1	Medewerkers	57
4.3.2	Probleme wat met die sistematiese opname ondervind is	59
4.4	Rekenarisering van die gegewens	60
4.4.1	Rekenarisering van die vraelyste	60
4.4.2	Rekenarisering van die sistematiese gegewens	60
5.	<u>VASSTELLING VAN DIE NORM 4-</u>	62
5.1	Ontleding van die vraelys	62
5.1.1	Verspreiding van die respondente	62
5.1.2	Ontleding van die vraag na taalvoorkeur	63
5.1.3	Ontleding van opdragte betreffende onbekende Blanke persone	65
5.1.4	Ontleding van opdragte betreffende bekende Blanke persone	77
5.1.5	Ontleding van die twee opdragte waarby emosie 'n belangrike rol speel	83
5.1.6	Ontleding van die opdragte in verband met kinders	85
5.1.7	Ontleding van die opdragte betreffende nie-Blankes	88
5.2	Ontleding van die onderhoude	93
5.2.1	Totale gebruike van die eerste aanspraak	96
5.2.2	Totale gebruike van die tweede aanspraak	96
5.3	Interpretasie van die normondersoek	98
5.3.1	Verskil in die direktheid van die vraelys en die onderhoud	98
5.3.2	Ouderdomsgroepe	98
5.3.3	Geslag	100
5.3.4	Beroepsgroepe	103
5.3.5	Taalgroepe	108
5.3.6	Totale ... en die norm?	109
6.	<u>ONTLEDING VAN DIE OBJEKTIEWE SISTEMATIESE GEGEWENS</u>	119
6.1	Inleiding	119
6.2	Vergelykende belangrikheid van die veranderlikes	120
6.3	Resultate van die waarnemings indien elke veranderlike afsonderlik beskou word	124
6.4	Geslag	126
6.5	Ouderdom	127
6.6	Taal	135
6.7	Beroep (sosiale groepe)	137
6.8	Huwelikstaat	141

Bladsy

6.9	Ras	141
6.10	Gesondheid	142
6.11	Bekendheid	142
6.12	Statusverandering	143
6.13	Gesag	144
6.14	Emosie	145
6.15	Situasie	146
6.16	Toonaard	146
6.17	Genre	146
6.18	Styl	146
6.19	Vergelyking met die vraelyste	147
6.20	Voorkoms en aard van die eerste aanspraak	147
6.20.1	Die vernaamste gebruiksvorme van die eerste aanspraak	148
6.20.2	Die belangrikste veranderlikes	150
6.20.3	Betiteling	150
6.20.4	Algemene vorme	153
6.20.5	Bekendheid	156
6.20.6	Ras	157
6.20.7	Ouderdom	158
6.21	Die kombinasie van aanspreekvorme	161
6.21.1	Kombinasiegebruik volgens sosiale groepe	162
6.21.2	Kombinasiegebruik volgens bekendheid	163
7.	<u>GEVOLGTREKKING</u>	164
7.1	Die aanspreekvorme en wisselende status by die aangesprokene	164
7.1.1	Eerste aanspreekvorme	166
7.1.2	Tweede aanspreekvorme	179
7.2	Die aanspreekvorme en wisselende status by die spreker	184
7.2.1	Eerste aanspreekvorme	185
7.2.2	Tweede aanspreekvorme	187
7.3	Situasie en verwante invloede op wisselende status	194
7.4	Stylkongruensie	196
7.5	Die norm en die gebruik	198
7.5.1	Sosiale groepe en die norm	198
7.5.2	Vroulike sprekers en die norm	200
7.6	Gevolgtrekking	201
7.6.1	Slotsom	203

Bladsy

<u>AANHANGSELS</u>	205
<u>BIBLIOGRAFIE</u>	213
<u>ENGLISH SUMMARY</u>	218

1. PROBLEEMSTELLING

1.1 Meer as net jy en u

Just two short words, operating in all speech events that involved two interlocuters, signalled the relative position of each pole in hundreds of dyadic relationships.

So sê Friedrich (1972 : 298) van die negentiende-eeuse Russiese voornaamwoorde *vy* en *ty*.

In Afrikaans is hierdie kwessie nie so eenvoudig nie - meer as net die voornaamwoorde is nodig om die relatiewe status¹⁾ en verhouding van deelnemers aan 'n gesprek uit te druk. Vergelyk die volgende sinne:

- a 1) *Meneer, kan Meneer my help?*
- 2) *Meneer, kan u my help?*
- 3) *Meneer, kan jy my help?*
- 4) *Piet, kan jy my help?*
- 5) *Oom, kan Oom my help?*

Die Afrikaanssprekende kan by elkeen van hierdie uitings 'n benaderde beskrywing van die verhouding tussen die spreker en die aangesprokene gee (7, p.164, e.v.). As die vokatief in die voorafgaande uitings met 'n voornaamwoord vervang word, kan die relatiewe status van die deelnemers nie meer so noukeurig bepaal word nie.

Watter voornaamwoord moet in ieder geval in die plek van *Meneer* in sin a 1) of *Oom* in a 5) gebruik word?

- b 1) - *kan u my help?*
- 2) - *kan u my help?*
- 3) - *kan jy my help?*
- 4) - *kan jy my help?*
- 5) - *kan u my help?*

1) Woorde en begrippe waarmee in hierdie studie gewerk word, word in hoofstuk 2 uiteengesit.

Die voornaamwoorde *jy* en *u* gee wel 'n baie algemene aanduiding van die sosiale afstand tussen die sprekers, maar 'n noukeuriger aanduiding daarvan kan met behulp van die vokatief verkry word:

- c
- 1) *Help my asseblief, Meneer.*
 - 2) *Help my asseblief, Meneer.*
 - 3) *Help my asseblief, Meneer.*
 - 4) *Help my asseblief, Piet.*
 - 5) *Help my asseblief, Oom.*

Soos in die geval van *b* druk *c* nie die onderlinge sosiale afstand tussen die sprekers so duidelik uit soos *a* nie. Dit (*c*) staan egter nader aan *a* as wat *b* kan kom (vergelyk 7.1, p.164). Sonder om die verskille wat in *a* blyk in hierdie stadium van naderby te beskou, wil ek volstaan deur te beweer dat elke Afrikaanssprekende deeglik bewus is van die verskillende sosiale waardes wat in hierdie sinne uitgedruk word.

In Engels speel die voornaamwoord *you* byna geen rol in die vergestaltung van sosiale afstand nie. Dit is immers die enigste vorm vir die aangesprokene. Sodanige verskille word hier, in soortgelyke sinne met behulp van vokatiewe uitgedruk. Hierdie wyse van aanspreek word deur Brown en Ford (1964 : 239, e.v.) ontleed.

- d
- 1) *Can you help me, Sir?*
 - 2) *Can you help me, Sir?*²⁾
 - 3) *Can you help me, Sir?*
 - 4) *Can you help me, John?*
 - 5) *Can you help me, Uncle?*³⁾

'n Woordelikse vertaling soos hierdie sou voorgee dat sosiale afstand nie so noukeurig soos in Afrikaans uitgedruk kan word nie: dit sou 'n growwe mistasting wees, aangesien allerlei nuanseverskille met behulp van sinsorde, bywoorde en ander middele uitgedruk kan word. Vergelyk die volgende eie waarneming:

-
- 2) Om hierdie sin met byvoorbeeld *mister* te vertaal, sou 'n oortreding van Engelse reëls wees, aangesien *mister* met 'n van gepaard moet gaan (Brown en Ford, 1964 : 244).
 - 3) Dis onnodig om te sê dat *uncle* nie noodwendig 'n korrekte vertaling is nie.

- e
- 1) *Sir, can you help me please?*
 - 2) *Please Sir, can you help me?*
 - 3) *Can you please help me, Sir?*
 - 4) *Sir, please, can you help me?*

Hier is slegs van woordordeverskille gebruik gemaak, maar tog blyk daar telkens 'n verskil, nie alleen in dringendheid nie, maar ook in sosiale afstand. In e 3) is die status van die spreker waarskynlik hoër as die van die aangesprokene, terwyl die aangesprokene in sin e 2) waarskynlik hoër status het.

1.2 Die noodwendige gevolg van ongekwalfiseerde vereenvoudiging

Na 'n terloopse ondersoek van die Afrikaanse aanspreekpatroon sê twee Amerikaanse navorsers dat die Afrikaanse stelsel ... *suggests a more static society and a less developed equalitarian ethic*. (Brown en Gilman, 1970 : 265).

Hierdie opmerking doen afbreuk aan 'n andersins uitmuntende en hooggeroemde stukkie navorsing, aangesien daar nagelaat is om na ander sake behalwe voornaamwoordelike gebruik te kyk.

Hierdie uitspraak oor Afrikaans is glad nie uit die kol wat die waarheid in verband met die maatskaplike toestande in Suid-Afrika betref nie, maar die probleem is daarin geleë dat dit wil voorgee dat net Afrikaans van al die Wes-Europese tale 'n sogenaamde asimmetriese aanspreekpatroon het. Hiermee verhef Brown en Gilman dan ook die voornaamwoordelike gebruik bo alle ander moontlikhede⁴⁾ om wat hulle *power* (mag) en *solidarity* (samehorigheid) (a.w. : 256) noem, uit te druk. Kwalfiserings van hierdie eng beskouing wat later gegee word, wis nog steeds nie hierdie indruk uit nie. Vergelyk:

Nor are the pronouns the only form of nonreciprocal address. There are, in addition, proper names and titles, and many of these operate today on a nonreciprocal dus asimmetriese power pattern in America and Europe, in open and equalitarian societies (a.w. : 266).

1) Oor die vergestaltung van status met ander middele as die aanspreekvorme, vergelyk 2.8.1, p.30.

Hierdie opmerking klink eerder na 'n weerspreking van die gedeelte oor Afrikaans. Hoekom is die asimmetrie in die Amerikaanse stelsel, wat nie met behulp van voornaamwoorde uitgedruk word, nie net soos in die geval van Afrikaans 'n aanduiding van 'n *more static society and less developed equalitarian ethic* nie? Bloot omdat dit nie met behulp van voornaamwoorde uitgedruk word nie? Nie net die voornaamwoorde nie, maar ook die vokatiewe en buitetaalse sake werk saam om status uit te druk. (Vergelyk 7.1, p.164, e.v.).

Die skrywers van hierdie artikel stel hulle ten doel om aan te toon dat die simmetriese voornaamwoordelike gebruik van die aanspreekvorm in Frans, Duits en Italiaans vandag solidariteit uitdruk (a.w. : 254), terwyl dit vroeër eerder hoër of laer status uitgedruk het.

Daar bestaan twee voornaamwoorde in hierdie tale: die sogenaamde intieme vorm, wat deur die skrywers (t.a.p.) op grond van die Latynse *tu* tot *T* afgekort word en die sogenaamde beleefde vorm wat op grond van die Latynse *vos* tot *V* afgekort word.

Indien persone wat met *T* aangespreek word met *T* antwoord, en die met *V* met *V* antwoord, het so 'n stelsel volgens die skrywers 'n simmetriese patroon. 'n Asimmetriese patroon bestaan waar *T* gebruik en *V* ontvang word, of andersom.

In so 'n sisteem word gesag (*power*) deur middel van die voornaamwoorde uitgedruk. 'n Simmetriese patroon druk solidariteit (samehorigheid) uit. Alle persone wat *T* gee en ontvang is onderling solidêr, terwyl daar tussen persone wat onderling met *V* aangespreek word, nie solidariteit bestaan nie.

Die gevolgtrekking waartoe die skrywers na hulle betoog (a.w. : 260) kom, is dat die gebied van *T*, wat die draer van solidariteit is, sal uitbrei. Volgens die opname van die skrywers is dit inderdaad so.

Om hierdie waarneming dan sonder meer op Afrikaans van toepassing te maak, is skynbaar onwetenskaplik. Per implikasie word uit hierdie artikel gelees dat statusverskille tussen persone wat die *T*-vorm

gebruik ook opgehef word. Dit kon selfs Robespierre nie vermag toe hy die president van die Franse Volksraad met *tu* aangespreek het nie; hy moes nog steeds iets soos *monsieur le president* iewers in sy toespraak gebruik, wat onmiddellik 'n hoër status, met of sonder *vous* veronderstel. (Vergelyk Roszak, 1970 : 124). Status sonder mag is nie moontlik nie, terwyl *mag status* veronderstel (vergelyk die kwessie oor status in 2.1,p.13). Om aan sekere voornaamwoorde mag en aan ander solidariteit toe te ken, is 'n *contradictio in termi* : 'n mens kan immers nie net solidêr wees met iemand wat dieselfde mag het as jy nie.

Brown en Gilman (a.w. : 267) kom nader aan die waarheid as hulle sê:

Differences in power exist in a democracy and in all societies. What is the difference in expressing power asymmetry in pronouns and expressing it by the choice of title and proper name? It seems to be primarily a question of the degree of linguistic compulsion. In face-to-face address we can usually avoid the use of any name or title, but not so easily the use of the pronoun.

Is die veronderstelling ook waar ten opsigte van Afrikaans, as 'n goeie vriend en vennoot van 'n ouer man laasgenoemde telkens as *oom/oom* (R-vormgebruik, kyk 7.1.2.3,p.181) met weglating van alle voorname aanspreek, of waar 'n swart tuinwerker sy werknemer as *baas* en *jy*, of 'n briewebesteller 'n persoon van baie hoër gesag as *meneer*, *jy* aanspreek? Nee, daar is ander sake aan die werk in Afrikaans as wat hierdie twee skrywers so ligtelik op alle tale van toepassing wil maak. (Vergelyk 7.1,p.164,e.v.).

Aangesien Brown en Gilman in hulle studie slegs na die funksie van die voornaamwoorde wil kyk, stuit hulle telkens op teenstrydighede wat 'n direkte uitvloeisel van so 'n vereenvoudigde en veralgemenende ondersoek is.

Enige studie wat voorgee om status, mag, solidariteit of watter aspek van sosiale afstand soos dit in taal uitgedruk word, te ondersoek, sal minstens alle aanspreekvorme en nie net die voornaam= woorde nie, moet betrek.

1.3 Statusverandering by individue en groepe

... mode of address intrudes in consciousness as a problem at times of social change. (Brown en Gilman, 1970 : 267). Enige vrou wat op haar huweliksdag van van verander het, sal die waarheid van bogenoemde stelling onderskryf.

Hierdie waarheid dring hom tans meer aan elke Suid-Afrikaner op : hoe moet ek 'n swarte aanspreek? Ja, my tuinman - dis maklik genoeg, maar die vreemde Swartman of -vrou, of die een wat pas sy doktorsgraad ontvang het? Of die een wat in die winkel staan en my oor die toonbank bedien? Wat van die een wat nou net uit sy spoggerige motor geklim het? Om sulke probleemsituasies te vermy, want dit is vandag vir die gemiddelde Afrikaner 'n probleemsituasie, is nie altyd moontlik nie. Dat die voorgaande 'n probleemsituasie is, het duidelik uit die normatiewe ondersoek geblyk. (Vergelyk 5.3.6.2.5, p.117).

Vir die man met 'n vryer siening of die persoon wat daaglik in hierdie en soortgelyke situasies is, is dit skynbaar geen probleem nie, want hy sê: "Spreek hom net soos 'n Blanke aan!" Met die soos gee hy egter onmiddellik te kenne dat ook hy dit as 'n probleem *that intrudes upon the consciousness*, moes ervaar het. Dit was skielik vir die gewone man en nie net die enkeling nie, 'n probleem. Hierdie saak word hieronder (1.3.2, p.8) in breër perspektief geplaas.

Hier word van die standpunt uitgegaan dat daar twee hoofoorsake vir aanspreekkrisisse is:

- verandering in die status van die individu en
- verandering in die status van 'n groep of groepe.

Hierdie kwessie sal deur 'n sosioloog bevestig moet word maar geen leidraad kon by hulle gevind word om die waarheid al dan nie van die voorgaande en volgende stellings na te gaan nie.

1.3.1 Verandering in die status van 'n individu

1.3.1.1 'n Persoon kan op grond van huwelik 'n nuwe status verkry; hierby kan ook ouerskap en egskeiding ingesluit word.

1.3.1.2 Bevordering in 'n werksituasie skep dikwels probleme : hoe moet die nuwe skoolhoof wat altyd maar een van die groep was, aangespreek word? Is hy nog *Ou Doepie*, of word hy asof oornag vir sy kollegas *meneer Du Plessis*?

Elke individu hanteer die situasie natuurlik op sy eie manier, maar sosiale konvensie moet in alle gevalle nagekom word. Al sou die nuwe hoof nog as *Doepie* aangespreek word, sal die konvensie vereis om in sekere situasies tog met *meneer Du Plessis* te praat. Wat is hierdie konvensies en hoe word dit nagekom?

1.3.1.3 In die akademiese wêreld ontstaan daar dikwels 'n soortgelyke maar tog ander probleem : 'n student verkry byvoorbeeld die titel *doktor* : nou is hy nie meer vir sy dosente *meneer Visser*, daardie trae student nie, nee, hy moet nou as *doktor Visser* aangespreek word. Almal om hom moet met sy veranderde status rekening hou.

Hierdie soort statusverandering kan miskien *titelstatusverandering* genoem word.

1.3.1.4 Nou verwant aan die vorige statusveranderings (1.3.1.1 tot 3) is statusverandering wat as gevolg van *situasieverandering* plaasvind.

'n Tipiese voorbeeld hiervan kry 'n mens in die geval van 'n seun, wie se vader 'n onderwyser is en nou, sy dit vir beperkte tye, nie meer kind is nie, maar leerling. Die vader is ook nie meer *pa* nie, maar *meneer*, of sal die seun sy vader nog as *pa* aanspreek, selfs in die klas?

1.3.1.5 *Identiteitsvergissing* kan 'n geskikte naam wees vir nog 'n tipe statusverandering. Hierdie kwessie kom in baie baadjies in die daaglikse lewe voor.

Identiteitsvergissing gee dikwels aanleiding tot ontstaan van grappe. As voorbeeld hiervoor kan die volgende toneel wat in 'n winkel waargeneem is, dien:

Klerk: *Maar hoe dink jy gaan ons al die stoele in een dag opgestop kry?*

Klant: *Ek sal baie bly wees indien dit enigsins moontlik is, want ek het die stoele elke dag nodig; my leerlinge sit daarop as hulle musiekteorie doen.*

Klerk: *O, gee u musiek, mevrou?*

Daar is nog verskeie voorbeelde van statusverandering by die individu, maar hulle sal almal onder een van hierdie hoofde, naamlik *titelstatusverandering, situasiestatusverandering* of *identiteitsvergissing*, ingedeel kan word.

1.3.2 Verandering in die status van 'n groep

Hierdie soort statusverandering verskil grootliks van die vorige.

Verandering in die status van 'n individu, of hy nou een van 'n groep skoolverlaters, toekomstige *menere* en *mejuffrouens*, of 'n vrou voor 'n kansel is, veronderstel die toepassing van 'n spesifieke sosiale konvensie. Verandering in die status van 'n groep daarenteen veronderstel juis die verandering van 'n sosiale konvensie.

'n Veranderde politieke beskouing vereis dikwels 'n *nuwe* aanspreekvorm vir groepe binne die gemeenskap. Die eenvoudigste voorbeeld hiervan is die veranderings wat in die amptelike benaming en aanspreekvorme vir Swartmense soos die laaste vyftig jaar in Suid-Afrika bestaan het:

Kaffer, tot omstreeks 1930;

Naturel, tot omstreeks 1958;

Bantoe, in die Verwoerd-era;

Swartmens, vandag.

Die groot aantal spotterme wat in die laaste paar dekades gegee is,

moet ook binne die kader van statusverandering bekyk word; dink byvoorbeeld aan *pluraal* en *samewerker*.

1.4 Beperkings op die keuse van aanspreekvorme

Sogenaamde keuses in die taal is nie heeltemal vry nie : dit berus op reëls en hierdie reëls word in 'n hoë mate voorgeskryf deur sosiale konvensie. Hierdie kwessie is veral waar in ons hedendaagse samelewing (vergelyk Riesman, 1956 : 23, e.v.). As Ervin-Tripp (1972 : 218) dus oor tweekeusige-stelsels skryf, veronderstel sy nie 'n vryheid van keuse nie; haar uiteindelijke reëlstel oor die Amerikaanse aanspreekvorme, wat 'n meerkeusige stelsel is, laat nie werklik keuses toe nie, maar is sosiaal bepaal. Dit gee 'n beskrywing van hoe 'n gegewe spreker in 'n gegewe situasie sal optree. 'n Oortreding van so 'n reël word altyd gevolg deur verleentheid vir een of al die deelnemers aan 'n gesprek.

Die voorwaardes vir die keuse wat uiteindelik gemaak word, verskil van taal tot taal en groep tot groep. Dit wil voorkom asof groepe binne 'n taalgemeenskap 'n heel ander reëlstel as 'n ander groep mag hê (Ervin-Tripp, 1972 : 220, e.v.). Met hierdie kwessie hou Brown en Gilman, hoewel hulle sekere beperkings op hulle informante gelê het, geen rekening nie. In die gevolgtrekking (7.6,p.201, e.v.) blyk dit dat ook Ervin-Tripp nie volledig met alle veranderlikes rekening gehou het nie, en dat die reëls baie minder bindend is as wat dit met die eerste aanblik voorkom.

Die voorwaardes wat deur 'n spraakgemeenskap op die keuse van 'n spesifieke aanspreekvorm gelê word, dien as *selekteerders* of *onder=skedings* soos Odendal (1976 : 105) dit noem. Hierdie selekteerders bepaal dan watter aanspreekvorm in 'n gegewe geval gebruik gaan word.

Odendal noem onder andere die volgende selekteerders vir Afrikaans: *volwassenheid, situasie, familie, bevriendheid, bekendheid* en *ouderdom*.

Enkele voor-die-hand-liggende sake wat nie deur Odendal in ag geneem is nie, is *hewige gevoel* en *velkleur*. Odendal maak vir sy ondersoek van vraelyste gebruik, hoewel daar duidelike aanduidings in die literatuur

is dat vraelyste slegs 'n idee van die norm en nie werklike gebruik nie, sal gee. (Vergelyk 2.6. p.27). Odendal self beskou sy studie tereg as 'n terreinverkenning, (a.w. : 112). Tog is dit so breed aangepak dat hy al die vernaamste sake aangeraak het en party aspekte selfs in diepte bespreek het. Die talle aspekte van die Afrikaanse aanspreekvorme wat hy aanroer moet egter nog onder die navorser se loep geneem word.

Watter onderskeidings die keuse van die Afrikaanse aanspreekvorme bepaal en wat die beperkings is wat op die persoon, wat deel het aan 'n spesifieke stelsel, geplaas moet word om 'n realistiese model vir die Afrikaanse aanspreekvorme te waarborg, moet nog vasgestel word. Met ander woorde : watter sosiale konvensies lê aan die grond vir die bereëling van die Afrikaanse aanspreekpatroon?

1.5 Stylkongruensie

Ervin-Tripp het nie alleen baanbrekerswerk verrig wat die opstel van aanspreekmodelle en dus alterneringsreëls betref nie, sy het ook die belang van die sogenaamde *co-occurrence rules* (stylkongruensie) uitgespel. Die oorspronklike werk hieraan in Amerika moet egter op Gumperz se rekening geplaas word (Ervin-Tripp, 1973 : 321). Ervin-Tripp verduidelik hierdie kwessie so : waar die alterneringsreëls 'n keuse tussen verskillende maniere van praat veronderstel, veronderstel stylkongruensie die interafhanklikheid van reëls binne die betrokke keuse.

Sy illustreer hierdie interafhanklikheid binne 'n keuse deur middel van 'n sin wat hier met behulp van van Afrikaanse stylkongruensiereëls nagebou is word:

Hoe's dinge, edelagbare? Bakgat ensovoorts?

Het jy toe die goedjies wat u wou, analities verwerk?

So 'n uiting is onverstaanbaar en lagwekkend omdat geheel verskillende interafhanklike reëlstelsels daarin verwar word.

'n Bereëling van die Afrikaanse aanspreekvorme sal met stylkongruensie rekening moet hou, veral omdat daar 'n skynbaar verwarrende gebruik van *u*, *jy*, *julle*, titels en verwantskapsterme bestaan.

1.6 Samevatting

Hoewel die sosiolinguistiek nie meer 'n nuutjie in Suid-Afrika is nie, hiervan getuig die groot aantal studies wat in die afgelope paar jaar deur die R.G.N. van stapel laat loop is (R.G.N.-verslae in die bibliografie), is daar nog baie wat vreemd is.

Die tradisionele belangstelling in die struktuurgerigte taalkunde aan Suid-Afrikaanse universiteite is veral hiervoor verantwoordelik. Daar is nog min in Suid-Afrika gedoen om as 'n duidelike riglyn vir 'n studie soos hierdie te dien en probleme wat die metodologie en terminologie betref kan dus verwag word, hoewel daar wat albei betref heelwat by die sosiologie geleer kan word.

Die formulering van die probleem wat ondersoek moet word, is, soos Cilliers (1967 : 33, e.v.) tereg beweer, deurslaggewend vir die ondersoek. Dit kan ook nie los gesien word van die terreinafbakening van die onderwerp nie. ✓

In hierdie studie word eers 'n probleemstelling gemaak en hieruit sal 'n terreinafbakening en toepaslike ondersoekmodel wat in 3 (p.35, e.v.) behandel word, voortkom. ✓

In 1.1 tot 1.5 is verskillende aspekte rakende aanspreekvorme in die algemeen en Afrikaanse aanspreekvorme in die besonder, asook status en sosiale afstand uitgelig. Hierdie sake word nou opgesom, met opmerkings oor die probleme waarvoor die navorser te staan kom. ✓

1.6.1 Voornaamwoorde en ander vokatiwe teenoor individue sal in Afrikaans bestudeer word om die verband daarvan met status en sosiale afstand uit te lig. ✓

1.6.2 Die verband tussen die status en aanspreekvorme is nou, maar mag nie verabsoluteer word nie.

1.6.3 Veranderde status by die individu en groepe het implikasies vir die aanspreekpatroon in 'n taal. Individuele statusverandering kan altyd binne die patroon teruggebring word, maar aangesien statusverandering by die groep, verandering in sosiale konvensie veronderstel, ✓

veronderstel dit ook 'n verandering in die aanspreekpatroon van 'n taal.

1.6.4 Die keuse van 'n spesifieke aanspreekvorm is afhanklik van 'n stel reëls wat op sy beurt deur sosiale konvensies beperk word. Die ter sake aspekte by die sosiale konvensies wat die reëls rig, word *onderskeidings* genoem.

1.6.5 Die spreker se ouderdom, geslag, sosio-ekonomiese posisie en ander sake mag 'n rol speel by die besondere aanspreekpatroon wat hy gebruik. Watter aspekte het 'n invloed op die aanspreekvorme?

1.6.6 Stylkongruensie is soos by enige reëlpatroon vir 'n besondere stelsel van belang. Wat is die kongruensiemoontlikhede binne 'n bepaalde aanspreeksisteem?

1.6.7 In hierdie ondersoek kan die waarde van die opvattinge van Ervin-Tripp, Brown en Gilman en enkele ander sociolinguiste, waar toepaslik, aan Afrikaans getoets word.

1.7 Probleemstelling

Met hierdie studie word daar beoog om die verband tussen Afrikaanse aanspreekvorme teenoor een persoon en status en statusverwante kwessies, vas te stel. Hieruit vloei voort dat die aanspreekpatroon van 'n afgebakende sprekersgroep aan die hand van wisselende status ondersoek moet word.

Die uiteindelijke doelwit is om 'n model van die gebruik van die Afrikaanse aanspreekpatroon binne die afgebakende ondersoekterrein daar te stel.

H O O F S T U K 2

2. WOORD- EN BEGRIPVERKLARING

In hierdie hoofstuk word enkele woorde en begrippe wat in die studie ter sprake kom, verduidelik.

2.1 Status

Rhodie (1977 : 30) sien status en posisionele rang:

... as 'n sosiale posisie in die breë samelewingsbestel. In die besonder word status vandag as 'n posisionele rang in die samelewing se sosiaal-ekonomiese struktuur gedefinieer.

Vir die doeleindes van die ondersoek is hierdie definisie van status te nou, aangesien dit die klem te veel op rang laat val. Tradisioneel het die begrip *status* veel meer om die lyf : dink aan 'n term soos huwelikstatus. In hierdie studie is posisionele rang op grond van ouderdom, beroepsenioriteit of wat ook al, van wesentlike belang, maar so ook statusaspekte wat nie noodwendig op hoër of laer rang dui nie. Om hierdie rede word by Bierstedt (1957 : 251) se beskouing aangesluit :

... class status, which does have a connotation of rank, is only one kind of status, age status, sex status, kinship status, membership status, and so on - statuses that have nothing to do with rank. First cousin and second cousin, for example, are different associational statuses, but there is no sense in which one is higher than the other.

Of ouderdom en geslag werklik geen rangkonnotasie het nie, is nie nou ter sake nie, want Bierstedt se bedoeling is duidelik, en hierdie benadering word vir die studie in die breë onderskryf.

Status vir die doel van die studie is dus maatskaplike posisie in die breë gesien, of dit met rang te make het al dan nie. Die doel van hierdie studie sluit die vasstelling van verbande tussen aanspreekvorme en posisie of status in (vergelyk 1.7, p. 12).

2.1.1 Sosiale rol

Wisselende status hang ten nouste saam met die begrip sosiale rol. Volgens Rhoodie (1977 : 32) is 'n rol

... die sosiale gedragspatroon wat van die bekleër van 'n status verwag word. Elke statusposisie kan dus in terme van 'n rol of rolle uitgedruk word.

Wisselende status hang dus af van die besondere rol wat op 'n gegewe oomblik ter sake is. 'n Persoon kan byvoorbeeld die volgende statusse hê : medikus, vroulik, 30 jaar oud, getroud, moeder van vier, swart, ens.

In 'n gegewe situasie gee sy vir haar kinders kos. In hierdie situasie is haar ouderdom of beroep nie ter sake nie. In nog 'n situasie behandel sy 'n Blanke seun wat in 'n ongeluk beseer is. In hierdie situasie is haar ouderdom of moederskap nie ter sake nie. Haar velkleur sal ook nie ter sake wees nie, tensy die pasiënt of omstanders daarteen eksepsie neem. (Meer oor situasie in 2.4.2, p.24 en 3.6, p.47).

Verworwe en oorgeërfde statusrolle (vergelyk Rhoodie, 1977 : 33) word in hierdie studie oor dieselfde kam geskeer.

2.1.2 Emosionele en funksionele interaksie

Hierdie kwessie kan kortliks aan die hand van 'n voorbeeld toegelig word. Bestaan dieselfde statusverhouding nog steeds tussen 'n klerk en sy hoof as laasgenoemde geld by die klerk leen? Kom hierdie nuwe verhouding ook in die aanspreekvorme tot vergestaltung?

2.1.3 Sosiale afstand

'n Volgende saak wat nou verwant aan status is, is *sosiale afstand*. Hierdie begrip word deur sosioloë en taalkundiges onder die loep geneem. Hiermee word die sosiale afstand wat tussen lede van 'n groep bestaan, bedoel. Tussen tweelingbroers sal die sosiale afstand baie klein wees, so ook tussen man en vrou, boesemvriende, ens. Tussen 'n Swart tuinwerker en 'n Blanke ingenieur sal hierdie afstand baie groter wees, net soos in die geval van twee persone wat heeltemal onbekend aan mekaar is. Die afstand is dus die kleinste tussen persone wat goed bekend is en word groter namate bekendheid afneem (Prinsloo, 1972 :

32, e.v.). Hoewel hierdie kwessie van status verskil, sal dit vir die doeleindes van die studie by die begrip *status* ingesluit word.

2.1.4 Situasie en plasing

Die situasie (vergelyk Hymes, 1974 : 55 en Ervin-Tripp, 1970 : 193) waarin sprekers hulle bevind, kan nie los gesien word van status nie. Tydens 'n formele vergadering mag dit gebeur dat selfs goeie vriende van mekaar se status kennis moet neem : hulle spreek mekaar normaalweg op die voornaam aan en nou word hulle *agbare lede* of wat die situasie ook al vereis. Plek, geleentheid en atmosfeer is almal eie aan *situasie*. (Meer oor hierdie onderwerp in 3.6.3, p. 47). Die situasie sal in 'n hoë mate bepaal watter van 'n persoon se sosiale rolle geaktiveer word.

2.1.5 Onderwerp

As twee persone met mekaar oor 'n lughartige onderwerp praat en saam daaroor lag, is die sosiale afstand en dus ook die statusverskille tussen hulle kleiner. 'n Formele onderwerp mag op sy beurt weer die statusverskille vergroot.

Hierdie saak is nou verwant aan die vorige, maar tog duidelik onderskeibaar (Ervin-Tripp, 1973 : 241).

2.1.6 Ander statusverwante sake

Klasseverskille is natuurlik 'n belangrike bepaler van status en sosiale afstand. Dit word deur Rhodie (1977 : 98) soos volg gedefinieer :

Klas is 'n vorm van groepdifferensiasie wat in alle lande en in alle samelewings gevind word. In sy wydste betekenis dui dit op die hiërargiese stratifisering van bepaalde sosiaal-gedifferensieerde groepe in 'n sameleving met faktore soos mag, inkomste, beroep, lewenstyl en prestige die hoofdeterminante van die wyse waarop hierdie groepe in statusposisies gerangskik word.

Soos Labov en andere na en voor hom aangetoon het, word hierdie ooreenstemming in hoofdeterminante, norme en algemene lewenswyse ook in die taal weerspieël (Labov, 1972 : 199, e.v.).

In 6.7 (p.137) word van *sosiale groepe* eerder as *klas* gepraat en hieronder moet dieselfde as *klas* verstaan word. *Ras en somatiese kenmerke* is reeds in die verbygaan genoem, maar dit word herhaal weens die besondere belang daarvan in die breë Suid-Afrikaanse opset.

Minderhede, wat nie noodwendig getalsgewys in die minderheid hoef te wees nie (Rhodie, 1977 : 48) is ook 'n belangrike bepaler van 'n besondere individu se status.

Ouderdom, beroep en ander statusverwante kwessies word in 3.6 (p. 43) uit 'n ander hoek belig.

2.2 Veranderlikes

Elkeen van die statusbepalers wat in 2.1 (p.12, e.v.) bespreek is word in 3.6 (p.42, e.v.) van nader bekyk met die oog op die insluiting daarvan as veranderlikes by die bepaling van aanspreekvormgebruik.

2.3 Sosiolinguistiek

Een enkele term kan nie die groot verbreiding en uiteenlopende beskouings in verband met die sosiolinguistiek vergestalt nie. Talle skrywers het op verskillende beginsels al 'n indeling van die moontlike benaderingswyses van die sosiolinguistiek gemaak. Drie indelings word vervolgens toegelig.

2.3.1 Fishman

Fishman (1972 : 3, e.v.) onderskei tussen taalsosiologie en sosiolinguistiek. Hy verwerp laasgenoemde omdat dit volgens hom nie die sosiologiese aspek tot sy reg laat kom nie, en omdat dit nog steeds linguistiek in die tradisionele sin wil wees. Dit is dus 'n uitvloeisel van die mikrolinguistiek waarin 'n totale taalbeskouing nie tot reg kan kom nie.

Die taalsosiologie word deur Fishman in twee studielevelde verdeel :

2.3.1.1 Beskrywende taalsosiologie

Hierdie veld soek die antwoord op die vraag : wie praat watter taal, in watter stylregisters, met wie en hoekom?

2.3.1.2 Dinamiese taalsosiologie

In hierdie studieleveld word na die grondliggende redes vir taalverandering en sosiale taalorganisasie gesoek.

2.3.2 Dittmar

Dittmar (1976 : 103) verdeel die sosiolinguistiek ook in twee benaderingswyses wat elk 'n eie metode en teoretiese raamwerk het.

2.3.2.1 Gebreks hipotese (*Deficit hypotheses*)

Volgens hierdie hipotese, met Bernstein as belangrikste eksponent, sal die spraakgedrag van die laer klasse sekere gebreke of tekortkominge hê as dit met die spraakgedrag van hoër klasse vergelyk word. Gevolglik sal die laer klasse oor 'n mindere of beperkter taalvermoë as die hoër klasse beskik. Hierdie hipotese word verwerp op grond van sy metodologie wat eerder voorskrywend as beskrywend is en op grond daarvan dat dit eerder taalpolitiek as taalwetenskap sou wees.

2.3.2.2 Die veranderlikheidskonsep (*Variability concept*)

Volgens hierdie hipotese of beskouing is daar sekere sosiaalgedetermineerde veranderlikes of taalvariëteite. Dit is volgens Dittmar die beskrywende metode wat deur Labov, Wolfram en ander ondersoekers nagevolg word.

Kenmerkend van hierdie beskouing, aldus Dittmar (a.w. : 104) is die volgende aannames :

enige betekenis wat relevant vir die onderlinge begrip tussen mense is, kan deur enige taal uitgedruk word.

sosiaalbepaalde verskille is nie-kognitief, tensy die teenoorgestelde bewys kan word.

taalvariasie het te make met die tipe en graad van strukturele en funksionele inwerking asook die sosiale verband en interaksie tussen twee gegewe taalsisteme.

2.3.3 Hymes

Hymes (1974 : 195, e.v.) stel dat die sosiolinguistiek uit drie verskillende hoeke benader kan word.

2.3.3.1 Die sosiale asook die linguistiese

Hierdie benaderingswyse kom in die breë ooreen met die eerste indeling van Fishman. Dit hou volgens Hymes geen probleem in vir wat hy die *normale* linguistiek noem nie. Dit moet bloot as 'n verlengstuk daarvan gesien word ter bestudering van sekere sosiale verskynsels waarby taal betrokke is. Daar is enkele aspekte wat dui op 'n ooreenkoms tussen hierdie benaderingswyse en die gebrekshipotese soos dit deur Dittmar verduidelik word.

2.3.3.2 Die sosiaalverantwoorde linguistiek (*Socially realistic linguistics*)

Hierdie benaderingswyse kom ooreen met die tweede indeling van Dittmar en dit hou volgens Hymes 'n uitdaging in vir die *normale* linguistiek (a.w. : 196).

Net soos die *normale* linguistiek soek dit na reëls onderliggend aan die taalsisteem, maar die metodologie verskil radikaal van die *normale* linguistiek, aangesien alles sosiaal verantwoord word.

2.3.3.3 Sosiaalgevormde sosiolinguistiek (*Socially constituted linguistics*)

Hiervolgens word taal deur die sosiale funksie gevorm en gerig. Die korrekte benadering volgens Hymes (a.w. : 196)

... must begin by identifying social functions, and discover ways in which linguistic features are selected and grouped together to serve them.

Volgens Hymes (t.a.p.) kan 'n taalteorie in teenstelling met 'n *theory of grammar*, soos deur die *normale* linguistiek beskryf word, slegs verkry word indien die sosiologiese funksie as basis vir 'n taalbeskouing gebruik word.

2.3.4 'n Funksionele beskouing


Die derde benaderingswyse van Hymes is waarskynlik nader aan die kern van 'n volledige taalteorie, en dus ook 'n korrekte benadering van die sosiolinguistiek, maar dit kan nog nie, soos Hymes wil beweer, 'n volledige taalteorie wees nie. 'n Volledige taalteorie kan slegs gekry word as die benaderingswyse alle taalfunksies betrek. Hymes wil een daarvan betrek en dit verabsoluteer. Hy begaan dus in wese dieselfde soort fout as die *normale* linguistiek waarteenoor hy so krities staan.

Omdat die mens 'n sosiale wese is, sal hierdie sosiale gebondenheid in sy taal vergestalt word : met behulp van sy taal vergestalt die individu sy omwêreld en deel dit aan ander mee. Sy manier van vergestaltung van sy omwêreld en sy psige sal dus in 'n baie groot mate afhang van die maatskappy, ruimte en tyd waarin hy hom bevind. Al hierdie kategorieë sal in sy taalgebruik tot uitdrukking kom. Die produk van hierdie beskouing is nie net dieselfde as die van Hymes nie, maar ook dieselfde as die van De Saussure(1966), of watter taalkundige ook al; almal bestudeer taal. Almal wil voorgee dat hulle taal in sy volledigheid bestudeer, en tog is soveel slegs besig om 'n enkele aspek van taal te verabsoluteer. Die natuurlike eienskappe van taal word dus hiermee ontken. (Vergelyk 7.6, p.201, e.v.).

Taal is die maaksel van 'n sosiale wese en is daarom uiteindelik die produk van verskeie geslagte sosiale wesens. Omdat hy 'n skepsel is, is hy gebonde aan die skepping en dus ook ruimte en tyd. Daarom is sy produkte, ook sy taal, gebonde aan ruimte en tyd.

F.J. Labuschagne (1972 : 58) en H. Venter (mondelinge mededeling) is dieselfde mening toegedaan.

Skematies kan 'n volledige benadering só daaruit sien :



Hierdie diagram stel nie 'n hiërargiese opbou voor nie, eerder fasette van dieselfde saak, naamlik *taal*.

Al die gebondenhede van taal is in gedurige wisselwerking met mekaar en bestaan in hulle interafhanklikheid. Elke individu herskep sy taal vir homself, maar hy word in die proses beïnvloed deur al die ander gebondenhede. Hy is byvoorbeeld afhanklik van die tyd, plek en gemeenskap waarin hy hom bevind en moet, omdat taal klanklik bestaan, 'n klankvorm daaraan gee.

In die struktuur van elke uiting sal al die gebondenhede afleesbaar wees : wanneer, waar, van watter gemeenskap en wie die uiting voortbring.

Fishman (1972 : 4) stel die afleesbaarheid van die sosiale gebondenheid so:

It (language) is not merely a carrier of content, whether latent or manifest. Language itself is content, a referent for loyalties and animosities, an indicator of social statuses and personal relationships, a marker of situations and topics as well as of societal goals and the large-scale value-laden arenas of interaction that typify every speech community.

Al die ander gebondenhede, tyd, ruimte en individuele gebondenhede is ewe goed afleesbaar as die sosiale as daar na die gesproke medium gekyk word.

In hierdie studie gaan dit oor die sosiale aspek en dus die sosiale gebondenheid van taal soos dit in die struktuur van 'n gegewe groep tot uiting kom. Om hierdie gebondenheid, wat die kern van die sosio-linguistiek is, te wil verabsoluteer ten koste van die ander gebondenhede, sou egter net so verkeerd wees as verabsolutering van die strukturele gebondenheid.

Aan die ander kant is die taalkundige verplig om die wisselwerking wat tussen taal en maatskappy, taalitem en sosiale konvensie bestaan te ondersoek. Doen hy dit nie sal sy werk gebrekkig wees. Hoe kan 'n taalverandering ondersoek word as daar nie kennis geneem word van die faktore wat 'n sodanige verandering teweegbring nie. Hoe kan 'n verklaring gegee word van die feit dat 'n nuwe Afrikaanse Bybelvertaling 'n teks soos die volgende met *U* vertaal : *As U wil kan U my gesondmaak* (Mark. 1:40); in die oorspronklike weergawe is daar immers nie 'n ekwivalent vir *U* nie, *hy* was die enigste vorm wat teenoor 'n individu gebruik is.

Die vertaler, die tolk, die struktuurkenner, die taalhistorikus, elke taalbelangstellende is van insigte soos dié uit die voorgaande voorbeeld afhanklik. Hierdie soort insigte kan slegs uit die sosiolinguietiek gegee word.

In die verlede het taalkundiges te dikwels die sosiale aspek van die taalwetenskap aan hulle intuïsie toevertrou. Die waarde van die sosiolinguistiek lê dus nie bloot in die sosiale aspek van taal nie, maar eerder in die funksie wat dit het om die volheid van taalstudie te verseker.

Gumperz (1972 : 25) druk die noodsaaklikheid van sistematiese sosiolinguistiese studie duidelik uit as hy sê:

It is not enough as some behaviourally oriented students of natural speech suggest, simply to observe performances. The investigator must find ways of testing the speakers' ability to vary their performances. Hence his success depends on his knowledge of sociolinguistic rules.

2.4 Spraakkomponente

By die ontleding van spraakuitings om 'n spesifieke gebruik vas te stel, is dit nodig om kennis te neem van die werk wat reeds in verband met sogenaamde diskoersanalise gedoen is. Elke spraakhandeling bestaan volgens Hymes (1974 : 52, e.v.) uit sestiën verskillende komponente. Ervin-Tripp (1973 : 240, e.v.) maak in haar analise 'n soortgelyke maar eenvoudiger indeling.

All speech in verbal interaction (face-to-face communication) takes place in a physical environment, is situated in a particular speech context and is concerned with a particular topic, circumstances (intentions, attitudes) and on social features of those taking part in the conversation (position in the production process, roles).

Dittmar (1976 : 165) gee hiermee die basiese faktore wat deur Ervin-Tripp en ook Hymes as relevant vir 'n komponentanalise beskou word, weer.

In hierdie studie word grootliks van Hymes se analise met aanvullings uit Ervin-Tripp, gebruik gemaak. Verder word enkele aanpassings aan beide stelsels gemaak omdat nie alles vir hierdie studie relevant is nie en ook omdat sekere sake vir hierdie studie verder uitgebrei moes word.

Met die oog op die belangrike rol wat status en statusverwante verskynsels in hierdie studie speel, word daardie komponente wat enige waarde vir hierdie aspek het, deeglik onder die loep geneem en verder uitgebrei. Sommige van hierdie sake is 'n herhaling van wat in 2.1 (p.13) genoem is, maar dit word hier uit 'n ander hoek benader.

Die werkwyse wat met behulp van die komponente gevolg is, word in die volgende hoofstuk (3.6, p.42) gegee.

2.4.1 Deelnemers (Vergelyk Hymes, a.w. : 56, e.v. en Ervin-Tripp, a.w. : 240, e.v.)

Elke uiting wat vir hierdie ondersoek aangeteken is, is geanaliseer ten opsigte van die deelnemers aan die gesprek.

2.4.1.1 Spreker

Die volgende sake rakende die spreker is in aanmerking geneem : geslag, ouderdom, taal, beroep, huwelikstaat, ras, gesondheid, bekendheid met die aangesprokene, gesag en emosie.

2.4.1.2 Aangesprokene

Ten opsigte van die aangesprokene is dieselfde sake met uitsluiting van emosie in aanmerking geneem.

2.4.1.3 Toeskouers

Ten opsigte van die toeskouers word daar op sake wat die interaksie tussen die spreker en aangesprokene kan beïnvloed gelet.

2.4.1.4 Toespreker

Hierdie begrip is van Hymes en is ter sake wanneer een persoon by monde van 'n ander praat, byvoorbeeld 'n tolk in 'n hof.

2.4.2 Situasie (Vergelyk Hymes, a.w. : 55, e.v. en Ervin-Tripp, a.w. : 240, e.v.)

Hier word na aanleiding van die genoemde skrywer die volgende indelings raadsaam geag.

2.4.2.1 Plek

Waar vind die gesprek plaas? Die plek kan beslis 'n invloed op die uiting hê. Dink maar aan die taalgebruik van 'n man in sy eie huis en dieselfde persoon teenoor dieselfde aangesprokene in 'n skoolgebou.

2.4.2.2 Toneel

Dit is die begrip wat deur Hymes *scene* genoem word. Die plek mag dieselfde wees, maar die atmosfeer kan verskil. Die deelnemers mag miskien emosioneel ontwrig wees as gevolg van die dood van 'n vriend.

2.4.2.3 Geleentheid

Hierdie onderskeid is nodig geag, hoewel dit nou ooreenkom met Hymes se *scene*. Dit kom ook ooreen met Ervin-Tripp se *situation*, wat sy van *locale* onderskei en wat vir haar gesamentlik die *setting* of plasing vorm. Onder *geleentheid* word sulke sake soos vergaderings, ontmoetings, afsprake ens. verstaan.

2.4.2.4 Gepastheid

Volgens Hymes is 'n situasie gepas as die plasing en die toneel kongruent is. In hierdie studie word 'n situasie as gepas beskou as al drie die voorgaande kongruent is.

2.4.3 Gesprekskenmerke (Vergelyk Hymes, a.w. : 57, e.v. en Ervin-Tripp, a.w. : 244, e.v.)

Hier word grootliks van die beskouing van Ervin-Tripp afgewyk en word van 'n vereenvoudigde benadering, wat veral kenmerke van Hymes se ontleding insluit, gebruikgemaak.

Aangesien dit in hierdie studie oor mondelinge, aangesig-tot-aangesig gesprekke handel, is die *kanaal* wat gebruik word nie soseer ter sake nie.

2.4.3.1 Toonaard

Onder toonaard word dieselfde as wat Hymes *key* noem, verstaan.

Is die toonaard van die gesprek speels of ernstig? Elke toonaard kan 'n anderse uiting tot gevolg hê.

2.4.3.2 Genre

Hieronder plaas Hymes die verskillende kategorieë soos legende, gedig, gebed ens. Daar is 'n direkte verband tussen die *genre*, die *toonaard*, die *atmosfeer* en die *emosie* van die deelnemers.

Geen Afrikaanssprekende sal byvoorbeeld 'n advertensie soos :
Ons hou u toekoms in ons hand letterlik vertolk nie. Die uiting sal ook verskil van 'n soortgelyke uiting wat in 'n gebed sou voorkom.

2.4.3.3 Styl (Ervin-Tripp, a.w. : 245, e.v.)

Hierdie komponent is 'n aanpassing van wat Ervin-Tripp in haar analise in die aangehaalde werk gee. Die styl van 'n uiting moet in 'n hoë mate gesien word as 'n samespel van al die ander komponente, maar enkele breë onderskeidings soos wat Ervin-Tripp dit maak is tog nuttig in die analise van uitings.

Styl, volgens Ervin-Tripp (a.w. : 323)

... is the term normally used to refer to the co-occurrent changes at various levels of linguistic structure within one language.

2.4.3.4 Taalvoorkeur

Aangesien soveel uitings in 'n ander taal as Afrikaans gemaak word, hoewel die spreker tog Afrikaans kan wees, is hierdie komponent nodig geag. Hierdie kwessie is natuurlik nie van onmiddellike waarde by 'n ondersoek na aanspreekvorme nie, maar dit is tog nou verwant daaraan : in watter taal word wie aangespreek en deur wie?

2.4.4 Onderwerp (Hymes, a.w. : 55 en Ervin-Tripp, 1973 : 241, e.v.)

Die kognitiewe inhoud van die gesprek is hier ter sprake. Dit mag 'n invloed hê op die spesifieke aanspreekvorme wat gebruik word, of dit mag 'n statusverandering en gevolglike aanspreekvormverandering by een of al die deelnemers tot gevolg hê. Waar die inhoud van die gesprek relevant vir die studie is, moet daar natuurlik kennis van geneem word.

2.4.5 Interaksiefunksies (Ervin-Tripp, a.w. : 242, e.v.)

Hierdie saak is net soos *styl* verweef met al die ander komponente, maar dit kan net soos styl nuttig vir die ontleding van uitings wees. Dit word deur Ervin-Tripp (t.a.p.) as die funksie in die gesprek gesien, met ander woorde, die doel waarvoor die gesprek aangegaan is. Aanspreekvorme kom in alle interaksiefunksies voor, maar dit is miskien moontlik om 'n hoër voorkoms in party funksies en 'n laer voorkoms in ander funksies vas te stel.

2.4.6 Die belang van 'n gespreksanalise by 'n deskriptiewe ondersoek

Die wyse waarop hierdie komponente gebruik is, by die ontleding van uitings, word volledig in hoofstuk 3 (3.6, p.42) behandel.

Indien 'n mens 'n ondersoek na die aanspreekvorme onderneem, is 'n deeglike analise van die verskillende spraakkomponente noodsaaklik. Die toonaard van die gesprek mag byvoorbeeld vereis dat 'n persoon wat andersins met *jy* aangespreek word, nou met *u* aangespreek moet word. Dieselfde kan van al die gesprekskomponente gesê word. Nie alle komponente soos Hymes dit byvoorbeeld onderskei, is natuurlik relevant nie, en daarom word in hierdie ondersoek met die voorgaande vereenvoudigde benadering volstaan. Uiteindelik sal ook hierdie benadering veels te ingewikkeld blyk (6.1, p.119).

2.5 Waarnemersparadoks

In enige sosiolinguistiese ondersoek stuit die ondersoeker op die sogenaamde *waarnemersparadoks* (*observer's paradox*: Labov, 1972b : 209).

Hierdie probleem word deur Labov in die aangehaalde werk en elders (byvoorbeeld Labov, 1972 : 181) uitgelig. Hy was nie die eerste wat hierdie saak onder die soeklik geplaas het nie; dit is 'n bekende probleem in sosiologiese ondersoeke (Cilliers, 1967 : 84).

Dit word deur Labov só beskryf:

... the aim of linguistic research in the community must be to find out how people talk when they are not being systematically observed; yet we can only obtain these data by systematic observation.

(Labov, 1972b : 209).

Hierdie probleem dra besondere gewig by 'n ondersoek soos hierdie, aangesien mense neig om streng volgens hulle opvatting van die norm te praat wanneer hulle van die waarnemer bewus is.

Hoe hierdie kwessie die hoof gebied is, word in 4.3 (p.57, e.v.) belig.

2.6 Norm en gebruik

Volgens Pinchuck (1974 : 17) is die norm die standaardvorm *... said to be observed by the speech community*. Hierdie norm is die *social linguistic image*. Dit is egter nie die taalsisteem nie, maar dit is *always correct* omdat dit so deur die taalgemeenskap aanvaar word. Dit is die standaard vir korrekte taalgebruik, hoewel dit nie noodwendig met die werklike gebruik ooreen te stem nie. Dit is die vorm

... the speech community consider to be their conventions of language use, and what is prescribed in the schools, recorded in the official grammar books and dictionaries. (Pinchuck, 1974, t.a.p.).

Aangesien die norm die idiële vorm is, mag dit ooreenkom met die prestigevorm, dit wil sê daardie vorm wat deur die toonaangewendes in die gemeenskap gebruik word. Combrink is blykbaar volgens 'n aflewering van die radioprogram *Hoe praat die boere* ook hierdie mening toegedaan. Boshoff (1956 : 33) noem hierdie prestigevorm die *aristokratiese standaard*.

2.7 Ewekansige steekproewe (Random sampling)

Volgens Herdan (1962 : 24) het Kendall en Babington Smith ewekansige steekproewe gedefinieer as

... a method of sampling for a specified characteristic such that the method is independent of the characteristic itself. They add: 'There is no such thing as a random method of selection per se considered apart from the universe whose members are being selected ... Within the same universe, a method which is random in respect of one characteristic is not necessarily random in respect of another.'

Om ewekansigheid in 'n studie soos hierdie te verseker behoort hiervolgens dus geredelik moontlik te wees. Daar moet egter nie 'n bewuste uitsoek van sekere uitings ten koste van ander plaasvind nie en daar moet verseker word dat daar geen direkte verband tussen die metode wat gevolg word en die saak wat ondersoek word bestaan nie. Dit was egter geen maklike taak om die laaste aspek tot sy reg te laat kom nie. (Vergelyk 3.3, p. 37).

2.8 Aanspreekvorme

By 'n studie van aanspreekvorme is dit natuurlik noodsaaklik om 'n definisie daarvoor te bepaal. Vir die doel van hierdie studie word van die funksionele omskrywing wat Ponelis (1979 : 35) daarvoor gee gebruik gemaak :

Vokatiewe het twee hoof funksies :

- (i) om die aandag van die aangesprokene te kry ...*
- (ii) om die verhouding tussen die gespreksgenote te struktureer.*

Alle middele wat hierdie twee funksies uitdruk, word as aanspreekvorme by hierdie studie betrek. Ponelis hanteer slegs naamwoorde wat nie-referensieel gebruik word (a.w. : 19).

Die sogenaamde *casus oblique* wat so dikwels in Afrikaans voorkom, sal die R-vorm genoem word, byvoorbeeld *Kan ek Oom help*. Hierdie term

is nodig geag omdat daar andersins telkens 'n omskrywing nodig sou wees wanneer dit ter sprake kom. (Vergelyk ook 7.1.2.3, p.181).

Die definisie, soos dit hierbo geges is, maak dit ook moontlik om nie-naamwoordelike middele, wat dieselfde funksies het, te ondersoek.

'n Woord soos *haai* sal op grond van die uiteensetting by hierdie studie betrek word. Woorde soos *haai* het natuurlik nie in alle opsigte dieselfde paradigma as die *outentieke* aanspreekvorme nie, maar die ooreenkoms in funksie is onteenseglik:

Haai, kom hier!

Jan, kom hier!

Meneer, kom hier!

Meneer, sien jy hom nie?

Haai, sien jy hom nie?

In die gegewe gevalle het *haai* en die *naamwoorde* dieselfde funksie, naamlik om die aangesprokene se aandag te kry. Die verhouding tussen die gespreksgenote word ook vergestalt : 'n mens sal ewe min 'n persoon wat 'n formele lesing gee se aandag trek deur *haai*, as deur sy voornaam uit te roep. Hierteenoor sal *haai* in 'n situasie waar die verhouding anders is, wel gebruik kan word.

Haai kan glad nie soos die *outentieke* vokatiwe in 'n ander deel van die uiting as die aanvang gebruik word nie. Om hierdie rede en die feit dat *haai* geen naamwoord is nie, kan *haai* nie as 'n *outentieke* aanspreekvorm beskou word nie.

Kom hier, meneer!

* *Kom hier, haai!*

Sien meneer die kar?

* *Sien haai, die kar?*

Sulke middele mag terloops in hierdie studie onder die soeklig kom, maar nie ten koste van die *outentieke* aanspreekvorme nie (7.1.1.9.2, p.178).

In hierdie stadium van die studie is dit nie moontlik om 'n lys van aanspreekvorme of 'n indeling van aanspreekvorme te gee nie (7.1, p.164, e.v.).

2.8.1 Die vergestaltung van die verhouding (status, sosiale afstand) tussen spreker en aangesprokene met middele wat nie aan die definisie van aanspreekvorme voldoen nie

Die verhouding tussen spreker en aangesprokene word nie net deur die outentieke en pseudo-aanspreekvorme vergestalt nie, maar ook deur middele wat nie bedoel is om die aandag van die aangesprokene te kry nie. Hierdie middele is per definisie nie deel van hierdie studie nie. Ter opheldering word daar egter op enkele sodanige middele gewys.

2.8.1.1 Nie-linguistiese tekens

Hiervan is daar heelwat voorbeelde. Brown en Gilman (1970 : 267) wys byvoorbeeld op die Amerikaanse gebruik dat 'n ondergeskikte sy mindere status kan uitdruk deur sy kop te krap.

Meerderwaardigheid in 'n gespreksituasie kan byvoorbeeld uitgedruk word deur die een voet op 'n tafel of stoel te plaas of te bly sit terwyl 'n ander persoon staan.

Begroeting met die hand, 'n kopknik of kus kan eweneens die verhouding tussen gespreksgenote uitdruk.

2.8.1.2 Intonasie

Deur van 'n spesifieke stembuiging gebruik te maak, kan afkeer, toegeneëntheid, onderdanigheid, of watter ander verhouding ook al, uitgedruk word.

Let byvoorbeeld op die aksentplasing in die volgende sinne:

- | | | |
|-----|----------------------------------|--------------------------|
| (a) | <i>Kom gou hiernatoe!</i> | - <i>afhanklik.</i> |
| (b) | <i>Kom gou hiernatoe!</i> | - <i>meerderwaardig.</i> |
| (c) | <i>Kan jy my asseblief help!</i> | - <i>afhanklik.</i> |
| (d) | <i>Kan jy my asseblief help!</i> | - <i>meerderwaardig.</i> |

Die voorgaande is 'n vereenvoudiging van 'n baie ingewikkelde kwessie wat 'n onafhanklike studie verdien. Hier is slegs op kragaksent gelet en glad nie stygende tonasie daarby betrek nie.

2.8.1.3 Pouses

Deur pouses saam met intonasie te gebruik kan soortgelyke verskille in verhouding uitgedruk word.

(e) Is // dit *myne*? - *afhanklik*.

(f) Is dit // *myne*? - *meerderwaardig*.

2.8.1.4 Bywoorde

Die gebruik van sekere bywoorde wat beleefdheid of onbeleefdheid uitdruk, kan ook die verhouding tussen sprekers vergestalt.

(g) Kom 'n bietjie *hier*.

(h) Kom vervlaks *hier*.

2.8.1.5 Plasing van stukke in die uiting

Hieroor is daar reeds in hoofstuk 1 (1.1, p.2) gehandel.

2.8.1.6 Die belang van hierdie sake vir die onderhawige ondersoek

'n Persoon mag 'n sekere aanspreekvorm gebruik wat onderdanigheid uitdruk, maar dit nogtans op so 'n manier sê dat die teenoorgestelde effek verkry word. Die volgende gesprek is tydens die ondersoek aangeteken en dit illustreer hierdie saak.

(i) Blanke klant: *Wie vat die geld?*

Swart kassier: *Betaal hier, meneer.*

Blanke klant: *Moet ek by jou (klem) betaal?*

Swart kassier: *Ja (pouse) baas (klem).*

Aangesien hierdie gebruik nie direk by die studie hoort nie, word die gegewens hierbo net gebruik om

- nie-relevante data uit te skakel, en
- die ondersoek so te rig dat die ondersoek so na aan eenvlakkig as moontlik sal wees.

2.8.2 Enkele opmerkings oor die geskiedenis van ons aanspreekvorme

Vir die ondersoeker is dit noodsaaklik om kennis te neem van die herkoms en ontwikkeling van die aanspreekvorme. Eerstens kan parallelle ontwikkeling wat tans mag plaasvind vasgestel word en tweedens skerp sodanige kennis hom op vir vorme en gebruike wat hy andersins nie sou waarneem nie.

Verskeie skrywers byvoorbeeld Scholtz (1963 : 68, e.v.) en Van Loey (1964 : 115, e.v.) het hierdie saak reeds deeglik ondersoek en daarom word slegs enkele ter sake opmerkings, wat nie so duidelik uit die genoemde bronne blyk nie, gemaak.

2.8.2.1 Enkele selfstandige naamwoorde

Baas:

Hierdie woord word tot vandag in Nederland gebruik om die eienaar van 'n boerdery aan te spreek (eie waarneming). Hoewel Scholtz (1963 : 153) op die gebruik daarvan by alle Hottentotte wys en Nienaber (1949 : 64) daarop wys dat dit ook die gebruik in Batavië was, kon hierdie gebruik uit Nederland afkomstig wees en het dit hier en elders net in gebruik uitgebrei. Dit is teweens ook die geval met *boss* in ou kolonies van Brittanje.

Man:

Hierdie woord dien as aanspreekvorm in verskeie Germaanse tale. In Duits kom dit nie so voor nie, hoewel dit die vorm is wat met die Afrikaanse *'n mens* korreleer : *man darf nicht hier rauchen*.

Jong:

Hierdie woord word in Nederlands teenoor kinders gebruik, maar ook teenoor vriende in 'n informele gesprek : *Jongens, was dat leuk*.

Herhaling van die eerste aanspreekvorm : (Die R-vorm, verwys 2.8 (p.28))

Van Loey (1964 : 115) toon aan dat die gebruik om die aanspreekvorm te herhaal (die *casus oblique*) as beleefdheidsvorm, vroeër algemeen in Nederlands in gebruik was. Die gebruik moet daarom nie as 'n Afrikaanse innovasie gesien word nie. Ook Scholtz (1963 : 68) wys op die Nederlandse herkoms van hierdie vorm. Uit eie terloopse waarneming onder

immigrante in Vanderbijlpark (Oostenrykers, Duitsers en Britte) word vermoed dat dit ook, hoewel sporadies, onder ander Europese tale voorkom. Almal wat na die gebruik gevra is, beskou dit as ouderwets. Volgens 'n Oostenrykse informant van agt en veertigjarige ouderdom, het hy, net soos ander persone uit sy herkomsgebied in Linz, sy ouers met 'n herhaling van die aanspreekvorm vir *vader* en *moeder* aangespreek.

Oom:

Ook die gebruik van *oom* teenoor onbekendes, is terugvoerbaar na Nederland. Dit mag dus nie gesien word as vorm wat vanweë die noue familiebande onder Suid-Afrikaners ontstaan het nie, hoewel dit miskien tot die verbreidheid en vestiging van die vorm kon lei. (Scholtz, 1963 : 70).

Ou:

Ou as adjektief by name sonder dat dit werklike ouderdom bedoel, 'n gebruik wat wel in Nederland bestaan het, is waarskynlik van Suid-Afrikaanse oorsprong. (Vergelyk die opmerking van Van der Merwe (1975 : 219) waarin hy daarop wys dat Ou Lewies in *Louis Tichardt se Dagboek* 'n dertigjarige *oue* is.

Jy en U

Oor die herkoms en gebruik van *jy* handel Scholtz (1963 : 79) en Van Loey (1964 : 137, e.v.) besonder breedvoerig. Dit is opmerklik dat *jy* eintlik die ouer beleefdheidsvorm is, wat *du* verdring het.

Ook aan die gebruik van *u* gee die skrywers baie ruimte. Scholtz wys daarop dat *u* eintlik minder bekend in Afrikaans is en selfs vandag *iets vreemds* is (Scholtz, 1963 : 65).

Julle:

Julle word deur Scholtz (1963 : 83) deeglik behandel en behoef geen verdere betoog nie. Ponelis (1979 : 67) wys daarop dat *julle* as 'n gemeensame dog beleefde aanspreekvorm gebruik word. Op hierdie kwessie word in 'n volgende hoofstuk ingegaan (7.1.2.4, p.182).

Die vorm *jul* is volgens prof. H. Venter (mondelinge mededeling) deur die Bybelvertalers ingevoer en word nie in informele gesprekke aangetref nie.

Die gebruik van *hy* en *sy* as aanspreekvorme (Scholtz, 1963 : 70) waarvan net enkele voorbeelde in Vanderbijlpark gevind is (7.1.2.4, p.182), is volgens Combrink (in die radioprogram *Hoe praat die boere*) nog springlewendig in sekere dele van die land. Hierdie gebruik, aldus Combrink, moet na Duits teruggevoer word.

Aanspreekvorme vir Swartmense soos *jong* en *outa* blyk volgens Boshoff (1921 : 239) van Nederlandse oorsprong te wees.

HOOFSTUK 3

TERREINAFBAKENING EN METODE

Hierdie twee sake is medebepalend. 'n Onderzoek na aanspreekvorme dwars= deur die land sal 'n ander metode vereis as 'n soortgelyke ondersoek onder studente aan byvoorbeeld die P.U. vir CHD. Die metode beperk die terrein. Indien daar net van vraelyste gebruik gemaak word, sal dit moontlik wees om eenvlakkige normatiewe gegewens van 'n baie groter terrein te verkry as wanneer byvoorbeeld net van persoonlike waarneming gebruik gemaak word. Dit kan meervlakkige gegewens van 'n baie kleiner onderzoekveld moontlik maak.

3.1 Vraelyste

Odendal (1976 : 105) maak in sy ondersoek veral van vraelyste gebruik, maar vul dit met persoonlike waarneming aan. Ongelukkig gee hy geen sistematiese uiteensetting van sy metode nie, iets wat vir die omvang van die artikel natuurlik nie noodsaaklik is nie. 'n Waardering van die geldigheid van sy ondersoek word hierdeur eintlik onmoontlik gemaak. 'n Vergelyking van sy resultate met 'n soortgelyke ondersoek sal lig hierop kan werp.

Vraelyste en ander direkte vrae na die gebruik van die aanspreekvorme hou dieselfde probleem in as wat enige houdingsonderzoek inhou: persone is geneig om te antwoord soos wat hulle dink hulle veronderstel is om te antwoord, stel Prinsloo (1972 : 37) dit tereg. Op grond hiervan en die betoog in hoofstuk 2 (2.6, p.27) oor die norm, behoort dit duidelik te wees dat 'n mens met behulp van vraelyste net 'n aanduiding van die norm sal kry. 'n Groot aantal vraelyste sal natuurlik hierdie probleem kan oorbrug. (Vergelyk Labov, 1964 : 181). Sosioloë maak daarom van groot steekproewe gebruik om geldige resultate te bekom. (Vergelyk Labov, 1964 : 180).

3.2 Objektiewe waarneming

Sistematiese waarneming laat die ondersoeker natuurlik op die waarnemersparadoks (2.5, p.26) stuit. Daar is verskeie metodes om hierdie probleem te oorbrug. (Vergelyk Labov, 1972 : 61). Die grootste probleem wat vir hierdie studie voorsien is, is nie soseer die oorkoming van hierdie paradoks nie, maar om genoeg voorbeelde van die gebruik van aanspreekvorme in verskillende gespreksituasies en verskillende deelnemers te verkry.

Om soos Labov 'n ondersoek na klankverskynsels te doen, skep nie so 'n groot probleem nie, aangesien daar in elke waargenome uiting talle relevante voorbeelde gevind kan word. Labov (1964 : 638) maak die volgende uitspraak oor die grootte van 'n sosiolinguistiese ondersoek:

We may conclude that the structure and stylistic variation of languages can be studied through samples considerably smaller than those required for the study of other forms of social behaviour.

Elders (a.w. :181) in hierdie werk sê hy:

... we will find that from ten to twenty individuals will give a value for a social class which fits consistently into an overall pattern of stratification, while groups of four or five show unrelated fluctuation. In the case of (r), it will be possible to divide a group of 81 informants into six strata which are clearly separated in the same order for five stylistic levels.

Dit blyk egter duidelik uit hierdie gedeelte en die volgende bladsye dat die inligting wat van elke informant verkry is, vier- tot vyfhonderd items is. Dit is moontlik by 'n ondersoek van fonetiese kwessies, maar dieselfde kan tog nie gesê word van 'n ondersoek na aanspreekvorme nie. Aanspreekvorme is immers nie so volop in 'n gesprek dat soveel gegewens in 'n enkele onderhoud verkry kan word nie.

In die tweede plek is daar meer randgegewens wat 'n rol speel by die aanspreekvorme as wat by fonetiese kwessies die geval is. (Vergelyk in hierdie verband die komponentanalise wat in die vorige hoofstuk (2.4, p.22) en in hierdie hoofstuk (3.6, p.42) gedoen is).

Die oplossing van hierdie probleem lê nie in die waarneming van spesifieke informante nie, al sou jy hulle soos Wolfram (1973 : 5) tot 29 beperk. Hoe kan 'n mens immers elkeen in al die duisternis relevante kontekste plaas en voortdurend sistematies waarneem? 'n Enkele informant kan miskien so waargeneem word, maar wat sal die waarde van so 'n ondersoek wees?

3.3 Die metode wat vir die verkryging van sistematiese en objektiewe gegewens gebruik is

Omdat die metode van opname wat deur ander ondersoekers (Labov, 1964; Wolfram, 1974; Trudgill, 1974; Prinsloo, 1972) gebruik is, vanweë die aard van die ondersoek en praktiese oorwegings nie nagevolg kon word nie, is 'n ander uitweg gekies. Hierdie uitweg het natuurlik kenmerke van die ondersoek van die genoemde navorsers, maar dit is nie 'n presiese navolging van enige besondere persoon nie.

3.3.1 Die geografiese gebied is beperk tot 'n besondere dorp (3.4, p.39).

3.3.2 Die teikengroep is vasgestel (3.5, p.42).

3.3.3 'n Analise van die spraakkomponente wat moontlik 'n invloed op die aanspreekvorme en status kan hê, is gemaak. Hiervoor is 'n waarnemingslys en kontrolelys vir die analise van elke uiting gemaak (3.6, p.42).

3.3.4 Om die norm vas te stel, is van 'n vraelys en onderhoude gebruik gemaak (3.7, p.50).

3.3.5 In plaas daarvan om informante as basis vir die ondersoek te gebruik, is die situasie as basiese eenheid van ondersoek gebruik. Hoewel die situasie 'n verband kan hê met die status van 'n persoon, is dit nie gesien as 'n oortreding van die vereiste wat Kendal en Babington Smith (vergelyk 2.7, p.28) aan 'n ewekansige steekproef stel nie. Die informante wat in verskillende situasies aangetref word, kon immers nie uitgesoek word op basis van die situasie alleen nie.

Vir die ondersoek is ten doel gestel om so veel situasies op so veel geleenthede (vergelyk aanhangsel E) mee te maak sodat so veel moontlik deelnemers betrek kon word.

3.3.6 Slegs die eerste vyf uitings van enige gespreksituasie word aangeteken.

3.3.7 Alle gegewens moes tussen 1 Februarie 1980 en 30 Augustus 1980 versamel word.

3.3.8 Probleme wat voorsien is met 'n situasiegebonde ondersoek:

3.3.8.1 Hoe kan genoeg situasies meegemaak word om deelnemers uit elke moontlike kategorie te betrek?

3.3.8.2 Hoeveel sodanige besoeke sal genoeg en relevante gegewens vir die ondersoek oplewer?

3.3.8.3 In hoeverre kan situasies vooraf bepaal word sonder om bevooroordeelde gegewens te verkry?

3.3.8.4 Kan daar op ewekansigheid en dus geldige uitsprake aanspraak gemaak word as die deelnemers nie vooraf bepaal is nie?

3.3.9 Oplossings

Die werklike opname word in die volgende hoofstuk (4, p. 57) bespreek, maar hier word kortliks op die voorgaande probleme geantwoord. Aangesien hierdie probleme vooraf verwag is, kon maatreëls getref word om nie die ondersoek ongeldig te maak nie.

3.3.9.1 Ewekansigheid hoef nie noodwendig op deelnemers te slaan nie (vergelyk 3.3.5, p. 38). Situasies kan ook ewekansigheid verseker. Die voorwaarde hiervoor sal dan natuurlik wees dat 'n volledige lys situasies opgestel moet word.

3.3.9.2 Helpers kan verkry word om situasies, wat andersins vir die ondersoeker onbereikbaar sou wees, mee te maak.

3.3.9.3 Die hoeveelheid besoeke is vooraf op 'n ad hoc-basis vasgestel. Daar is gevoel dat 'n lys moontlike situasies opgestel moet word binne die verskillende onderskeidings. Hierdie situasies moet so ver moontlik 'n volledige opgawe wees van die verskillende situasies in Vanderbijlpark. Aan elkeen van die sodanige situasies moet minstens een, maar verkieslik meer, besoeke gebring word. Die aantal besoeke meer as een, is nie van besondere belang nie, aangesien dit nie die onderlinge korrelasie wat uiteindelik op status berus sou bevooroordeel nie. ('n Lys van die moontlike situasies met die getal besoeke wat aan elk gebring is, word in aanhangsel E gegee).

3.4 Geografiese afbakening

Die gegewens in hierdie gedeelte is, tensy anders vermeld, van die Vanderbijlparkse Stadsraad verkry .

Die probleem wat hierbo (3.3.8) beskryf is, het my genoop om die ondersoek in 'n beperkte gebied te doen. Vanderbijlpark het in meer as een opsig 'n oplossing gebied:

3.4.1 Bevolkingsamestelling van Vanderbijlpark

Vanderbijlpark het in 1977 'n Blanke inwonertal van 65 000 gehad. Van hierdie inwoners is sowat 78 persent Afrikaanssprekend en 12 persent Engelssprekend terwyl die res immigrante van elke denkbare Europese land en veral die ou Portugese kolonies in Afrika is.

Min Swartmense is in Vanderbijlpark woonagtig, hoewel daar aan die grense van die dorp vier groot Swart dorpe is.

3.4.2 Bevolkingsgroei van Vanderbijlpark

Vanderbijlpark is, soos dit uit die gegewens hieronder blyk, een van die vinnigsgroeiende stede in Suid-Afrika:

1961	:	24 000	Blanke inwoners
1967	:	38 000	Blanke inwoners
1971	:	48 000	Blanke inwoners
1977	:	65 000	Blanke inwoners

Die geboortetempo is hoog, sowat 2 700 gemiddeld per jaar, maar die immigrasietempo is hoër, sowat 4 000 per jaar. Die immigrasiekoers kom dus op sowat 4 persent per jaar te staan indien emigrasie buite rekening gelaat word.

3.4.3 Beroepsindeling van die Afrikaners in Vanderbijlpark

Volgens Van Wyk (1966 : 139) het die Afrikaanssprekende inwoners van Vanderbijlpark die volgende beroepsindeling in verhouding met die res van Suid-Afrika:

	VANDERBIJLPARK	RES VAN S.A.
	%	%
Professioneel en tegnies	7	1,8
Administrasie	2	4
Klerklik	15	17
Verkoop	2	4
Boerdery	1	3
Myne	0,3	6
Vervoer en kommunikasie	5	13
Vakmanne en operateurs	62	36
Dienste	4	8
Werkloos en ander	2	3

Die opmerklikste verskil in verhouding met die res van Suid-Afrika is die geweldige oorwig in die geledere van vakmanne en tegnisi en die minimum boere in Vanderbijlpark. As hierdie sake in gedagte gehou word en 'n toegewing daarvoor gemaak word, is die verhouding tussen die beroepe in hoë mate dieselfde as in die res van Suid-Afrika.

3.4.4 Die plek van Vanderbijlpark in Suid-Afrika

Vanderbijlpark is die grootste van die dorpe in die sogenaamde Vaaldriehoek, waarby Vereeniging, Sasolburg en Meyerton gewoonlik ingesluit word. Dit is jonger as Vereeniging maar ouer as die ander dorpe. Vanderbijlpark is sowat 90 kilometer ten suide van Johannesburg aan die Vaalrivier geleë en dit is dus aanneemlik dat Vanderbijlpark in die invloedssfeer van die Randse metropolitaanse gebied staan. Aan die ander kant is dit ver genoeg van die Rand om nie daardeur oorweldig te word nie.

3.4.5 Die waarde en geskiktheid van Vanderbijlpark vir 'n ondersoek na die aanspreekvorme in Afrikaans

Dat Vanderbijlpark die geskikste plek vir hierdie ondersoek is, word nie geïmpliseer nie, maar op grond van die volgende aspekte kan wel beweer word dat só 'n ondersoek relevant kan wees vir Afrikaans in die algemeen.

3.4.5.1 Vanderbijlpark is 'n dinamies groeiende dorp. Ten opsigte van die Blanke bevolking tel dit onder die twintig grootste stede in Suid-Afrika. Die Afrikaans wat hier gepraat word, sal dus 'n redelike beeld van die taal wat in groter dorpe en stede gepraat word, wees. Aangesien byna twee maal soveel mense blykens die gegewens in 3.4.2 (p.40) vandoor die hele land na Vanderbijlpark kom, kan hier nie sprake wees van 'n gevestigde streektaal nie. Slegs sowat 10 persent van die inwoners woon langer as dertig jaar hier. Meer as 40 000 van die 65 000 inwoners het hulle in die laaste twintig jaar hier kom vestig. Die taal wat in Vanderbijlpark gepraat word, sal dus verteenwoordigend wees van die hele Suid-Afrika.

3.4.5.2 Die bevolking se beroepsamestelling is, hoewel daar in sekere kategorieë meer persone is as in die res van die land (Van Wyk, 1968 : 138), tog verteenwoordigend van die Afrikaanssprekende bevolking van Suid-Afrika. (Vergelyk 3.4.3, p. 40).

3.4.5.3 Vanderbijlpark is 'n oorwegend Afrikaanse dorp waarin die meerderheid anderstaliges, selfs die immigrante, Afrikaans kan praat. Die wisselwerking met Engels is dus nie so hoog as in byvoorbeeld Johannesburg nie, maar aan die ander kant nie so laag as sekere plattelandse dorpe in Transvaal nie. 'n Redelike vergelyking is in dié verband met sentra soos Pretoria en die Wes-Rand moontlik.

3.5 Afrikaanssprekendes en Afrikaanssprekers

In die laaste paar jaar was daar 'n besondere belangstelling in die Afrikaans en die houding teenoor Afrikaans soos dit by anderstaliges in Suid-Afrika bestaan. Vergelyk in hierdie verband die R.G.N. se verslae van die afgelope dekade.

Afrikaans bestaan nie net in die mond van die Afrikaner nie; Engels-sprekendes, Swartmense en immigrante gebruik Afrikaans.

In hierdie studie is ook die anderstaliges wat soms Afrikaans gebruik, betrek om vas te stel of daar noemenswaardige sisteemverskille tussen hulle gebruik van die Afrikaanse aanspreekvorme en dié van Afrikaans-sprekendes bestaan.

In die tweede plek kan daar met behulp van hierdie ondersoek 'n aanduiding verkry word of Afrikaans ernstig, wat die aanspreekvorme altans betref, deur anderstaliges beïnvloed word. Hierdie gedeelte van die ondersoek is uiteindelik prysgegee. (Vergelyk 5.1.2.5, p. 65).

Hoewel dit nie heeltemal in die weg van hierdie ondersoek lê nie, kan ander aspekte soos taalloyaliteit en taalgebruiksvoorkeur ook terloops belig word.

3.6 Komponentanalise (Toegepas op die ondersoek)

Soos in 2.4 (p.22) genoem, is 'n komponentanalise van elke waargenome taaluiting gemaak. Die basis waarop hierdie analise gemaak is, word

vervolgens gegee. Aanhangsels A en B is onderskeidelik die opname- en kontrolelys wat by die ondersoek gebruik is.

3.6.1 Deelnemers

3.6.1.1 Geslag

3.6.1.2 Ouderdom

Die groepe soos op die kontrolelys (aangansel B) , is gebruik om 'n algemeen bruikbare instrument te verkry.

Die volgende kategorieë kan hiermee onderskei word: babas, kleuters, laerskoolgroep, middeliskoolgroep, algemene skoolverlatersouderdom en jong volwassenes wat pas begin werk of studeer het.

Van 21 tot 40 is arbitrêre indelings van vyf jaar elk gemaak.

Van 41 tot 60 is telkens 'n 10 jaar indeling gemaak omdat so min informante in hierdie groepe waargeneem kon word.

Van 61 jaar en ouer is 'n enkele kategorie gemaak om dieselfde rede as vir die vorige groepe.

3.6.1.3 Taal

Net vier indelings is gemaak om lompheid te voorkom. (Vergelyk aangansel B).

3.6.1.4 Beroep

Na aanleiding van Ritzer (1972 : 5) is 'n sesdelige indeling gemaak soos gevind word in aangansel B.

Hierdie indeling is met die oog op statusrangorde gemaak en hiervoor is sterk geleun op Bester (1971). Bester het 'n ondersoek onder skofwerkers in Sasolburg gedoen. Omdat Sasolburg met Vanderbijlpark, wat bevolking en beroepsverspreiding betref, vergelyk kan word (Bester : . mondelinge mededeling), is Bester se ondersoek van besondere waarde geag. Dat dosente laer geag word as ingenieurs is kenmerkend van

'n industriële samelewing. Dieselfde geld ook vir professore wat in die tweede kategorie geplaas word.

Teen die einde van die studie (vergelyk 6.7, p.137) is daar van 'n driedelige indeling gebruik gemaak wat toe duidelik geword het. Die volgende kategorieë is toe hierin vervat:

Kategorie 1 en 2	=	1
Kategorie 2, 3, 4 en 5	=	2
Kategorie 5 en 6	=	3

'n Mate van oorvleueling blyk uit hierdie nuwe indeling.

3.6.1.5 Huwelikstaat

3.6.1.6 Ras

Ook hier kan 'n breër verdeling gemaak word as in aanhangsel B, maar ter wille van eenvoud is 'n tweedeling gebruik. In Vanderbijlpark is daar baie min Indiërs en slegs enkele Kleurlinge.

3.6.1.7 Gesondheid

Hierdie indeling is laat in die ondersoek gemaak omdat daar aanduidings gevind is dat gestremdes op 'n ander wyse aangespreek word as nie-gestremde persone. 'n Tweedeling is gebruik.

3.6.1.8 Bekendheid

'n Blote tweedeling ten opsigte van hierdie veranderlike soos by Ervin-Tripp, (1972 : 218) kon nie gemaak word nie, aangesien daar immers definitiewe grade van bekendheid tussen verskillende deelnemers bestaan. Moet 'n vriend en huisgenoot oor dieselfde kam geskeer word? Wat van toevallige kennis?

Daar word dus van 'n *vyfdeelige* skaal met vyf grade van bekendheid gebruik gemaak. (Aanhangsel B).

3.6.1.9 Statusverandering

Hierdie kategorie is nodig geag omdat soveel gevalle voorkom waarin persone wat mekaar ontmoet, of hulle aan mekaar bekend is of nie, bewus

word van 'n veranderde status by die gespreksgenoot. Dit kan bestaan by bekendes waarin een of albei 'n nuwe sosiale posisie beklee of by onbekendes waar 'n gespreksgenoot se status in die loop van die gesprek duidelik word.

3.6.1.10 Gesag en mag

Mag (*power*) word so deur Cartwright en Zander (1968 : 216) beskryf:

One person has power over another if he can perform an act that will result in a change in the other person.

Mag moet van gesag onderskei word: *Gesag is die gewettigde uitoefening van mag.* (Joubert en Steyn, 1972 : 217).

Ten opsigte van hierdie kategorie is daar gelet op die volgende (vergelyk aanhangsel B):

- is die deelnemers in 'n normale gesagsituasie, byvoorbeeld 'n werkgewer teenoor 'n werknemer; ouer en kind ens.; of
- is daar sprake van 'n rolomruiling, met ander woorde waar die persoon met mindere gesag in 'n magsposisie verkeer: 'n werkgewer wat by 'n werknemer geld wil leen, 'n ouer wat 'n opstandige kind smeek om iets te doen of nie ens.; of
- is daar sprake van afhanklikheid by een van die deelnemers buite 'n normale gesagsituasie: 'n persoon wat 'n ander vra waar die poskantoor is ens.; of
- neutraal ten opsigte van gesag: gevalle waar persone nie in 'n gesags- of magsposisie teenoor mekaar staan nie, byvoorbeeld by inkope, uitruil van algemene inligting ens..

3.6.1.11 Emosie

Is daar sprake van sterk emosie by *die spreker*. *Toneel* in die volgende indeling moet nie met hierdie kwessie verwar word nie. *Toneel* het met die atmosfeer van die *situasie* te doen en nie soseer met die emosie van die spreker nie.

3.6.1.12 Toeskouers

Die toeskouers is ten opsigte van gesagsposisie en moontlike invloed op die gesprek in ag geneem, maar die moeilikheid wat by vreemdes ondervind is, het my genoop om hierdie kategorie nie te oorweeg nie. Hoe kan daar byvoorbeeld bepaal word of al die toeskouers aan mekaar bekend is en wat hulle onderlinge sosiale afstand is, as die waarnemer bevooroordeelde gegewens wil vermy?

3.6.1.13 Toespreker

Hierdie kwessie is slegs 'n enkele maal in die vorm van 'n tolk in die hof waargeneem. Dit is ook 'n enkele keer waargeneem waar 'n ouer as tolk vir 'n eie kind opgetree het, toe die kind nie kon verstaan wat 'n vreemde persoon aan hom gesê het nie.

3.6.2 Status

Verskeie indelings is oorweeg. Hieronder kan die volgende genoem word:

Woonplek word deur verskeie sosioloë as medebepalend van die status van 'n individu beskou (Packard, 1960 : 84; Labov, 1964 : 165, e.v.). Omdat soveel van die nuwe intrekkers in Vanderbijlpark jong mense is, volgens die Stadsraad, is hulle noodwendig aangewys op huisvesting wat deur hulle werkgewer voorsien word. 'n Beoordeling van mense se status op grond van woonplek kan dus nie sonder meer in Vanderbijlpark gedoen word nie.

Opvoedkundige kwalifikasies

Hierdie aspek is ook 'n aanduiding van status, maar omdat dit moeilik bepaalbaar is en boonop dikwels met 'n persoon se beroep oorvleuel, is dit nie nodig geag in 'n ondersoek wat bedoel is om taalkundig eerder as sosiologies te wees nie.

Ouers se beroep

Informante is oorspronklik ook na hulle ouers se beroep gevra, maar weens onverwagte en heftige teenkanting is hierdie praktyk, behalwe in die geval van studente en kinders, gestaak. In die genoemde gevalle is die ouers se beroep as bepalend vir die kategorie van die informant gebruik.

Eggenoot se beroep

In die gevalle waar 'n vrou se eggenoot 'n hoër beroep beoefen as sy, is die eggenoot se beroep gebruik vir die bepaling van die informant se beroepstatus. Hierdie praktyk is nodig geag omdat soveel vrouens wie se eggenote in die heel hoogste kategorieë is, soms in selfs die laagste beroepskategorieë bedrywig is. In die geval van huisvrouens is hierdie praktyk konstant gevolg.

3.6.3 Situasie

By die analise van die gespreksituasie is die volgende aspekte waargeneem: tyd is nie noodsaaklik geag nie aangesien dit in gevalle waar dit wel 'n rol gespeel het, deur die geleentheid bepaal is of andersom.

3.6.3.1 Plek

Die plekke soos op die kontrolelys (aanhangsel B) aangedui, is onderskei.

Oop plek

Dit sluit die volgende in: straat, ingange tot geboue, parkeerterreine, piekniekterreine, skoolterreine, ens..

Sake-instelling

Supermarkte, apteke en winkels is onderskei.

Werkplek

Dit sluit slegs situasies in waar alle deelnemers aan dieselfde instelling behoort.

Kantoor

Dit oorvleuel in 'n mate met die vorige onderskeiding, maar hier is daar buitestaanders betrokke. Ander plekke wat hierby ingesluit is, is klinieke, spreekkamers van medici, ens..

Huis

Dit sluit die huis self, asook die erf rondom die huis in.

Funksionele gebou

Hierby is kerksale, bioskoopteaters, skoolsale, klaskamers, hofsale, vergadersale ens. ingesluit.

3.6.3.2 Geleentheid

Aanvanklik is elf geleenthede onderskei, maar dit is ter wille van die verwerking van die gegewens tot nege verminder.

Vergadering

Enige georganiseerde samekoms van mense om 'n saak van gemeenskaplike belang te bespreek is hier ter sprake. Kerkdienste, hofsittings en lesings is ook hierby ingesluit. Werksvergaderings word apart gehou.

Byeenkoms

Georganiseerde byeenkomste soos partytjies, sport, verkopings, teater, begrafnisse is hierby ingesluit.

Afspraak

Afsprake van formele aard soos met medici, predikante is hier ter sprake.

Ontmoeting

Twee of meer aan mekaar bekende persone wat toevallig bymekaar kom, hetsy op straat of elders, asook werknemers in 'n teekamer is hier onderskei.

Huislik

Etenstafel, besoeke aan vriende, is ter sprake.

Saaklik

Dit sluit transaksies soos koop en verkoop, versoeke om inligting en hulp op straat aan vreemdes, in.

Amptelik

Hieronder is transaksies soos die volgende betrek: hoof teenoor werknemer, amptenare teenoor die publiek.

Samekoms

Ongeorganiseerde samekomste, samedromming op straat tydens ongelukke, ens. is hierby ingesluit.

Werksvergadering

Vergaderings vir persone wat by dieselfde instelling werk om oor werksaangeleenthede te besluit, is hierby ingesluit.

3.6.3.3 Toneel of atmosfeer

Die onderskeidings soos op die kontrolelys is gemaak (aanhangsel B).

3.6.3.4 Gepastheid

Indien die plek, geleentheid en atmosfeer kongruent is, is die situasie as gepas beskou.

3.6.4 Interaksiefunksies

'n Opmerking is reeds hieroor gemaak. (Vergelyk 2.4.5, p. 26).

3.6.5 Gesprekskenmerke

Hierdie indeling is gemaak soos wat in die kontrolelys (aanhangsel B) aangegee word. Ten opsigte van die styl is 'n ekstra kategorie by die lys van Ervin-Tripp (1973 : 223) gegee, naamlik, *deftig formeel*. Hierdie onderskeiding is nodig geag waar sprekers 'n styl gebruik wat duidelik bedoel is om vernames toeskouers en aangesprokenes te beïndruk. Hierdie styl vind 'n mens soms by gekunstelde gasvrouens wat 'n belangrike maar onbekende gas onthaal of te woord staan.

Die neutraal-formele styl is behou vir die styl wat normaalweg tydens formele geleenthede soos lesings en kerkdienste gebruik word. Onder *propaganda* by die genre word advertensietaal bedoel, terwyl *spreekwyses* vaste idiomatiese uitdrukkings soos *soos jy weet, jy kan maar sê, as jy verstaan wat ek bedoel*, insluit. Die *neutrale* genre is daardie vorm wat by alle geleenthede, behalwe dié wat apart genoem word, gebruik word.

3.6.6 Onderwerp

Waar die onderwerp duidelik 'n invloed op die verhouding tussen die sprekers, die situasie of die toonaard van die gesprek kan hê, is 'n opmerking hieroor gemaak. Vir 'n voorbeeld hiervan vergelyk 2.1.5 (p.15).

3.6.7 Status en die gesprekskomponente

Omdat hierdie studie oor die verhouding tussen statuswisseling en aanspreekvorme handel, is daar in die loop van die ondersoek telkens gesoek na 'n korrelasie tussen die komponente, status en die aanspreekvorme wat gebruik is.

Dit is eenvoudig om aan te toon dat daar by elk van die voorgaande komponente en onderskeidings binne die komponente sprake van statusverhoudings en statusveranderings is.

3.7 Vasstelling van die norm

Om die norm te bepaal, is van 'n vraelys (aanhangsel C) en 'n onderhoud (aanhangsel D) gebruik gemaak.

3.7.1 Die vraelys

Die vraelys wat as aanhangsel (aanhangsel C) gegee word, is in die vorm waarin dit uiteindelik gebruik is, nadat twee ander beproef is.

Verskeie soorte vrae na die aanspreekvorme is oorweeg, maar daar is uiteindelik op hierdie metode van vraagstelling besluit, omdat dit die grootste mate van vryheid aan die respondent laat.

Die vrae kan byvoorbeeld só gestel word:

Stel die volgende vrae aan die persoon soos aangedui:

Vir 'n vriend: Jan, kan jy my help?

Vir 'n broer: Piet, kan jy my help?

Vir die predikant:

Vir die winkelassistent:

Nog 'n metode wat oorweeg is, was die volgende:

Vul die aanspreekvorm wat u sal gebruik in:

(i) Teenoor die predikant

Goeie môre, hoe gaan dit met?

(ii) Is dit nie bril nie?

Beide metodes het dieselfde nadele naamlik dat die respondent in 'n spesifieke patroon gedwing word en moontlikhede soos 'n *nulvorm* (7.1.2.4, p.182) verdwyn.

Nog 'n metode kan wees om direk na aanspreekgebruik te vra, maar ook hierdie metode sou 'n spesifieke vorm vereis en die respondent van die vrye keuse van 'n vorm ontnem.

Aanspreekvorme is in die uiteindelijke vraelys sover moontlik weggelaat om nie bevooroordeelde antwoorde te kry nie. Dit het die probleem gelewer dat respondente die *ouer* en *jonger* gegewens van die vraag self wou aflei. (Vergelyk aanhangsel D). Die oorgrote meerderheid persone het egter die vraag reg vertolk en verstaan dat die *ouer* en *jonger* met homself vergelyk moet word.

Daar is in die vraelys ook gepoog om benewens noodsaaklike persoonlike besonderhede 'n idee te vorm van watter taal die respondent by voorkeur teenoor vreemdes sal gebruik. 'n Direkte vraag in dié verband sou geen oplossing bied nie, soos uit 'n proeflopie geblyk het. Die metode wat gevolg is, was om die eerste vraag so te stel:

Vra vir 'n Engelssprekende persoon van ongeveer 30 waar die apteek is.

Daar is vermoed dat die respondent die vraag in Engels sou stel. Die tweede vraag maak ook melding van 'n *apteek* of liever 'n *apteker*.

Omdat die eerste vraag 'n verwante woord insluit, is daar verwag dat die persoon se onbewuste taalgebruiksvoorkeur in 'n vreemde situasie die deurslag sou gee. Die resultate hiervan word in hoofstuk 5 (5.1, p. 62) bespreek.

3.7.2 Onderhoude

Onderhoude is met enkele respondente van die vraelys gevoer om vas te stel of die normgebruik in die vraelys en in 'n onderhoud=situasie ooreen sal kom.

Daar is ook probeer om te bepaal watter aanspreekvorme 'n besondere prestigewaarde het en watper gestigmatiseer is.

Die doel van die onderhoude is dus basies dieselfde as dié van die vraelys, naamlik om die geïdealiseerde norm (vergelyk 2.6, p.27) te bepaal.

Die onderhoude het ook as toegif die geleentheid gebied om objektiewe waarneming van die aanspreekvorme wat teenoor die ondersoeker tydens die onderhoud gebruik is, te doen.

Aanhangsel D is 'n lys van die vrae wat tydens die onderhoude gestel is.

HOOFSTUK 4

VERSAMELING VAN DIE DATA

In hierdie hoofstuk word die wyse waarop die versameling van die data geskied het, asook probleme wat met die insameling daarvan ondervind is, toegelig.

4.1 Die soektog na die norm aan die hand van 'n vraelys

4.1.1 Vasstelling van die bruikbaarheid van die vraelys

'n Voorlopige vraelys is opgestel en soos hieronder versprei:

- (a) Vyftien eerstejaarstudente aan die Vaalriviervak van die RU. vir QHD.
- (b) Tien dosente verbonde aan dieselfde inrigting.

Probleme wat by die invul van die lys ondervind is, is deur die betrokkenes aangeteken. Daar is verder gekyk na die wyse waarop die vrae ingevul is, om te verseker dat alle vrae goed verstaan is en of die verlangde inligting wel verkry is.

Enkele probleme is gevind: in verskeie vrae het die spreker hom laat lei deur die *u*-aanspreekvorm wat in die vraag voorkom. So is die volgende vraag byvoorbeeld deur persone van twintig jaar oud met 'n *u* voltooi:

Vraag: *Vra 'n vrou, wat 10 jaar jonger as u is, waar sy haar mooi klere koop.*

Hierdie probleem is oorbrug deur hierdie soort vraag so te stel:

Vra vir 'n vrou, 10 jaar jonger, waar sy haar mooi klere koop.

Na aanleiding van hierdie probleem is die inleidende opdrag ook verander:

Van: *Skryf wat u in die volgende gevalle sal sê,*

Na: *Skryf hoe die volgende gesê word.*

Die vraag na die persoon se taalvoorkeur wat direk gestel is, is verander na 'n vraag waarin op 'n indirekte wyse, 'n eerliker antwoord verkry kan word. Die oorspronklike vraag het gelui:

Watter taal klink vir u die mooiste? ENGELS / AFRIKAANS

In die finale lys is hierdie vraag vervang met:

Vra 'n Engelssprekende van ongeveer 30, waar die apteek is.
(Vergelyk 5.1.2, p.63).

Kleiner foute in die formulering van vrae is ook uitgestryk.

4.1.2 Bepaling van die groep aan wie die finale vraelys
versprei moet word

Om 'n ewekansige steekproef te verseker, is die volgende metode gebruik:

- (a) ses beroepsgroepe is vasgestel (3.4.3, p.40);
- (b) ses ouderdomskategorieë is vasgestel (3.6.1.2, p.43).
Die ouderdomsgroepe tussen 0 en 15 jaar is vir die doel
van die vraelys nie in berekening gebring nie;
- (c) twee taalgroepe, naamlik *Afrikaans* en *anderstalig* is
gebruik;
- (d) geslag is ook as 'n veranderlike voor oë gehou.

Daar is van die standpunt uitgegaan dat tagtig voltooide vraelyste voldoende sal wees by die vasstelling van die norm: alle taalgebruikers gee immers geredelik hulle beskouing van wat die norm is te kenne. (Vergelyk 2.6, p.27 en 3.1, p.35).

4.1.2.1 Die voorgaande uiteensetting met inagneming van die getalleverhouding van elke kategorie lewer die volgende ideale verspreidingspatroon:

Omdat die 1 842 uitings wat verkry en ontleed is (vergelyk aanhangsel E), heeltemal ontoereikend is om in baie gevalle 'n afleiding te maak, is probeer vasstel watter veranderlike die belangrikste is. By hierdie metode bestaan die probleem dat talle van die veranderlikes baie afhanklik is van ander veranderlikes. Relevante gegewens kon dus net verkry word indien 'n spesifieke gegewe konstant gehou is. Die volgende kan 'n voorbeeld wees: 'n onbekende persoon is per definisie ook onbekend wat sy status betref. 'n Ander saak as die status van die aangesprokene sal hier dus die deurslag gee vir die spesifieke aanspreekvorm wat gebruik word. In sulke gevalle hang die vorm wat gebruik word eerder af van die status van die spreker en die situasie.

Die volgende onderskeidings betreffende die status van die spreker is konstant gehou en hiervolgens is 'n verdeling van die belangrikheid, dit wil sê, die invloed van die ander komponente op die aanspreekvorm gemaak:

1. beroep
2. huwelikstaat
3. ras
4. bekendheid
5. gesag
6. gesondheid
7. taal
8. ouderdom
9. geslag
10. emosie
11. situasie.

Statusverandering is nie ingesluit nie, aangesien dit in 'n hoë mate deur gesag oorvleuel word en daar boonop te min gegewens hieroor verkry is. Die onderskeidings of veranderlikes word telkens in die volgorde van belangrikheid weergegee terwyl een van die statusbepalers van die deelnemers konstant gehou is.

6.2.1 Geslag

Vir beide mans en vrouens is hierdie volgorde dieselfde, hoewel daar graadverskille waargeneem is:

1. bekendheid
2. ras van die aangesprokene
3. sosiale groep waartoe die spreker behoort
4. emosie
5. situasie
6. ouderdom van die aangesprokene
7. gesag
8. ouderdom van die spreker
9. huwelikstaat van die aangesprokene
10. gesondheid van die aangesprokene.

6.2.2 Huwelikstaat

Die volgorde is hier dieselfde as by die voorgaande, maar by ongetroudes wil dit voorkom of die geslag van die spreker 'n groter

rol gespeel het as by getroudes. (Vergelyk egter 6.8, p.141).

6.2.3 Ras

By Blanke sprekers bly die patroon soos hierbo onveranderd, maar by nie-Blanke sprekers is daar ingrypende veranderinge:

1. ras van die aangesprokene
2. gesag
3. sosiale groep waartoe die spreker behoort
4. emosie
5. bekendheid
6. ouderdom van die aangesprokene
7. ouderdom van die spreker
8. situasie
9. geslag van die aangesprokene
10. gesondheid van die aangesprokene
11. huwelikstaat van die aangesprokene.

6.2.4 Bekendheid

Die belangrikste verskil wat van die patroon in 6.2.1 gevind word in soverre dit bekendes betref, is dat die *ouderdom* van die aangesprokene opskuif na die derde plek. Onder bekendes word hier verstaan *toevallige kennis, goed bekend, bevriend of huisgenote*. Die sosiale groep waartoe die spreker behoort skuif in hierdie gevalle af na die volgende plek.

6.2.5 Gesag

By die gesag van die spreker bly die basiese patroon konstant indien die gesag neutraal, normaal hoër of normaal laer is.

By abnormale hoër en laer gesag van die spreker kom *emosie* in die eerste plek, terwyl die *ouderdom* van die aangesprokene na die elfde plek daal. Hierdie afleiding berus egter eerder op vermoede as op empiriese gegewens, aangesien te min uitings verwerk is (vergelijk 6.13, p.141).

Wat afhanklike gesag betref is daar te min gegewens versamel om 'n waardevolle waarneming te maak.

6.2.6 Gesondheid

Dit blyk uit die gegewens dat die gesondheid van die spreker nie 'n verandering aan die basiese patroon van die veranderlikes maak nie.

6.2.7 Taal

Indien die spreker Afrikaans is, bly die basiese patroon onveranderd. Die patroon by sprekers van swart tale is dieselfde as die onderskeiding wat reeds ten opsigte van nie-Blankes gemaak is. By Engelssprekendes en sprekers van ander Europese tale is die belang van die *sosiale groep* van die spreker minder (nommer 9) terwyl *gesag* opskuif na die vyfde plek. (Vergelyk 6.6, p.135 en 6.9, p.141).

6.2.8 Ouderdom

Die ouderdom van die spreker het blykbaar geen noemenswaardige invloed op die patroon in 6.2.1 nie. (Vergelyk in hierdie verband ook 6.5, p.127 en 5.3.2, p.98).

6.2.9 Beroep of sosiale groep waartoe die spreker behoort

Geen verskil is gevind van die patroon in 6.2.1 nie. (Vergelyk ook 6.7, p.137).

6.2.10 Emosie

Te min gegewens is verkry om 'n geldige resultaat te kan bekom. (Vergelyk 6.14, p.145).

6.3 Resultate van die waarnemings indien elkeen van die veranderlikes afsonderlik beskou word

In die volgende bespreking word die veranderlikes apart onder die loep geneem. In verskeie gevalle was dit egter nodig om òf geen gevolgtrekking te maak nie weens 'n gebrek aan genoeg gegewens, òf om slegs 'n opmerking oor moontlikhede te maak vanweë dieselfde rede. (Vergelyk ook 6.1, p.120).

6.3.1 Die verhouding word in persentasie gegee.

Dit is 'n afgeronde syfer. 'n Verskil van tot 3 per honderd mag dus gevind word indien die getalle bymekaar getel word.

6.3.2 Die gegewens wat hier gegee word, veronderstel natuurlik nie dat dit die werklike daaglikse voorkoms weerspieël nie, maar net die waarskynlike voorkoms as die situasie, en watter ander komponente ook al, konstant gehou word, soos dit in hierdie ondersoek gedoen is. (Vergelyk ook 4.4.2.1, p. 60).

6.3.3 In sommige gevalle word die opmerking gemaak dat daar toegegee is vir die verskil tussen twee of meer veranderlikes. Dit beteken dat die aantal gegewens wat verkry is met mekaar in ooreenstemming gebring is, aangesien minder of meer gegewens oor een van die veranderlikes as vir die ander ingesamel is. Dit was natuurlik nodig om dit te doen aangesien 'n vergelyking andersins nie moontlik sou wees nie. Aan elkeen van die nege situasiekombinasies (vergelyk aanhangsel B) is dieselfde waarde toegeken, waarna die gegewens met mekaar in verband gebring is. (Vergelyk 4.4.2.1, p. 60).

6.3.4 Die bespreking wat volg, word onder hoofnommers gedoen (6.4, 6.5, ens.) om 'n te lompe numering te voorkom.

6.3.5 Slegs die tweede aanspraak word op hierdie wyse behandel terwyl die eerste aanspraak afsonderlik in 6.20 (p.147, e.v.) en die kombinasies in 6.21 (p.161,e.v.) aan die beurt kom.

6.3.6 Die volgende tweede aanspreekvorme word ondersoek:

- (a) Jy
- (b) u
- (c) R-vorme (dit is 'n herhaling van die eerste aanspraak)
- (d) *ander vorme*.

Waar die *ø*- of ander vorme in 'n ronde getal uitgedruk kan word, is dit apart bereken. Onder die algemeen voorkomende *ander vorme* tel:

die *derdepersoonsvorm*, dit wil sê *sy* of *hy* en selfs *hulle*;
ander, byvoorbeeld: *ons*, *ek my*; *julle* vir een persoon.

Na hierdie vorms word vollediger gekyk in 7.1.2 (p.182).

6.3.7 Die gegewens in verband met sprekers onder 14 jaar word slegs in die bespreking van *ouderdom* as veranderlike weergegee en is nie by die ander veranderlikes in berekening gebring nie. (Vergelyk 6.5, p.127, e.v.).

Die getal waargenome uitings word telkens ná die besondere veranderlike in die opskrif aangetoon: spreker 3-5 jaar (10).

6.3.8 Elke veranderlike wat hier bespreek word, is konstant gehou, maar die ander onderskeidings mag wissel. So is die *ouderdom* van die aangesprokene konstant gehou waar dit handel oor hierdie spesifieke veranderlike, terwyl die ander veranderlikes soos *bekendheid*, *toonaard*, of wat ook al, gewissel het.

Hierdie metode is nie die ideale nie, maar enige ander metode sou onmoontlik gewees het omdat daar nie genoeg gegewens bekom is nie. (Vergelyk 6.1, p.119).

6.3.9 Hoewel daar van die basis wat in 6.3.8 (hierbo) uitgegaan word, word spesifieke patrone wat duidelik uit die beskikbare gegewens getrek kan word, wel vermeld en ook, as daar genoegsame gegewens verkry is, as 'n persentasie weergegee.

6.3.10 Die getal verwerkte gegewens per veranderlike word tussen hakies by elke opskrif gegee.

6.4 Geslag (mans : 918; vrouens : 520)

Daar is 'n waarneembare, hoewel nie besonder groot verskil nie, gevind tussen manlike en vroulike sprekers.

(a) Jy

Dit wil voorkom asof vrouens meer geneig is om *jy* as aanspreekvorm te gebruik as mans.

Vrouens : 82%

Mans : 75%

Hier moet egter in aanmerking geneem word dat daar minder gegewens oor vrouens in hoër werksituasies verkry is as vir mans. Hoewel daar toegegee is vir die verskil, mag die aansienlik minder gegewens vir vrouens 'n invloed op die gevolgtrekking hê.

Dit was opmerklik dat vrouens makliker *jy* teenoor ouer persone gebruik het. Dit geld ook indien persone met 'n hoër status aangespreek word.

Teënoor geslagsgenote en lede van die teenoorgestelde geslag is geen noemenswaardige verskil gevind nie, hoewel dit wil voorkom asof *jy* geredeliker teenoor persone van die teenoorgestelde geslag gebruik word. Meer gegewens in hierdie verband is egter nodig om 'n uitspraak daaroor te waag.

(b) U

Mans (6 persent) is meer geneig om *u* te gebruik as vrouens (4 persent).

(c) R-vorm

Mans gebruik die R-vorm meer as vrouens.

Mans : 17%

Vrouens : 12%

Dit is opmerklik dat mans meer geneig is om hierdie vorm teenoor ouer persone van beide geslagte te gebruik as vrouens.

Vrouens gebruik hierdie vorm makliker teenoor ouer mans as teenoor ouer vrouens. 'n Verskil van 11 persent is by die totale aantal waargenome gegewens ten opsigte van ouer mans gevind. By mans was daar slegs 'n verskil van 2 persent meer teenoor ouer mans as teenoor ouer vrouens.

(d) Ander vorme

Geen verskil kon tussen die gebruik by mans en vrouens gevind word nie. In beide gevalle was die gebruik effens minder as 1 persent.

Vrouens gebruik veral *ons* meer teenoor kinders as wat dit by mans die geval is, terwyl mans geredeliker *ons* teenoor vriende gebruik as vrouens.

'n Voorbeeld van *ons* as aanspreekvorm: een persoon sê aan 'n ander: *Kan ons nie môre kom nie?* Sy bedoeling is egter: *Kan die aangesprokene nie môre kom nie.*

6.5 Ouderdom

6.5.1 Van spreker (1 592)

6.5.1.1 3-5 jaar

baie min waarnemings is ten opsigte van hierdie ouderomskategorie gemaak en wat hier verstrekkend moet dus as voorlopig beskou word. Geen persentasies word gegee nie aangesien dit die skyn van sekerheid mag wek. Slegs twee gevalle is gevind waar kleuters *u* as aanspreekvorm gebruik het. Een hiervan het in 'n patroongebedjie voorgekom en een keer teenoor 'n moeder in 'n speletjie met haar. Die kleuter het waarskynlik 'n ouer persoon nageboots toe hy haar kantiig gebel het:

Kan u help, tannie?

Jy teenoor alle aangesprokenes was die oorwegende gebruik, hoewel 'n herhaling van *pappa*, *mamma* en variasies daarvan waargeneem is.

By hierdie groep is enkele voorbeelde gevind waar die R-vorm 'n herhaling van die voornaam, troetelname en *sussie* of *boetie* was.

'n Enkele voorbeeld van hierdie gebruik word hier ter opheldering gegee:

Die spreker is 'n dogtertjie van drie jaar wat met haar vader praat tydens 'n besoek aan 'n familielid. Sy verwys na haarself met haar voornaam:

Jan, Jan, wanneer sal Jan vir Lindie vat?

6.5.1.2 6-10 jaar

Jy - 43%

U - 1%

R-vorm - 57%

Die enkele gevalle waar *u* waargeneem is, is dit dikwels met òf *jy* òf 'n R-vorm vermeng. Teenoor ander kinders is slegs *jy* waargeneem.

In 'n spel waar volwassenes nageboots is, is *u* vermeng met *jy* wel teenoor ander kinders waargeneem.

6.5.1.3 11-14 jaar

'n Toename in die gebruik van die R-vorm (68 persent) teenoor volwassenes is gevind met 'n gepaardgaande afname in die gebruik van *jy* (28 persent). *U* is meer gehoor (2 persent). Ander vorme waaronder *u* saam met *jy* en R-vorme gebruik is, tel sowat 3 persent.

Teenoor kinders en persone tot sowat 17 jaar was die gebruik van *jy* prakties gesproke 100 persent. Teenoor kleuters onder 5 jaar is 'n enkele keer 'n R-vorm gebruik. Teenoor onbekende persone van ongeveer 18 of 19 jaar was daar 'n duidelike verwarring by hierdie groep te bespeur en is *jy*, *u* en R-vorme gebruik. *Jy* het egter ook in hierdie gevalle oorweeg.

6.5.1.4 15-17 jaar

By hierdie groep was daar teen die verwagting in 'n verdere toename in die gebruik van R-vorme teenoor ouer persone. Hierdie toename moet miskien gewyt word aan die feit dat slegs 88 gevalle met sprekers uit hierdie groep aangeteken is en dit dus nie 'n verteenwoordigende steekproef is nie. In die tweede instansie is skoolverlaters, wat tot hierdie groep behoort, nie waargeneem nie. Dit bevoordeel waarskynlik ook die gebruik van R-vorme.

(a)	Jy	-	24%
(b)	U	-	2%
(c)	R-vorm	-	71%
(d)	Ander	-	1%

6.5.1.5 18-20 jaar

(a)	Jy	-	35%
(b)	U	-	4%
(c)	R-vorm	-	58%
(d)	Ø-vorm	-	1%
(e)	Ander	-	1%

'n Byna dramatiese vermindering R-vorme is by hierdie groep gevind in hulle aanspraak van ouer persone. Allerlei sake is hiervoor verantwoordelik: situasie, gesag, nuwe status van die spreker. Geslag het in belangrikheid toegeneem met 'n waarskynlike uitwerking op die aanspreekvorm. Hierdie verandering, hoewel nie so dramaties nie, is verwag.

Jy word vir byna 100 persent teenoor jonger persone gebruik.

U word vir die eerste keer in enkele gevalle teenoor tydgenote gebruik.

Die Ø-vorm kom slegs by hierdie groep as 'n gerselde vorm voor.

6.5.1.6 21-25 jaar

(a)	Jy	-	63%
(b)	U	-	6%
(c)	R-vorm	-	41%
(d)	Ander	-	1%

Die drastiese toename in die gebruik van *jy* moet deels gewyt word daaraan dat die meerderheid waarnemings in hierdie ouderdomsgroep teenoor persone van dieselfde ouderdom gedoen is, maar selfs al sou daar drasties hiervoor besnoei word, bly die toename tot 60 persent steeds geweldig.

6.5.1.7 26-30 jaar

- (a) Jy - 71%
- (b) U - 8%
- (c) R-vorm - 20%
- (d) Ander - 1%

Die gebruik van *jy* deur hierdie groep brei selfs uit tot persone wat meer as 15 jaar ouer as die spreker is. Die gebruik van *u* bereik by hierdie groep 'n hoogtepunt. Dit moet miskien verklaar word uit die feit dat persone in hierdie groep, meer as enige ander, met senior kollegas binne die werksituasie in aanraking kom.

6.5.1.8 31-35 en 36-40 jaar

Die verskille tussen hierdie twee groepe is so min dat hulle saam hanteer kan word. Die meeste persone in hierdie groep het reeds 'n permanente loopbaan gekies, woon in hulle eie huis, is ouers.

- (a) Jy - 77%
- (b) U - 6%
- (c) R-vorm - 17%
- (d) Ander - 1%

6.5.1.9 41-50 jaar

- (a) Jy - 79%
- (b) U - 5%
- (c) R-vorm - 15%
- (d) Ander - 1%

6.5.1.10 51-60 jaar

- (a) Jy - 81%
- (b) U - 4%
- (c) R-vorm - 14%
- (d) Ander - 1%

6.5.1.11 60 jaar en ouer

- (a) Jy - 77%
- (b) U - 3%
- (c) R-vorm - 19%
- (d) Ander - 1%

Die afname in *u* en die gepaardgaande toename in R-vorme kan aan verskeie redes toegeskryf word: die persone in hierdie groep behoort dikwels tot mense met mindere opvoedkundige kwalifikasies en persone wat in die platteland gewoon en opgegroeï het.

Dit is veral opmerklik dat die R-vorme dikwels deur hierdie groep teenoor jongeres en selfs teenoor bekendes wat slegs 5 jaar ouer is, gebruik word.

6.5.2 Ouderdom van die aangesprokene (1 438)

6.5.2.1 0-2 jaar

Die gegewens wat ten opsigte van hierdie groep versamel is, word nie in persentasies uitgedruk nie.

Twaalf van die vorme wat waargeneem is, was *jy*. Die res word hier gegee, soos dit opgeteken is:

- (a) *My liefste kindjie, mamma sal haar sommer opeet.*
- (b) *Mamma sal die oom vra om haar ou stouterd 'n nammie te gee.*
- (c) *Kom nou Boemie. Kom ons trek maar Boemie se kleertjies vir mamma aan.*
- (d) *Die oom sal ons nou-nou help.*
- (e) *En die ou honne wil hom sommer byt.*
- (f) *Hoekom huil ons nou?*

Nie soseer ter sake by die ondersoek nie, maar tog interessant vanweë die vormende rol wat dit miskien by die aanleer van die R-vorme kan hê, is die gebruik wat waargeneem is, om na toeskouers op die volgende maniere te verwys:

- (h) Die oom *sal ons nou help*.
- (i) Hierdie tannie *sal jou nou-nou slaan*.
- (j) Gee die omie *se sleutels*.

6.5.2.2 3-5 jaar

Jy is in negentien van die uitings wat aangeteken is, gebruik.

Twee van die oorblywende vorme wat gevind is, was van die derdepersoonstipe, twee 'n R-vorm en een 'n *ons-vorm*. Laasgenoemde uiting word hier weergegee:

- (a) *Wat sal gebeur as ons weer in die water mors?*

6.5.2.3 6-10, 11-14 en 15-17 jaar

Hierdie drie groepe is bymekaar gevoeg omdat daar duidelike onderlinge ooreenkomste was en daar bowendien te min gegewens vir elke groep apart beskikbaar was om tot 'n redelike gevolgtrekking te kon kom. Die persentasies wat hier gegee word, moet dus nie as verteenwoordigend beskou word nie.

Jy - 90%

Ander - 10%

U is 'n enkele keer teenoor die oudste persone in hierdie groep waargeneem, terwyl R-vorme deur jonger persone teenoor die oueres gebruik is. Dit het veral binne gesinne voorgekom waar 'n jonger broer of suster 'n ouer een aangespreek het, byvoorbeeld:

- (a) *Fanie sal Fanie nou kom?*

'n Besondere derdepersoonsvorm wat teenoor hierdie groep in die skool waargeneem is, was die volgende:

- (b) *Meyer weet altyd beter. Hy het nie nodig om te luister nie.*

Nog 'n eienaardige gebruik wat hier opgemerk is, was die wat deur 'n grootmoeder teenoor 'n seun van 16 gebruik is:

(c) *Ja, maar ek wil altyd eerste wees.*

'n Enkele voorbeeld van die $\emptyset$ -vorm is ook teenoor hierdie groep waargeneem.

6.5.2.4 18-20 jaar

Net soos wat daar by hierdie groep sprekers 'n dramatiese verandering in hulle aanspreekpatroon waargeneem is, is die verandering in die aanspreekpatroon teenoor hulle, as dit met die voorgaande groep vergelyk word, dramaties:

(a)	Jy	-	89%
(b)	U	-	4%
(c)	R-vorm	-	2%
(d)	Ander	-	2%

$\emptyset$ -vorme het meer voorgekom terwyl daar 'n sterk toename was in *u* en R-vorme.

Ouer persone het ook die R-vorm teenoor hierdie groep gebruik.

6.5.2.5 21-25 jaar

(a)	Jy	-	87%
(b)	U	-	4%
(c)	R-vorm	-	8%
(d)	Ander	-	1%

6.5.2.6 26-30 jaar

(a)	Jy	-	84%
(b)	U	-	5%
(c)	R-vorm	-	10%
(d)	Ander	-	1%

6.5.2.7 31-35 en 36-40 jaar

Hierdie twee groepe lewer byna presies dieselfde resultate en daarom word die gegewens hier saamgevoeg. Dit is opmerklik dat daar teenoor hierdie groep min of meer dieselfde vorme gebruik word as wat hulle gebruik. (Vergelyk 6.5.1.8, p.130).

- (a) Jy - 77%
- (b) U - 7%
- (c) R-vorm - 16%
- (d) Ander - 1%

Die ingrypendste verskynsel hier, is dat *u* teenoor hierdie groep 'n hoogtepunt bereik, terwyl die ander vorme min of meer voorspelbaar in hulle toe- en afname was.

6.5.2.8 41-50 jaar

- (a) Jy - 75%
- (b) U - 6%
- (c) R-vorm - 18%

6.5.2.9 51-60 jaar

- (a) Jy - 74%
- (b) U - 5%
- (c) R-vorm - 19%
- (d) Ander - 1%

6.5.2.10 61 jaar en ouer

Soos verwag is, het die R-vorme teenoor hierdie groep baie toegeneem ten koste van *u* en *jy*.

- (a) Jy - 69%
- (b) U - 3%
- (c) R-vorm - 27%
- (d) Ander - 1%

6.6 Taal (1 438)

Die taalgroep waartoe 'n spreker behoort het 'n duidelike, hoewel nie 'n dramatiese invloed nie, op die aanspreekvorme wat teenoor hulle en deur hulle gebruik word.

6.6.1 Taal van die spreker

6.6.1.1 Afrikaners

- (a) Jy - 77%
- (b) U - 5%
- (c) R-vorm - 17%
- (d) Ander - 1%

6.6.1.2 Engelssprekend

- (a) Jy - 84%
- (b) U - 4%
- (c) R-vorm - 11%

6.6.1.3 Swart sprekers

- (a) Jy - 40%
- (b) U - 4%
- (c) R-vorm - 54%
- (d) Ander - 2%

Die enkele gevalle (2) van 'n Swart spreker wat *u* gebruik het, is aangeteken by twee sprekers tydens 'n dinee waarop swart en wit sakemanne teenwoordig was.

6.6.1.4 Ander Europese tale

Heeltemal te min gegewens vir enige gevolgtrekking is ten opsigte van sprekers van ander Europese tale ingewin. Geen bespreking word hiervan gegee nie.

6.6.2 Taal van die aangesprokene

6.6.2.1 Afrikaners

- (a) Jy - 76%
- (b) U - 6%
- (c) R-vorm - 17%
- (d) Ander - 1%

6.6.2.2 Engelssprekend

- (a) Jy - 81%
- (b) U - 5%
- (c) R-vorm - 12%
- (d) Ander - 2%

In bykans die helfte van die waargenome gevalle is Engelssprekendes in Engels teruggeantwoord en hierdie gegewens is nie verwerk nie.

6.6.2.3 Swart tale

- (a) Jy - 92%
- (b) U - 2%
- (c) R-vorm - 4%
- (d) Ø-vorm - 2%

Net een keer is *u* waargeneem en wel op dieselfde dinee as wat in 6.6.1.3 genoem is.

Die Ø-vorm is ook tydens hierdie geleentheid teenoor 'n Swart spreker gebruik terwyl die R-vorm twee maal by klein kinders teenoor Swart-vrouens gehoor is.

6.6.2.4 Ander Europese tale

Dieselfde opmerking wat in 6.6.1.4 gemaak is, geld ook hier.

6.7 Beroep (sosiale groepe) (1 390)

6.7.1 Beroep van die spreker

Onverwagte gegewens is by die ontleding van die aanspreekvorme deur die verskillende beroepsgroepe gevind. Die beroep is gebruik om die sosiale status van die spreker en aangesprokene te bepaal. (Vergelyk 3.6.1.4, p.53). Daar was aan die begin van die ondersoek geen vermoede dat die Afrikaanse aanspreekvorme as sosiale merkers opereer nie. Daar is van die standpunt uitgegaan dat die beroep van die aangesprokene in 'n hoë mate die aanspreekvorm wat teenoor hom gebesig sou word, sal bepaal. Hoewel hierdie vermoede in 'n mate bevestig is, het die teenoorgestelde, namate die ondersoek gevorder het, duideliker geword: die beroep van die spreker, dit wil sê die sosiale groep waartoe die spreker behoort, is veral verantwoordelik vir die aanspreekvorm wat hy gebruik. (Vergelyk in hierdie verband ook 5.3.4, p.103).

Drie onderskeibare aanspreekpatrone is gevind. Hierdie drie patrone korreleer met drie verskillende sosiale groeperings in Vanderbijlpark (3.6.1.4, p.53).

Die oorspronklike indeling volgens ses beroepsgroepe het plek gemaak vir 'n indeling in net drie beroepsgroepe.

Hierdie drie groepe kon reeds, maar nie so duidelik nie, by die vasstelling van die norm waargeneem word. (Vergelyk 5.3, p.103). Nadat die gegewens in verband met persone met universiteitsopleiding wat klerklike werk (kategorie 2) gedoen het, na kategorie 3 verskuif is, was die patroon duideliker.

Beroepskategorie 1 en 2 vorm nou 'n nuwe groep, terwyl kategorieë 3, 4 en 'n gedeelte van kategorie 5 'n nuwe groep gevorm het. Kategorie 6 waarby enkele beroepe (professore en ingenieurs) uit kategorie 5 toegevoeg is, het ook 'n afsonderlike groep gevorm: die patroon by professore en ingenieurs wat oorspronklik in kategorie 5 geval het, kom nouer ooreen met groep 6.

Om enige verwarring met die vorige indeling te voorkom sal daar van nou af verwys word na:

- Sosiale groep 1
- Sosiale groep 2
- Sosiale groep 3.

Die uitings van Swart sprekers is nie by hierdie gegewens betrek nie, aangesien dit die resultate onnodig sou kompliseer.

6.7.1.1 Sosiale groep 1

- (a) Jy - 81%

Die gebruik van *jy* onder hierdie groep is hoër as by enige ander kategorie en kom, interessant genoeg, nouer ooreen met die derde groep as die tweede. Hierdie neiging is ook by die verwerking van die vraelyste waargeneem (5.3, p.103, e.v.).

- (b) U - 2%

Van al drie groepe word *u* die minste deur hierdie groep gebruik.

- (c) R-vorm - 18%

- (d) Ander - 1%

6.7.1.2 Sosiale groep 2

- (a) Jy - 76%

Die gebruik van *jy* is by hierdie groep minder as by die ander groepe.

- (b) U - 7%

- (c) R-vorm - 16%

Ook die R-vorm kom by hierdie groep minder as by die ander twee voor.

- (d) Ander - 1%

6.7.1.3 Sosiale groep 3

(a)	Jy	-	79%
(b)	U	-	5%
(c)	R-vorm	-	16%
(d)	Ander	-	0

Dit is opvallend dat, hoewel die gebruik van die R-vorme ongeveer dieselfde is as die van die tweede groep, daar 'n verskil is in die gebruik van *jy* en *u*. Hierdie groep staan wat die *jy*-gebruik betref nader aan die eerste as aan die tweede groep.

6.7.1.4 Kontrolegegewens

Om die geldigheid van hierdie gegewens te kontroleer, is 'n aparte eksperiment uitgevoer.

Op 8 Oktober 1980 is stelling in 'n apteek ingeneem en ongeveer 5 uur is daar deurgebring. Met die hulp van die apteker is die besonderhede hieronder versamel.

Van die 35 besoekers wat tydens hierdie periode inkope by die apteker gedoen het, het 4 tot die derde groep, 13 tot die eerste en 18 tot die tweede groep behoort. Kinders en persone met wie die apteker min of meer bekend was, is nie by die ondersoek betrek nie.

Die volgende gegewens word in reële syfers uitgedruk:

Groep 1 (24 uitings)

Jy	-	15
U	-	1
Julle	-	5
R-vorm	-	3

Groep 2 (42 uitings)

Jy	-	12
U	-	25
Julle	-	8

Groep 3 (7 uitings)

Jy - 2
U - 3
Julle - 2

Indien net na die *u*- en *jy*-gebruike gekyk word, is die verhouding (in persentasie uitgedruk) tussen die groepe soos volg:

	<u>Jy</u>	<u>U</u>
Groep 1	94%	6%
Groep 2	68%	32%
Groep 3	60%	40%

Hoewel daar besonder min gegewens oor die derde kategorie verkry is, korreleer hierdie gegewens baie goed met dié wat in 6.7.1.1 tot 6.7.1.3, hierbo verkry is.

6.7.2 Sosiale groep van die aangesprokene (1 438)

In hierdie geval is weer van sosiale groeperings gebruik gemaak, sodat daar 'n beter vergelyking met 6.7.1 getref kan word.

6.7.2.1 Sosiale groep 1

(a) Jy - 79%
(b) U - 4%
(c) R-vorm - 16%
(d) Ander - 1%

6.7.2.2 Sosiale groep 2

(a) Jy - 76%
(b) U - 6%
(c) R-vorm - 17%
(d) Ander - 1%

6.7.2.3 Sosiale groep 3

(a)	Jy	-	74%
(b)	U	-	7%
(c)	R-vorm	-	17%
(d)	Ander	-	0%

6.8 Huwelikstaat

Geen groot verskille is tussen getroudes en ongetroudes gevind nie. Die afwykings wat wel gevind is, moet waarskynlik aan ouderdomsverskille eerder as die huwelikstatus toegeskryf word. Dit wil egter voorkom asof getroudes meer geneig is om *jy* te gebruik as ongetroudes. Enige spesifieke aanduiding van hierdie verskil sal in die lig van die voorgaande opmerking misleidend wees. 'n Aparte ondersoek sal onderneem moet word as daar tot 'n betroubare slotsom geraak wil word.

6.9 Ras

Die gegewens wat ten opsigte van die taalgroep van die spreker en aangesprokene verkry is, oorvleuel met die gegewens wat ten opsigte van *taal* ingesamel is. Slegs 51 uitings waarin persone van verskillende rasse betrokke was, is waargeneem en die persentasies word nie apart weergegee nie. (Vergelyk ook 6.6.1, p.135).

6.9.1 Die normale R-gebruiksvorm van Swartes teenoor Blankes is met 'n lidwoord *die baas*, byvoorbeeld:

Baas *ek wil met die baas praat.*

6.9.2 *Jy*-gebruik word baie meer algemeen onder Swartes teenoor Blankes aangetref as wat verwag is, veral onder die jonger ouderdomsgroepe. Persone van jonger as 25 jaar.

6.9.3 Die enigste *u*-gebruik by Swartes is gevind by 'n uitgelese groep sakemanne. (Vergelyk 6.6.1, p.135).

6.9.4 R-vorme met *meneer* en *mevrou* is drie keer gekry by Swartes wat onder die ouderdom van 25 was, terwyl dit in die oorgrote meerderheid gevalle by ouer persone die enigste vorm was.

6.9.5 Hierdie hele kwessie verdien 'n vollediger ondersoek, aangesien daar in gevalle ná die werklike ondersoek aanduidings gevind is dat meer goeie Swartmense in formele situasies by voorkeur *u* gebruik, terwyl dieselfde Swartmense in informele situasies 'n R-vorm gebruik het. Hierdie feit korreleer met die gebruik onder Blankes.

6.10 Gesondheid

Teenoor gestremde persone is *jy* (79) en R-vorme (18) effens meer gebruiklik as teenoor normale persone - *jy* (77) en R-vorme (16). Slegs 13 uitings waar gestremde persone betrokke was, is egter aange-teken en geen geldige uitspraak kan gemaak word nie. Dit wil egter voorkom of die spreker groter familiariteit teenoor gestremdes aan die dag lê. 'n Emosie van medelye mag natuurlik ook 'n rol speel by die keuse van die aanspreekvorme.

6.11 Bekendheid (1 438)

Dat bekendheid een van die belangrikste veranderlikes by aanspreekvorme is, blyk uit die geweldige verskil wat daar in die gebruik van die aanspreekvorme tussen bekendes en onbekendes is.

Sprekers en aangesprokenes word natuurlik saam behandel, aangesien die relatiewe bekendheid tussen deelnemers aan die gesprek na weerskante sny.

6.11.1 Onbekende persone

- | | | | |
|-----|--------|---|------|
| (a) | Jy | - | 63% |
| (b) | R-vorm | - | 16% |
| (c) | U | - | 20% |
| (d) | Ø-vorm | - | 0,5% |
| (e) | Ander | - | 0,5% |

6.11.2 Toevallige kennis

- (a) Jy - 76%
- (b) U - 8%
- (c) R-vorm - 15%
- (d) Ander - 1%

6.11.3 Goed bekend

- (a) Jy - 80%
- (b) R-vorm - 16%
- (c) U - 3%
- (d) Ander - 1%

6.11.4 Bevriend

- (a) Jy - 61%
- (b) R-vorm - 17%
- (c) U - 1%
- (d) Ander - 2%

U is in werklikheid slegs 0,5% kere gevind en wel in situasies waar status 'n belangrike rol speel, soos 'n vergadering.

6.11.5 Huisgenote

- (a) Jy - 62%
- (b) R-vorm - 36%
- (c) Ander - 2%
- (d) U - 0

U is wel 'n enkele maal in 'n vergadering gevind waar die vader as voorsitter opgetree het en die seun hom aangespreek het.

6.12 Statusverandering

Baie min gegewens is in hierdie verband verkry en geen geldige uitspraak kan gemaak word nie. Waar statusverandering wissel, moet dit toegeskryf word aan die feit dat persone meer bekend raak met mekaar en dat onbekendes dus na die kategorie *toevallige kennis* oorgaan, ens.

6.13 Gesag (1 438)

Hierdie kwessie word in 'n meerdere of mindere mate deur die vorige en volgende kategorieë oorvleuel. Indien gesag egter opnuut behandel en ontleed word, is daar interessante veranderinge in die aanspreek-vorme waarneembaar.

Die groot probleem was om genoeg gegewens van die verskillende gesagsituasies te verkry en die ondersoek kan in hierdie opsig gebreke vertoon.

Die meeste uitings was *normaal hoër of laer* ten opsigte van gesag (838), terwyl die neutrale gesagsituasie die grootste gedeelte van die oorblywende uitings bestryk (584). Slegs enkele *abnormale gesagsituasies* is gevind, 11 in totaal, terwyl net 5 gevalle van *afhanklike gesag* waargeneem is. (Vir die terminologie, vergelyk 3.6.1.10, p.4⁵) Resultate in hierdie afdeling van die ondersoek word dus net vir die twee normale gesagsituasies gegee en wel vanuit die spreker se gesigspunt.

Die neutrale gesagsituasie lewer resultate soortgelyk aan die wat gevind is ten opsigte van bekendheid. Tewens die geweldige rol wat bekendheid as 'n veranderlike by die keuse van aanspreekvorme speel, word hierdeur verseël.

6.13.1 Normaal hoër

(a)	Jy	-	95%
(b)	R-vorm		3%
(c)	U	-	2%
(d)	Ander	-	1%

6.13.2 Normaal laer

(a)	Jy	-	61%
(b)	R-vorm	-	27%
(c)	U	-	11%
(d)	Ander	-	1% (Die nulvorm is by vier geleenthede waargeneem).

6.14 Emosie

Emosie slaan, soos in 2.6.1.11 (p. 45) vermeld, net op die emosie wat by die spreker aanwesig is ten tye van die uiting. Soos te verwagte was die meeste uitings funksioneel wat die emosie betref. Geen uitsluitel kan gegee word uit die gegewens wat oor die ander kategorieë beskikbaar was nie, aangesien te min gegewens verkry is.

Die volgende getalle uitings is by elke kategorie waargeneem:

Funksioneel	:	1 405
Konfrontasie	:	4
Medelye	:	18
Aangetrokkenheid	:	8
Afkeer	:	3

6.14.1 Funksionele emosie

(a)	Jy	-	78%
(b)	U	-	5%
(c)	R-vorm	-	16%
(d)	Ander	-	1%

6.14.2 Ander emosies

Dat die invloed van die emosie deurslaggewend kan wees vir die aanspreekvorm, het duidelik geblyk uit die enkele waargenome gevalle asook by die verwerking van die vraelys (5.3.6.1.6, p.113).

Jy het in al hierdie gevalle as aanspreekvorm oorheers. *U* is slegs twee keer waargeneem: een keer is dit sarkasties gebruik en 'n tweede keer om die afstand tussen die sprekers te beklemtoon. Albei gevalle is by 'n konfrontasiesituasie waargeneem. Om hierdie gebruik as 50 persent weer te gee sal egter misleidend wees. Die R-vorm is net een keer waargeneem en wel by *aangetrokkenheid*, terwyl ander vorme soos die derdepersoonsvorm drie keer voorgekom het.

Emosie as 'n funksie by aanspreekvorme en wisselende status verdien beslis nadere ondersoek. So 'n ondersoek kan hand aan hand met 'n

ondersoek na die invloed van *abnormale gesagsfunksies* op die aanspreekvorm gaan, aangesien hierdie twee kategorieë nou verwant is. (Vergelyk 3.6.1.10, p.45 en 3.6.1.11, p. 45).

6.15 Situasie

Situasie het die basiese element van die ondersoek uitgemaak en dit kan dus nie as 'n bepalende invloed van aanspreekvorme weergegee word nie. Uit steekproewe wat gemaak is, het dit egter duidelik geword dat veral *geleentheid* 'n besondere rol by aanspreekvorme mag speel. Net soos in die geval van emosie hierbo verdien hierdie aangeleentheid beslis 'n noukeurige ondersoek.

Die leser word verwys na aanhangsel E vir 'n ontleding van die getalle en kombinasies van situasies wat as basis vir die ontleding gedien het.

Aangesien daar baie min uitings waargeneem is waar die situasie nie gepas was nie, word geen definitiewe resultate oor hierdie veranderlike verstrek. (Vergelyk 7.3, p.194).

6.16 Toonaard

Die ondersoek na die toonaard het dieselfde probleme gelewer as die oor emosie en daarom word geen resultate in verband hiermee gegee nie.

6.17 Genre

Die oorgrote meerderheid van die genregebruik was *neutraal* (1 578) en die oorblywende 60 bied dus geen moontlikheid om 'n vergelykende ontleding te maak nie.

6.18 Styl

Slegs 3 van die waargenome uitings kan as *deftig formeel* beskou word. By al drie was *u* die enigste vorm wat gebruik is. 139 uitings kon as *neutraal-formeel* geklassifiseer word.

Twaalf gevalle van babataal by volwassenes is gevind. In hierdie gevalle is of 'n R-vorm of 'n derdepersoonsvorm gebruik. Slegs een keer is *jy* gebruik, maar dit is saam met 'n R-vorm gebruik.

Die styl van die orige 1 244 uitings wat ontleed is, moet as *informeel* geklassifiseer word. Die lyn tussen 'n formele en 'n informele styl is dikwels moeilik om te trek en waar daar twyfel bestaan het, is die styl as informeel beskou. Formeel moet hier nie met formele situasie of *toneel* (2.4.2.2, p. 24) verwar word nie, maar slaan op die besondere stylaard wat gebruik word (2.4.3.3, p. 25).

In die formele uitings is slegs een geval van R-gebruik gevind. Twee gevalle waar 'n *ø*-vorm gebruik is, is gevind.

U is in 84 persent van die gevalle gebruik en *jy* in 14 persent van die gevalle.

Wat die informele gebruik betref lyk die prentjie soos volg:

(a)	Jy	-	80%
(b)	U	-	3%
(c)	R-vorm	-	18%
(d)	Ander	-	1%

6.19 Vergelyking met die vraelyste

Die vergelyking van die gegewens in hierdie afdeling met die in die vraelyste word in hoofstuk 7 (p.164, e.v.) gedoen.

6.20 Voorkoms en aard van die eerste aanspraak

Die eerste aanspraak word nie op dieselfde gedetailleerde wyse as die tweede aanspraak weergegee nie. Die bespreking van die resultate in verband met eerste aansprake word hier in sewe afdelings verdeel:

- die belangrikste vorme
- die belangrikste veranderlikes
- betiteling
- algemene vorme
- bekendheid
- ras
- ouderdom.

Uit die aard van die eerste aanspraak is daar heelwat minder uitings gevind waarin dit voorkom as die tweede. Uit die totale aantal van 1 645 ontlede situasies (vergelyk aanhangsel E), is die eerste aanspraak slegs 854 keer gebruik terwyl die tweede aanspraak in 1 438 gevalle gehoor is. Hierdie getal word tog besonder hoog geag, maar dit moet toegeskryf word aan die feit dat slegs die eerste vyf uitings van enige gespreksituasie aangeteken is (vergelyk 3.3.6, p. 38).

Die voorkoms van die eerste aanspraak in verhouding tot die tweede word hieronder gegee.

Totale aantal ontlede uitings waarin een of albei aansprake voorkom:
1 645 (100 persent).

Totale aantal ontlede uitings waarin die eerste aanspraak voorkom:
854 (50 persent).

Totale aantal uitings waarin *slegs* die eerste aanspraak voorkom:
257 (15 persent).

Totale aantal uitings waarin die eerste en die tweede aanspraak voorkom:
597 (35 persent).

Totale aantal uitings waarin die tweede aanspraak voorkom:
1 438 (84 persent).

Totale aantal uitings waarin *slegs* die tweede aanspraak voorkom:
841 (50 persent).

6.20.1 Die vernaamste gebruiksvorme van die eerste aanspraak

Vorme van die eerste aanspraak word hier in volgorde van frekwensie volgens die onverwerkte gegewens gegee.

(i) Voornaam
(Waarby byname ingesluit is).

(ii) Om
(Waarby name met of sonder voornaam ingesluit is).

(iii) Meneer
(Waarby net die titel sonder van of voornaam ingesluit is).

- (iv) *Mevrou* en *juffrou*
Minder uitings teenoor vrouens as teenoor mans is ontleed en dus moet die vierde posisie nie as van besondere belang beskou word nie.
- (v) *Pa* en die wisselvorme daarvan: *pappa, pappie*.
- (vi) *Tante* en die wisselvorme daarvan: *tante, tannie, tantetjie, tant* + voornaam.
- (vii) *Meneer* + van en/of voornaam.
- (viii) *Ma* en die wisselvorme daarvan: *mamma, mammie*.
Soos in die geval van *pappa* het *mamma* die meeste voorgekom by kinders. By volwassenes is *pa* en *ma* net so frekwent as *pappa* en *mamma*.
- (ix) Ander vorme wat aangeteken is, sluit die volgende in: *dame, boetie, vrou, vroutjie*. Adjektiwiese vorme soos *ou man, jou vark, ou bees, stommerik, pampoen, jou lekker ding, my liewe Jan, geagte dokter* en naam.
- (x) Titels met of sonder naam en/of van soos *dominee, professor, dokter*.
- (xi) Funksieverwante vorme soos *meneer die voorsitter, geagte meneer die voorsitter, eerwaarde voorsitter*, ens.

Ter wille van die gemak van die bespreking sal daar van die volgende agt kategorieë gebruik gemaak word. Tussen hakies na elke kategorie is die totale waargenome gevalle weergegee. In die volgende hoofstuk (7.1, p.) sal aan enkele kenmerkende verskynsels in verband met individuele vorme aandag gegee word.

- (a) voorname, vanne en byname, sonder voorafgaande terme [225].

- (b) oom en tante (en wisselvorme) met of sonder voornaam en/of van (186).
- (c) meneer, mevrou, juffrou, dame, betiteling (met of sonder voornaam en/of van waar toepaslik (248).
- (d) spesifieke vorme vir Swartes (5).
- (e) spesifieke vorme vir Blankes deur Swart sprekers (12).
- (f) algemene vorme: jong, mens, man, haai (56).
- (g) pa, ma (en wisselvorme) (60).
- (h) ander (62).

Hierdie kategorieë sal onderskeidelik van (a) tot (g) gemerk word. Hierdie kodes word in 6.20.5 en 6.20.7 gebruik.

6.20.2 Die belangrikste veranderlikes

Benewens die geslagsgebonde en huwelikstaatgebonde, beroepsgebonde, kwalifikasiegebonde en funksiegebonde aanspreekvorme is die vernaamste veranderlikes wat die eerste aanspraak betref die volgende in volgorde van belangrikheid:

- bekendheid
- ras
- ouderdomsverskil tussen die deelnemers
- situasie
- emosie (te min gegewens is egter oor hierdie veranderlike verkry om 'n besliste uitspraak te maak).

6.20.3 Betiteling

Geslagsgebonde, huwelikstaatgebonde, beroepsgebonde, kwalifikasiegebonde en funksiegebonde aanspreekwyses kan onder die versamelterm *betiteling* byeengebring word. Logies gesproke moet ook die verwantskapsterme by hierdie groep ingedeel word.

6.20.3.1 Geslag en huwelikstaat

Die volgende is waargeneem in die ondersoek. Dit word volgens eenderse funksies gekategoriseer:

<u>Manlik</u>	<u>Vroulik</u>
(a) meneer	mevrouw juffrou dame(tjie) (veral teenoor persone van wie die huwelikstaat onbekend is)
(b) oom omie	tante tannie tantetjie
(c) boetie boetietjie boet seun seuntjie latjie (laaitie)	sussie sussietjie nig juffie meisie(tjie) dogtertjie
(d) ou kêrel swaer boet ou vriend my ou maat ou maat kêrel	juf dametjie skat
(e)	vrou vroutjie skatjie

Kategorieë (a) en (b) hierbo is met en sonder die voornaam en/of van aangetref. In die meerderheid van die gevalle is die vorm sonder meer gebruik.

By *meneer* en die vroulike ekwivalente is die van saam gebruik, hoewel twee gevalle met sowel die voornaam en die van aangeteken is. In slegs een geval is net die voornaam saam met die titel aangeteken. In hierdie geval is dit teenoor 'n persoon gebruik wat onder alle bekendes onder die betrokke vorm bekend staan, naamlik *Juffrou Ansa*. Dit is dus te betwyfel of dit 'n outentieke geval is.

Kategorie (c) word eintlik uitsluitlik teenoor onvolwassenes gebruik. 'n Enkele voorbeeld van 'n smalende *boetie* teenoor 'n ander volwassene is wel aangetref.

Kategorie (d) word veral tussen volwassenes gebruik. Die manlike ekwivalente word teenoor bekendes en toevallige kennisse gebruik, terwyl die vroulike vorme slegs gehoor is teenoor toevallige kennisse.

Kategorie (e)

Die manlike vorme is hier dieselfde as vir *kategorie (d)*. Dit is vorme wat teenoor onbekendes waargeneem is. Die vroulike groep is net in gebruik deur vrouens waargeneem.

6.20.3.2 Kwalifikasie- en beroepsgebonde terme

Die volgende vorme is aangeteken: *doktor, dokter, dominee, professor, sersant, suster, nurse, juffrou* (vir getroude en ongetroude onderwyssers, so aangespreek deur kinders, en in twee aangetekende gevalle deur die hoof van 'n skool in die aanwesigheid van kinders).

Daar bestaan natuurlik meer sodanige vorme, maar net die voorgaande is aangeteken. Net *dokter, nurse* en *professor* is saam met die van aangeteken.

6.20.3.3 Funksiegebonde terme

Edelagbare en U Edcle

Hierdie twee vorme is tydens besoeke aan die landdroshof aange=teken. Dit was egter interessant dat 'n prokureur tydens 'n verdaging en buitekant die hofsaal, die landdros, wat hy skaars vyf minute vroeër *edelagbare* genoem het, met *meneer* aangespreek het. Of dit normale praktyk is, kon ek nie vasstel nie.

Meneer die voorsitter en eerwaarde voorsitter

Beide vorme is tydens 'n kerkraadsvergadering waargeneem teenoor die predikant. Die tweede vorm het in die loop van die aand die algemeenste voorgekom. Die eerste vorm is ook tydens ander verga=derings aangeteken.

Dames en Here

Hierdie vorm is slegs tydens vergaderings, formeel en informeel waargeneem en dit moet dus ook by hierdie groep ingedeel word. Streng gesproke vorm hierdie terme nie deel van die ondersoek nie, maar dit word tog volledigheidshalwe hier aangeteken. In die enkel=voud is waargeneem: *Dame* en *Meneer*.

Broer (broeder) en suster

Hierdie twee terme is slegs in situasies in verband met die kerk aangeteken. Die *broer*-vorm is in die G.N.-kerk gehoor terwyl die *broeder*-vorm in die Gereformeerde kerk gehoor is. Hier is daar dus sprake van 'n gebruik wat met die kerkverband korreleer.

Net in die geval van *broer (broeder)* en *suster* is vorme saam met die van of die voornaam aangeteken.

6.20.4 Algemene vorme

Onder hierdie kategorie sal daardie soort vorme wat aan die volgende drie vereistes voldoen, verstaan word:

- (a) dit moet teenoor altwee geslagte gebruik word;
- (b) dit moet teenoor volwassenes en kinders gebruik kan word;
- (c) dit moet nie gebonde wees aan beroep, funksie of kwalifikasie nie.

Vier terme is aangeteken: *mens, man, jong*

Een meervoudige vorm *ouens* kom ook voor. Die enkelvoudsvorm *ou* is slegs teenoor manspersone gehoor.

6.20.4.1 Funksie en voorkoms

By die ondersoeker heers daar twyfel of hierdie vorme dieselfde funksie vervul as die ander aanspreekvorme (vergelyk 7.1.1.9, p.176).

Vyf keer is twee van hierdie vorme in dieselfde uiting aangeteken en by een uiting het al drie vorme saam voorgekom:

Jong, man dit was 'n probleem, *mens*.

In hierdie gebruik is dit te betwyfel of dit werklik aanspreekvorme is.

Hierdie vorme is in kombinasie met *meneer, mevrou, juffrou, oom, tannie, dominee, professor*, voorname en geslagsgebondevorme soos *ou, vrou* en *boet* waargeneem. In sulke gekombineerde uitings is daar nie 'n aantekening van die algemene vorme gemaak nie en die gegewens oor die voorkoms daarvan is dus nie heeltemal betroubaar nie. Die gebruik daarvan in isolasie of saam met die tweede aanspreekvorme is wel noukeurig aangeteken.

6.20.4.2 'n Verwante vorm

'n Vorm wat aan die algemene groep verwant is, is *boeta*. Dit het in kombinasie met *mens, man* en *jong*, of alleen voorgekom. 'n Voorbeeld van hierdie vorm is:

En jy weet boeta, dit was die laaste keer.

6.20.4.3 Frekwensie

Jong	- 25 keer in totaal
Man	- 19 keer in totaal
Mens	- 5 keer in totaal
Boeta	- 3 keer in totaal.

Mens is slegs in uitings deur vrouens waargeneem. Dit is egter nie 'n bewys dat hierdie vorm nie deur mans gebruik word nie.

Net een maal is een van hierdie vorme naamlik *man* by 'n uiting wat *formeel* gemerk is, waargeneem. In hierdie geval was daar ook 'n duidelike emosie van afkeer by die spreker.

Hierdie vorme het in uitings voorgekom wat ten opsigte van *toneel*, *styl* en *genre* soos volg gemerk is:

Toneel

Informeel
Emosioneel
Feestelik

Styl

Informeel
Babataal

Genre

Neutraal
Vertelling
Spreekwyses
Propaganda

Op grond van die enkele teenvoorbeeld hierbo kan vermoed word dat hierdie vorme ook elders sal voorkom indien die emosie hewig genoeg is.

6.20.5 Bekendheid (854)

(Vir die kodes van die aanspreekvorme, vergelyk 6.20.1, p.149).

6.20.5.1 Onbekende persone

		%
(a)	-	0
(b)	-	15
(c)	-	73
(d)	-	1
(e)	-	2
(f)	-	2
(g)	-	0
(h)	-	6

6.20.5.2 Toevallige kennis

		%
(a)	-	9
(b)	-	24
(c)	-	58
(d)	-	0
(e)	-	0
(f)	-	6
(g)	-	0
(h)	-	4

6.20.5.3 Goed bekend

		%
(a)	-	27
(b)	-	29
(c)	-	26
(d)	-	1
(e)	-	3
(f)	-	6
(g)	-	0
(h)	-	8

6.20.5.4 Bevriend
%

(a)	-	48	
(b)	-	26	
(c)	-	2	(Dit het in twee uitings voorgekom maar in dieselfde verband as byvoorbeeld <i>ou maat</i>)
(d)	-	0	
(e)	-	0	
(f)	-	9	
(g)	-	0	
(h)	-	14	

6.20.5.5 Huisgenote
%

(a)	-	39
(b)	-	2
(c)	-	0
(d)	-	0
(e)	-	0
(f)	-	7
(g)	-	41
(h)	-	10

6.20.6 Ras

Slegs 24 gevalle van eerste aansprake wat deur persone van verskillende rasse teenoor mekaar gebruik is, is waargeneem. Hier volg 'n onverwerkte ontleding.

6.20.6.1 Meneer en ander

Een geval met *jong* (die algemene vorm) is teenoor 'n Swarte gebruik.

In twee gevalle het 'n Swart spreker *meneer* teenoor 'n Blanke gebruik. (Albei hierdie gevalle is tydens 'n dinee vir sakemanne waargeneem). In een geval het 'n Blanke *meneer* teenoor 'n Swart persoon gebruik (tydens die genoemde dinee). In twee gevalle is die voorname teenoor Swartes gebruik.

6.20.6.2 Spesifieke terme teenoor Swartes

Teenoor Swartvrouens is *ousie* twee keer waargeneem en *ennie* een keer. Teenoor Swartmans is een keer *monna* en een keer *kaffer* waargeneem.

6.20.6.3 Haai

Dit is in een geval teenoor 'n Swartman gebruik.

6.20.6.4 Baas, miesies, nooi, my kroon

Teenoor Blanke vrouens is 4 keer *miesies* en een maal *nooi* aangeteken.

Teenoor Blanke mans is een maal *oubaas*, ses maal *baas* en een maal *my kroon* aangeteken.

6.20.7 Ouderdom (687)

Die volgende gegewens is by die verwerking om klaarblyklike redes weggelaat:

- (a) aanspreekvorme tussen ouers en kinders;
- (b) aanspreekvorme tussen die verskillende rasse.

Die gegewens wat verkry is, is nie voldoende om in alle gevalle tot 'n geldige gevolgtrekking te geraak nie. Waar die gegewens skraps is, is dit as sodanig aangedui.

Om die probleem van die hoeveelheid gegewens te oorbrug, is daar van die normale patroon van aanbieding afgewyk. Groepe is bymekaar gevoeg en daar is eerder op die relatiewe ouderdomsverskil tussen die spreker en die aangesprokene gekonsentreer as om hierdie twee groepe afsonderlik te hanteer. Hierdie metode hou die voordeel in dat die aanspreekvorme tussen generasies duideliker na vore kom.

Die volgende getalle gegewens vir die groepe soos aangedui, is hier verwerk:

Sprekers	15-20	(116)
Sprekers	21-30	(165)
Sprekers	31-40	(199)
Sprekers	41-50	(90)
Sprekers	51-60	(69)
Sprekers	61+	(48)

AANGESPROKENES	VORME	61+ JAAR	51-60 JAAR	41-50 JAAR	31-40 JAAR	21-30 JAAR	15-20 JAAR
15-20 jaar	a	30*	20*	44	48	50	55
	b	0	0	0	0	0	3
	c	40	40	36	32	15	14
	f	10	0	4	6	15	9
	h	20	40	16	14	20	17
21-30 jaar	a	45*	20*	38	49	48	45
	b	0	0	0	0	0	15
	c	30	40	41	27	21	
	f	0	20	11	15	14	11
	h	25	20	10	9	16	4
31-40 jaar	a	18	38	46	46	52	2
	b	0	0	0	0	4	64
	c	46	41	35	31	32	26
	f	9	13	12	18	9	6
	h	27	8	8	5	4	2
41-50 jaar	a	35*	42	41	27	33	3
	b	0	0	0	15	21	60
	c	42	28	36	39	37	33
	f	14	18	16	15	6	3
	h	7	12	8	3	3	0
51-60 jaar	a	35*	40*	33	6	2	0
	b	0	0	10	45	59	70
	c	45	40	42	39	34	25
	f	15	10	12	9	2	5
	h	5	10	3	0	2	0
61+ jaar	a	30*	35*	5*	0*	0*	Te min gegewens (maar skynbaar soos vir vorige)
	b	10	25	45	61	55	
	c	50	35	40	34	40	
	f	10	5	10	4	5	
	h	0	0	0	0	0	

* Vir groepe wat so gemerk is, is onvoldoende gegewens verkry en die data hier moet dus as voorlopig beskou word.

Vir die kodes van die vorme, verwys na 6.20.1, p.149.

6.21 Die kombinasie van die aanspreekvorme

In hierdie afdeling sal daar slegs na die kombinasie van die eerste en tweede aanspreekvorme gekyk word. Vir hierdie doel word die eerste aanspreekvorme in 'n groep van 10 verdeel, so ook die tweede aanspraak. Die volgende veranderlikes word ontleed:

6.21.1 die drie sosiale groepe soos in hierdie hoofstuk
(6.7, p.137) uiteengesit;

6.21.2 bekendheid.

Kategorieë vir die eerste aanspraak

Die voorname en vanne in kombinasie met die ander vorme word nie apart aangegee nie, maar met die kombinasie hanteer.

- 0 - Geen aanspreekvorm
- 1 - Voorname, vanne, byname
- 2 - Oom en tante en wisselvorme
- 3 - Meneer, mevrou, mejuffrou, dame en betitelings volgens beroep, kwalifikasie of funksie
- 4 - Spesifieke vorme vir Swartes
- 5 - Vorme vir kinders: seuntjie, meisie, boetie, ens.
- 6 - Algemene vorme: jong, mens, man, ens.
- 7 - Pa, ma en wisselvorme
- 8 - Spesifieke vorme vir Blankes deur Swartes
- 9 - Ander.

Kategorieë vir die tweede aanspraak

- 0 - Geen vorm - nie die $\emptyset$ -vorme nie
- 1 - Jy
- 2 - U
- 3 - R-vorme (dit wil sê die herhaling van die eerste aanspraak)
- 4 - $\emptyset$ -vorme
- 5 - Ander.

6.21.1 Kombinasiegebruik volgens sosiale groepe

Vir 'n uiteensetting van die groepe, verwys 6.7.2 (p.137). Die gebruik word gegee volgens die groep waartoe die *spreker* behoort.

Uitings van Swartes word nie betrek nie, wel uitings teenoor Swart persone. Dit word onder *ander* verdiskonteer. Waar lede van die kombinasie minder frekvent as 1 persent is, word dit onder *ander* (95) geklassifiseer.

KOMBINASIES	GROEPE		
	1	2	3
01	40	38	39
02	1	3	2
03	9	8	8
05	1	1	1
10	4	5	5
11	18	16	19
20	3	2	2
21	1	1	2
22	0	1	0
23	3	2	3
30	4	5	4
31	5	1	2
32	1	2	1
33	2	0	0
50	1	2	2
51	1	0	1
53	1	0	0
60	1	3	4
61	2	2	1
65	0	1	0
70	0	1	0
73	1	1	1
90	1	1	1
91	1	0	0
95	1	3	2

6.21.2 Kombinasiegebruik volgens bekendheid

KOMBI= NASIES	ONBEKEN= DES	TOEVALLIGE KENNISSE	GOED= BEKEND	BEVRIEND	HUISGENOTE
01	31	38	40	41	31
02	10	4	1	0	0
03	8	7	8	8	18
05	1	0	1	1	1
10	0	1	4	7	6
11	0	2	21	23	14
15	0	0	0	1	2
20	3	3	4	4	0
21	3	3	2	1	0
22	0	0	0	0	0
23	4	4	5	5	0
30	8	8	4	0	0
31	15	18	3	0	0
32	5	3	1	0	0
33	2	1	1	0	0
50	1	0	0	0	1
51	1	1	0	0	1
55	0	0	0	1	1
60	1	1	1	1	1
61	1	1	2	2	3
63	0	1	0	0	0
65	0	0	0	1	1
70	0	0	0	0	6
71	0	0	0	0	2
72	0	0	0	0	0
73	0	0	0	0	8
90	1	0	0	1	0
91	0	0	0	1	0
92	0	0	0	0	0
93	0	0	0	0	0
95	1	2	3	2	3

HOOFSTUK 7

GEVOLGTREKKING

In hierdie gedeelte word die resultate wat in die ondersoek verkry is aan die doelwit (probleemstelling 1.7, p.12) getoets.

Die voorbeelde wat in hierdie afdeling gebruik word, is, tensy dit anders vermeld word, gedurende die ondersoek versamel en kom uit die vraelyste en die sistematiese opname.

7.1 Die aanspreekvorme en wisselende status by die aangesprokene

In 1.6.4 (p. 12) word die bewering gemaak dat *die keuse van 'n aanspreekvorm afhanklik is van 'n stel reëls wat deur sosiale konvensies beperk word.*

In 2.1 (p.13) word dit gestel dat die doel van die studie *die vasstelling van verbande tussen aanspreekvorme en posisie of status* insluit.

Hierdie twee verwante sake word vervolgens aan die resultate van die ondersoek getoets: watter redes is onderliggend aan die keuse van 'n spesifieke aanspreekvorm en wat is die statusfunksies van die betrokke aanspreekvorm ten aansien van die aangesprokene?

Uit die ondersoek het dit duidelik geblyk dat die eerste of tweede aanspraak alleen, nie die sosiale afstand tussen die spreker en die aangesprokene kan vergestalt nie, ook nie die relatiewe status tussen die deelnemers in 'n besondere situasie nie. Hoe kan normatiewe anomalieë soos die hieronder vertolk word as net die eerste aanspraak of tweede uitgesonder word?:

- (a) *Oom, het jy hom gesien?*
- (b) *Jan, wat is hierop u antwoord?*

Altwee aansprake saam is ook nie altyd voldoende om status en sosiale afstand uit te druk nie. Die tweede uiting (b) sal steeds na 'n onwaarskynlikheid lyk totdat die volle konteks herroep word. Dit is geuiter deur 'n predikant wat goed bekend is met die persoon voor hom. In die formulier vir die bevestiging van ouderlinge en diakens (Formulier, 1976 : 148) word vereis dat die betrokke broeder(s) op hulle naam en van aangespreek word en dat dit met *u* gevolg moet word. Omdat hierdie predikant die broeder persoonlik goed geken het, het hy dit blykbaar nie nodig geag om die van by te voeg nie. By die *u*-voorskrif het hy hom egter gehou.

Hierdie konteks is nodig om nie alleen die situasie te herroep nie, maar om die volle verhouding tussen die deelnemers daar te stel. 'n Dorvereenvoudigde aanname dat die aanspreekvorme volledig hierdie funksie kan vervul, sal nie deug nie. Vergelyk ook die volgende uiting:

(c) *Frans, wat soek jy al weer hier?*

Nee, dit is nie 'n vader en 'n seun wat deelnemers aan hierdie gesprek is nie, ook nie 'n ander volwasse persoon teenoor 'n kind nie, ook nie 'n werkgewer teenoor 'n werknemer nie. Hierdie uiting is in 'n landdroshof aangeteken. Na die normale hofformules het die landdros afgebuig na die beskuldigde voor hom, en dieselfde persoon wat hy 'n oomblik tevore formeel en volgens voorskrif indirek aangespreek het met

(d) *Hoe pleit die beskuldigde?*

ewe informeel aangespreek.

Hy het hierdie persoon blykbaar uit vorige sake onthou, selfs miskien persoonlik met hom kennis gemaak. Buite hierdie situasie sou die relatiewe status wel vergestalt wees, maar die sosiale afstand? Volgens die normgebruik, vergelyk 5.3.6.1 (p.112) word 'n naam teenoor bekendes gebruik en so ook *jy* (5.3.6.2.2, p.116). *Jy* word ook teenoor minderes gebruik, maar nie as die situasie so formeel soos hierdie is nie. Dit is altans die verwagting.

As die funksie van die aanspreekvorme bepaal word, is dit allereers nodig dat die voorgaande steeds in gedagte gehou word: oorveralge=menings lei altyd tot ooreenvoudiging. Die taak van die taalkundige kan dus nooit een van voorskryf en wette stel wees nie, hy kan slegs algemene kenmerke weergee.

7.1.1 Die funksie van die eerste aanspraak en die wisselende status van die aangesprokene

Die belangrikste funksie van die eerste aanspraak is dat dit gebruik word om die sosiale afstand tussen die spreker en die aangesprokene uit te druk. Hierdie funksie sal uit die volgende gegewens blyk.

7.1.1.1 Voorname

Beter bekendes word op hulle naam aangespreek (6.20.5.3, p.156 en 6.20.5.4, p.157) mits die ouderdomsverskil tussen die deelnemers dit toelaat (vergelyk 6.20.7, p.160). Ouers spreek kinders op hulle voornaam aan (6.20.5, p.156).

Senior persone in die werksituasie spreek hulle ondergeskiktes op hulle voorname aan. (Hierdie gegewens is nêrens afsonderlik verwerk nie, maar blyk tog uit 6.20.5.3 (p.156) waarin sodanige gegewens vervat is).

Die funksies van die gebruik van die voornaam kan veralgemenend soos volg beskryf word:

- dit druk bekendheid uit;
- dit druk samehorigheid uit;
- dit druk onderhorigheid aan die spreker uit.

Die drie funksies word selde gelyk geaktiveer; gewoonlik net twee op 'n keer.

Die eerste twee funksies druk sosiale afstand uit terwyl die derde status uitdruk. Dit is opmerklik dat die gebruik van voorname teenoor ouer persone uitbrei namate die spreker ouer is (6.20.7, p.160).

7.1.1.2 Dom, tante en wisselvorme

Die funksies van hierdie twee aanspreekvorme kom baie met die vorige ooreen en word dus hier behandel en nie in 7.1.1.4 waar hulle tuishoort nie.

Dit word in die eerste plek teenoor bekendes gebruik, nie alleen beter bekendes nie, maar ook toevallige kennisse (vergelyk 6.20.5.2/3/4, p.156 en 157).

Dit word byna uitsluitlik teenoor persone gebruik wat tien jaar of meer ouer as die spreker is (6.20.7, p.160). 'n Enkele geval is opgeteken waar dit selfs teenoor 'n jonger persoon aangeteken is. Die deelnemers was nie aan mekaar bekend nie.

Dit word ook teenoor onbekende persone wat heelwat ouer is as die spreker gebruik (6.20.5.1, p.156).

Dit word nie deur kinders teenoor broers, susters of ouers gebruik nie. Vier gevalle is egter aangeteken waar dit teenoor 'n stiefpa gebruik is (6.20.5.5, p.157).

Die funksies van hierdie aanspreekvorme kan veralgemenend soos volg saamgevat word:

- dit druk die ouer ouderdom van die aangesprokene uit;
- dit druk bekendheid uit;
- dit druk samehorigheid uit.

Hier word daar nie soos in die geval van die vorige vorm onderhorigheid vergestalt nie. Hoewel die spreker onderhorig mag wees aan die aangesprokene, kan dit net so goed andersom ook wees.

Hierdie vorme se funksie is dus by uitstek om sosiale afstand te vergestalt en nie status nie. Status word hiermee net vergestalt waar dit gebruik word om verwantskap uit te druk, maar ook hier word status deur sosiale afstand oorvleuel.

Dikwels word al drie funksies saam uitgedruk, maar die eerste funksie kan soms alleen geaktiveer word, terwyl die laaste twee gewoonlik saam geaktiveer word.

Die eerste funksie word dikwels alleen geaktiveer as kinders met ouer persone praat. Volgens 6.20.7 (p.160), is dit die normale gebruik deur persone van 15 tot 20 jaar teenoor byna alle persone ouer as dertig.

Dit is skynbaar so dat, namate die spreker ouer word, die ouderdoms=verskil wat daar moet bestaan vir die gebruik van hierdie term verhoog. Vergelyk die volgende gegewens wat van 20.6.7 (p.160) geneem is:

GEBRUIK	SPREKER	AANGESPROKENE
64%	15-20	30-40
21%	21-30	41-50
45%	31-40	51-60

Tannie word meer dikwels gebruik as *tante*. *Tant* sonder voornaam is nooit waargeneem nie, terwyl van *auntie* wat algemeen in my eie kleintyd was, niks oorgebly het nie.

7.1.1.3 Kwalifikasie- en beroepsgebonde vorme

Hierdie groep sluit die volgende vorme in: *doktor*, *dokter*, *dominee*, *professor*, *sersant*, *suster*, *nurse*, *juffrou* vir getroude en ongetroude onderwyseresse en *meneer* vir onderwysers. Die laaste twee terme is homonieme van die vorme wat in 'n volgende deel (7.1.1.4, p.169) bespreek word, maar dit verskil in funksie. Daar bestaan meer van hierdie vorme, maar net die genoemdes is aangeteken (vergelyk 6.20.3.2, p.152 en Ponelis, 1979 : 37, e.v.).

Prof. Hertzog Venter het eenmaal terloops opgemerk dat daar, toe hy jonk was, net twee *menere* en een *mevrou* in sy dorp gewoon het. Hulle was die predikant, die onderwyser en die predikant se vrou. Die funksie van die kwalifikasie- en beroepsgebonde terme is vandag dikwels dieselfde as wat *meneer* en *mevrou* was: hulle druk die besondere status van die

aangesprokene ten opsigte van sy beroep of verwerfde kwalifikasie uit. Die funksies van hierdie terme is die volgende:

- dit druk kwalifikasie- of beroepstatus uit;
- dit druk 'n relatiewe groot sosiale afstand tussen die spreker en die aangesprokene uit.

Hierdie vorme word selde gebruik waar die deelnemers samehorig is, of baie bekend is. As dit wel deur samehoriges gebruik word, is die situasie meestal *formeel* gemerk. Die funksie van die betrokke aanspreekvorm is dan belangriker as die samehorigheid van die deelnemers.

Tussen bekendes maak hierdie vorm plek vir die voornaam of 'n term uit 7.1.1.2, (p.167).

Een belangrike uitsondering op hierdie laaste reël moet aangemerkt word: by verskeie geleenthede is daar opgemerk dat die hoof van 'n instelling selfs in nie-formele situasies deur vriende volgens hulle titel aanspreek word.

Nog 'n opmerking moet in verband met die eerste funksie van hierdie kategorie gemaak word: die term *status* moet nie gesien word as van 'n hoër rang as die spreker nie (vergelyk 2.1, p.13). Dit dui bloot kwalifikasie- en beroepstatus aan.

7.1.1.4 Geslagsgebonde vorme

7.1.1.4.1 Meneer, mevrou, juffrou, dame

Hierdie vorme dui op relatiewe onbekendheid tussen die deelnemers (vergelyk 6.20.5, p.156). Teenoor bekendes word hierdie vorme min gebruik en die gebruik neem af namate die bekendheid toeneem en die sosiale afstand gevolglik kleiner word. Hierdie vorm word in baie min gevalle teenoor persone onder die ouderdom van 18 gebruik (6.20.7, p.160).

Verder word hierdie terme ook gebruik deur junior personeel teenoor senior personeel in 'n bedryf of ander instansie. Waar dit so gebruik

word, kom die funksie daarvan ooreen met die vorme wat in 7.1.1.3 bespreek word en word dit nie hier herhaal nie.

Hierdie terme word ook gebruik in 'n formeel gemerkte situasie. Die gegewens in verband hiermee is oral in die resultate verwerk aangesien die situasie nie as 'n afsonderlike veranderlike hanteer is nie. (Vergelyk egter in hierdie verband 7.3.1, p.194).

Die funksies van hierdie vorme is van uiteenlopende aard:

- dit druk volwassenheid uit;
- dit druk onbekendheid uit;
- dit druk 'n relatiewe groot sosiale afstand uit;
- dit druk formaliteit uit;
- dit druk geslagsonderskeiding uit;
- dit druk in die geval van *juffrou* en *mevrou* huwelikstatus uit;
- dit druk in die geval van *dame* onbekendheid van die huwelikstatus uit.

Die eerste vyf funksies het op al vier vorme betrekking, terwyl die laaste twee spesifiek aan die genoemde vorme gekoppel is.

Die eerste drie funksies word altyd saam met die laaste drie (waar van toepassing geaktiveer) terwyl die vierde funksie volgens die situasie geaktiveer word en nie noodwendig met die eerste drie verband hou nie.

Talle uitsonderings kan op hierdie reëls aangemerkt word. Dit gebeur byvoorbeeld dikwels dat vriende mekaar skertsend as *meneer* of *dame* aanspreek, sonder om daardeur die sosiale afstand te vergroot. Die teendeel is in sulke gevalle eerder waar.

7.1.1.4.2 Vorme teenoor kinders

Die vorige groep vorme (7.1.1.4.1) slaan besonderlik op volwassenes. Die groep waarna vervolgens gekyk word, is veral vorme wat teenoor onvolwassenes gebruik word (6.20.3, p.150). Die gebruik van hierdie

groep aanspreekvorme is veral beperk teenoor persone onder die ouderdom van 18 jaar (6.20.7, p.160: kode *h* is hier van toepassing).

In die verwerking van die vraelys, opdragte 17 en 19, is hierdie vorme dan ook die gebruiklikste eerste aansprake teenoor kinders (5.1.6.1, p.86).

Die vorme wat in die vraelys en tydens die sistematiese waarneming verkry is, is die volgende:

<u>Manlik</u>	<u>Vroulik</u>
<i>boetie</i>	<i>sussie</i>
<i>boetietjie</i>	<i>sussietjie</i>
<i>boet</i>	<i>nig</i>
<i>boetman</i>	<i>juffie</i>
<i>seun</i>	<i>meisie/tjie</i>
<i>seuntjie</i>	<i>dogter/tjie</i>
<i>grootman</i>	<i>poppie</i>
<i>latjie (laaitie)</i>	<i>nooi/entjie</i>

Die funksies van hierdie vorme is soos volg:

- dit druk geslag uit;
- dit druk onvolwassenheid uit.

Daar mag vermoed word dat hierdie vorme ook noodwendig nog samehorigheid en bekendheid uitdruk, maar daar is geen aanduidings in die gegewens dat dit die geval is nie. Hierdie vermoede berus waarskynlik bloot op die feit dat 'n mens normaalweg minder formeel met kinders omgaan as met volwassenes. Hierdie vorme is in formele en informele situasies teenoor bekende en onbekende kinders aangeteken.

Oor ander gebruike en funksies van hierdie vorme, verwys na 7.1.1.10 (p.178).

7.1.1.4.3 Geslagsgebonde vorme wat informaliteit uitdruk

Daar is 'n groot groep vorme wat veral in informele situasies waargeneem is. Die manlike groep is teenoor bekendes en onbekendes waargeneem, terwyl die vroulike groep slegs teenoor onbekendes waargeneem is. Dit is moontlik dat die vroulike groep ook onder bekendes gebruik word. Sulke gevalle is egter nie aangeteken nie.

Die vroulike groep moet in twee groepe verdeel word. Die eerste groep is veral by mans waargeneem, terwyl die tweede groep slegs by vrouens onderling gehoor is. Hierdie aspek word nie in hierdie afdeling belig nie, maar wel in 7.2.1.2 (p.185).

Hoewel daar baie min inligting oor hierdie vorme ingesamel is, wil dit voorkom asof hulle veral gebruik word om 'n bereidheid tot samehorigheid uit te druk (6.20.5.1 en 6.20.3.1, p.156 en 151).

Die waargenome vorme is soos volg:

<u>Manlik</u>	<u>Vroulik</u>
<i>ou kêrel</i>	<i>juf</i> (groep 1)
<i>kêrel</i>	<i>dametjie</i>
<i>swaer</i>	<i>skat</i>
<i>boet</i>	<i>vrou</i> (groep 2)
<i>ou vriend</i>	<i>vroutjie</i>
<i>my ou maat</i>	<i>skatjie</i>
<i>ou maat</i>	

Die funksies wat dit ten opsigte van die aangesprokene uitdruk is soos volg:

- dit druk aanvaarding uit (dit wil sê die aangesprokene word versoek om die sosiale afstand met die spreker te verklein);
- dit druk geslag uit;
- die vroulike vorme druk relatiewe onbekendheid uit;
- dit druk informaliteit uit (selfs al word hierdie vorme in 'n formele styl gebruik, wek dit die skyn van informaliteit).

Die vierde funksie word in 7.2.1.2 (p.185) belig. Die eerste drie funksies word altyd gelyk geaktiveer.

7.1.1.5 Rolgebonde vorme

In 6.20.3.3 (p.153) is na hierdie vorme as funksiegebonde vorme verwys, maar om verwarring met die onderwerp van hierdie afdeling te voorkom is die term hier gewysig. As algemene gebruiksterm sal funksiegebonde vorme myns insiens die geskikste wees.

Hierdie aanspreekvorm is beperk in hulle gebruik tot besondere situasies waarin die aangesprokene 'n spesifieke rol vervul wat hy nie buite die betrokke situasie vervul nie. Om hierdie rede is die gebruik van hierdie vorme dan ook uiters beperk en is hulle funksie ook maklik ontleedbaar:

- dit druk die rol van die aangesprokene in 'n besondere situasie uit.

Vorme wat en die persone teenoor wie dit aangeteken is, sluit die volgende in:

<i>Edelagbare</i>	(landdros)
<i>U edele</i>	(landdros)
<i>Meneer die voorsitter</i>	(teenoor algemene voorsitters by vergaderings)
<i>Eerwaarde voorsitter</i>	(teenoor predikante)
<i>Dame en meneer</i>	(in 'n formele vergadering bestaande uit drie persone)
<i>Broeder</i>	(tydens huisbesoeke aan Gereformeerde lidmate)
<i>Broer</i>	(tydens huisbesoeke aan Nederduits-Gereformeerde lidmate)
<i>Suster</i>	(teenoor vroulike kerklidmate).

Die *meneer* in *meneer die voorsitter* druk nie noodwendig 'n volwassene uit nie; dit is ook op 'n vergadering waargeneem waar 'n seun van 15

jaar die voorsitterstoel beklee het. Die funksie van hierdie vorm wat hierbo aangegee is, word hierdeur beklemtoon.

Daar bestaan verskeie ander sodanige vorme, maar net die genoemdes is aangeteken. (Ponelis, 1979 : 37, e.v.).

7.1.1.6 Nie-geslagsgebonde vorme teenoor kinders

Benewens die geslagsgebonde vorme wat teenoor kinders gebruik word, is daar enkele algemene vorme aangeteken te wete:

kind

kindjie

outjie

Die eerste twee vorme impliseer natuurlik kindskap in die sin dat dit die kind van die spreker is, maar dit is dikwels buite hierdie verband waargeneem.

Die funksie van hierdie vorme is bloot die volgende:

- dit druk onvolwassenheid uit.

Hierdie vorme word ook soms teenoor volwassenes gehoor, soos tewens ook die geval is ten opsigte van die geslagsgebonde vorme teenoor kinders. Hieroor word in 7.1.1.10 (p.178) gehandel.

7.1.1.7 Vorme wat teenoor ouers gebruik word

Hoewel hierdie vorme ook geslagsgebonde is, is hulle funksie so anders dat hulle apart hanteer word.

Volgens die vraelys (5.1.6, p. 86) en die sistematiese waarneming (6.20.1, p.148) kom *mamma* en *pappa* meer voor as 'n kind die spreker is, as enige van die ander wisselvorme soos *vader*, *moeder*, *pa*, *ma*, *pappie* en *mammie*. Geen afsonderlike ontleding is egter gedoen nie.

Hierdie vorme is soos te wagte net teenoor die ouers van die spreker aangeteken hoewel daar ná die ondersoek 'n enkele keer gehoor is dat

'n seuntjie (vyf jaar oud) ook die vorm *mamma* teenoor 'n suster van sy moeder gebruik het. Dit moet egter as 'n uitsondering op 'n baie algemene reël in Afrikaans beskou word.

Teenoor God gebruik Christene natuurlik ook die woord *Vader*. Hierop word nie ingegaan nie.

Geen gevalle is aangeteken waar lidmate van spesifieke kerklike denominasies die predikant of priester met *vader* aangespreek het nie. Dit moet daaraan gewyt word dat daar nie Afrikaanse gemeentes waar hierdie gebruik bestaan, in Vanderbijlpark voorkom nie.

Die funksies van hierdie vorme is soos volg:

- dit druk ouerskap uit;
- dit druk geslag uit.

In die begrip ouerskap is natuurlik bekendheid, klein sosiale afstand en samehorigheid ingesluit. Dit behoeft dus geen verdere betoog nie.

7.1.1.8 Rasgebonde vorme

7.1.1.8.1 Vorme teenoor Blankes (Vergelyk ook 6.20.6, p.157)

Die volgende vorme wat spesifiek deur Swartes teenoor Blankes gebruik word, is aangeteken:

<u>Manlik</u>	<u>Vroulik</u>
<i>baas</i>	<i>miesies</i>
<i>oubaas</i>	<i>nooi</i>
<i>my kroon</i>	

Baie meer vorme is voor en na die ondersoek waargeneem. Dit sluit onder andere die volgende in: *kleinbaas*, *basie*, *grootbaas*, *morena*, *kleinmies*, *kleinmiesies*, *kleinnooi*, *oumiesie*, *oumiesies* en *ounooi*.

Hoewel hierdie terme die indruk mag skep dat dit onderhorigheid en/of werknemerstatus van die spreker uitdruk, is dit nie noodwendig die geval nie. *My kroon* is aangeteken waar 'n Swartman vir 'n footjie

geskimp het, terwyl een van die *baas*-gebruike waargeneem is, waar die situasie omgekeerd was en die Blanke op 'n Swartman se eiendom was.

Die funksies van hierdie vorme is:

- dit druk blankheid uit;
- dit druk geslag uit.

7.1.1.8 Vorme teenoor Swartes

Die volgende vorme is in die vraelys (5.1.7, p. 88) en sistematiese waarneming aangeteken (6.20.6, p.157):

<u>Manlik</u>	<u>Vroulik</u>
<i>monna</i>	<i>ousie</i>
<i>kaffer</i>	<i>ennie</i>
<i>outa</i>	<i>aia</i>
<i>swartman</i>	<i>mosadi</i>

Die vorme druk nie noodwendig onderhorigheid van die aangesprokene uit nie, maar

- dit druk Swartmanskap uit;
- dit druk geslag uit.

7.1.1.9 Algemene vorme

Onder hierdie hoof word twee kategorieë wat aan die vereistes voldoen, onderskei (6.20.4, p.153).

7.1.1.9.1 Algemene outentieke aanspreekvorme

Vir die onderskeiding tussen outentieke en nie-outentieke aanspreekvorme verwys 2.8 (p.28). Onder die outentieke vorme is die volgende tydens die onderhoud aangeteken:

jong, man, mens, boeta.

Soos in 6.20.4.1 (p.154) verklaar, is die funksie van hierdie vorme nie dieselfde as die van die ander vorme nie. Hulle druk nie geslag, ouderdom, beroep, rol, ras of kwalifikasie uit nie.

Die feit dat hulle gebruik word om die aangesprokene se aandag te trek en die verhouding tussen die deelnemers aan die gesprek te vergestalt (vergelyk 2.8, p.28) noop my om hulle wel as aanspreekvorme te hanteer.

Dat hulle gebruik word om die aandag van die aangesprokene te kry, is duidelik:

(a) *kyk hier, man.*

Of hulle werklik die verhouding tussen gespreksgenote uitdruk, is nie so duidelik nie. As hierdie kwessie in verband gebrin word met sake soos *situasie* en *formaliteit* (vergelyk 6.20.4.3, p.155), kan daar wel gesê word dat dit 'n verhouding uitdruk.

Hierdie vorme is nie waargeneem in formele situasies nie (t.a.p.), ook nie in gevalle waar die rang (vergelyk 2.1, p. 13) van die aangesprokene baie hoër as die van die spreker was nie. (Vergelyk egter 7.3.2, p.196, oor die rol van emosie).

Samevattend kan die volgende funksie aan hierdie vorme toegeskryf word:

- dit druk 'n relatiewe klein sosiale afstand uit.

Die grootste probleem met hierdie vorme is dat dit nie altyd van 'n blote uitroep onderskeibaar is nie. By geleentheid moes eie diskresie sonder stawende bewys gebruik word om te bepaal of dit 'n *uiting*, 'n *uitroep* of 'n *aanspreekvorm* was. As 'n uitroep word die aangesprokene se aandag wel getrek, maar verhouding word nie daardeur vergestalt nie.

Dit is opmerklik dat *mens* in die ondersoek slegs by vrouens waargeneem is, hoewel dit nie as 'n bewys gesien moet word dat mans dit nie ook gebruik nie.

7.1.1.9.2 Algemene nie-outentieke aanspreekvorme

Onder hierdie kategorie is die volgende vorme aangeteken:

haai, en die segswyses
hoor hier,
jy weet,
soos jy weet.

Al hierdie vorme word gebruik om die aandag van die spreker te verkry, maar wat in 7.1.1.9.1 (p.177) van die algemene vorme gesê is, oor die verwantskap met uitroepe en die algemene gebruik, geld nog in 'n hoër mate van hierdie vorme. Om 'n spesifieke statusfunksie aan hierdie vorme toe te skryf sal daarom voorbarig wees. Om hierdie rede moet hierdie vorme nie as aanspreekvorme beskou word nie, hoewel hulle dwarsdeur die ondersoek as sodanig behandel is.

'n Tweede rede om hulle nie as aanspreekvorme te beskou nie, lê daarin opgesluit dat hulle nie bo alle twyfel onder eerste of tweede aanspraak ingedeel kan word nie. Dit gaan hand aan hand met die feit dat hulle nie in sinne geïntegreer kan word nie (vergelyk 2.8, p. 28).

Op die oog af behoort hierdie vorme tot die eerste aanspraak, maar omdat *jy* in die meeste van die segswyses voorkom, plaas dit hierdie aanname onder verdenking.

7.1.1.10 Ander vorme

Onder hierdie hoof word 'n groot aantal vorme met uiteenlopende funksies ingesluit. Die meerderheid van hierdie vorme is egter adjektiwies van aard en word dikwels saam met 'n adjektief gebruik.

Die volgende vorme is aangeteken:

ou meid
jou meid
vark
buffel
jou ou pampoens
jou lekker ding
my liewe Jan

geagte dokter

meneertjie

oumatjie

boetie, niggie, outjie, kindjie (teenoor volwassenes)

swarie

bliksem.

Hierdie vorme het veral een funksie in gemeen naamlik om die momentane houding van die spreker teenoor die aangesprokene uit te druk ten opsigte van die werklike status van die spreker word met hierdie vorme nie veel gesê nie. Hierdie vorme druk dus

- momentane status van die aangesprokene uit die oogpunt van die spreker uit.

Die status van die aangesprokene word bepaal deur die adjektiwiese aard van hierdie vorme wat deur middel van verkleining, metaforiek of 'n adjektief tot stand gebring word.

Die status hoef nie net negatief te wees nie, maar kan ook van vertedering, respek en afhanklikheid spreek.

7.1.2 Die funksie van die tweede aanspreekvorme en wisselende status by die aangesprokene

By die tweede aanspraak is die status van die aangesprokene nie altyd ewe duidelik nie. Die eerste rede is omdat *jy* in die meerderheid gevalle gebruik word en wel teenoor persone van elke denkbare status. 'n Tweede rede vir hierdie aanname is dat die keusemoontlikhede by die tweede aanspraak soveel kleiner is as by die eerste: geslag, beroep, kwalifikasie, ras of ouderdom kan nie uit die vorm afgelees word soos in die geval van die eerste aansprake nie. Die gebruik van die tweede aanspreekvorme hang in 'n hoë mate af van die spreker en die situasie en nie van die aangesprokene nie (vergelyk 7.2.2, p.178 en 7.3.1, p.194).

7.1.2.1 Jy

Hierdie aanspraak kan as die ongemerkte aanspreekvorm beskou word. Dit kom voor teenoor aangesprokenes wat in byna elke denkbare verhouding tot die spreker staan. Dit is ook die vorm wat gebruik word as *emosie* 'n belangrike rol by die uiting speel.

Om 'n uitspraak te maak oor die spesifieke statusvergestalting van die aangesprokene deur middel van *jy*, is om al die gegewens wat verkry is te negeer.

Op grond van die normatiewe gegewens (hoofstuk 5, p.63, e.v.) kan die volgende funksies wel aan *jy* toegedig word:

- dit druk 'n relatiewe klein sosiale afstand uit;
- dit druk onderhorigheid uit;
- dit druk bekendheid uit;
- dit druk onvolwassenheid uit;
- dit druk misnoeë uit.

Die ondersoek het getoon dat twee of hoogstens drie van hierdie funksies gelyk geaktiveer kan word, maar dat dit nie die geval hoef te wees nie.

7.1.2.2 U

Die gebruik van *u* hang ten nouste met die situasie (7.3.1, p.194) saam.

Dit kan die volgende normatiewe funksies ten opsigte van die status van die aangesprokene vervul. (Vergelyk 5. p.62, e.v.):

- dit druk relatiewe groot sosiale afstand uit;
- dit druk onbekendheid uit;
- dit druk 'n spesifieke rolfunksie uit;
- dit druk hoë rang uit.

Hierdie funksies moet net soos dié by *jy* (7.1.2.1, p.180) as normatief gesien word en nie as 'n reël volgens algemene gebruik nie. Vergelyk egter in dié verband ook 6.13.2 (p.144) waar dit blyk dat hoër gesag duidelik 'n invloed op *u*-gebruik het.

7.1.2.3 R-vorm

Hierdie vorm bestaan basies uit 'n herhaling van die eerste aanspraak, maar dit mag ook 'n *die* insluit wat nie in die eerste aanspraak voorkom nie.

(e) *Baas kan die baas hier kom?*

(f) *Ek sien die meneer soek hulp, toe kom ek gou.*

Geen voorbeeld is gevind waar die naam en van herhaal is nie. In al die gevalle behalwe by klein kinders (vergelyk 6.5.1.1, p.127) is daar altyd van 'n betiteling in die R-vorm gebruik gemaak (6.20.3, p.150). In enkele gevalle is *oom* saam met 'n voornaam herhaal. Vergelyk die volgende voorbeeld:

(g) *Oom Tos, het oom Tos die rekeninge byderhand?*

Geen geval is gevind waarin die naam en die van saam in 'n herhalings=aanspraak voorgekom het nie, wel enkele gevalle waar die van voorgekom het.

Van al die tweede aansprake het hierdie vorm miskien die duidelikste vergestaltung van die aangesprokene. Die volgende funksies kan aan hierdie vorm toegeskryf word. (Vergelyk 6.21.2, p.163 en 6.5.2.10, p.134):

- dit druk hoër ouderdom uit (6.5.2.10, p.134);
- dit druk hoër rang uit (6.13.1/2, p.144);
- dit druk blankheid uit (6.9.4, p.141).

Hierdie funksies hoef nie saam geaktiveer te word nie. Daar is baie uitsonderings op hierdie gegewe funksies.

7.1.2.4 Ander vorme

Die ander vorme is van so 'n uiteenlopende aard dat hulle in der waarheid afsonderlik bekyk behoort te word. Aan die ander kant is hulle gebruik so min frekvent dat daar nie 'n behoorlike begrip van hulle funksie gevorm kan word nie.

In die loop van die studie is die volgende vorme aangeteken:

Ons

Hierdie vorm word veral gebruik om samehorigheid met die aangesprokene uit te druk.

(g) *Kan ons dit nie môre maak nie, Piet?*

Die aangesprokene word hier versoek om liever die volgende aand te kom kuier, maar hy word met hierdie gebruik van samehorigheid verseker.

Julle

Hierdie vorm word veral teenoor 'n individu gehoor wat met 'n organisasie of instansie verbind kan word, soos byvoorbeeld 'n apteker, 'n winkelassistent, 'n ontvangsdame by 'n mediese praktisyn, 'n persoon wat sy gesin verteenwoordig, of 'n konstabel in 'n aanklagtekantoor. Die bedoeling is duidelik. Daar word met 'n individu gepraat, maar die groep wat hy verteenwoordig word ook as't ware bygeroep.

(h) *Het julle iets vir verkoue?*

Teenoor die apteker, wat heeltemal alleen in die apteek is.

Die funksie hiervan is oënskynlik om die aangesprokene se lidmaatskap tot 'n groep te beklemtoon.

Derdepersoonsvorme

Die enigste outentieke gebruike van hierdie vorm is teenoor kinders gevind, in uitings soos:

(i) *Hoekom huil sy so?*

Teenoor 'n meisie wat na haar moeder soek (5.1.6.2.3, p. 87).

ø-vorme

Hierdie vorm moet nie bloot as 'n weglating van die eerste en/of tweede aanspraak gesien word nie: dit is 'n manier om die aanspreek-vorme doelbewus te ontwyk. Dit het veral voorgekom in gevalle waar die spreker onbewus is van die aangesprokene se status, of verseker was van die korrekte gebruik: teenoor die gesiene Swart persone in die vraelyste (5.1.7.2.5, p. 90) en by persone in 'n oorgangstadium van ontwikkeling (6.5.1.5, p.129).

(j) *Kan die chauffeur die motor nie 'n bietjie vorentoe trek nie?*

Teenoor 'n gesiene Swartman.

(k) *Kan die tafel teen die muur gesit word?*

'n Versoek van 'n persoon wat nie by magte is om bevele te gee nie.

Hierdie vorm druk onsekere status van die aangesprokene en spreker uit.

Gemengde vorme

Hierdie gebruik word in 7.4 (p.196) ondersoek.

Vorme soos *pa-hulle*, *meneer-hulle* ensovoorts, veronderstel 'n meervoud en word nie hier bespreek nie. Hoewel dit nie deel van die ondersoek is nie, kan hier net gemeld word dat hierdie vorme besonder min teen-gekom is.

Nog 'n meervoudsvorm naamlik *u-hulle* het 'n effens hoër frekwensie as die vorige en dit word in die verbygaan genoem. Dit wil voorkom asof dit 'n nuwe vorm is wat in frekwensie toeneem.

7.1.3 Kombinasiegebruik en wisselende status by die aangesprokene

Ten opsigte van die kombinasiegebruik van die aanspreekvorme word net enkele opmerkings gemaak.

Die frekwensie van hierdie gebruik ten opsigte van bekendheid word in 6.21.2 (p.163) en dié ten opsigte van die sosiale groepe op p.162 gegee.

Die gesamentlike gebruik van die aanspreekvorme voeg min toe, wat die status van die aangesprokene betref, wat nie reeds in 7.1.1 en 7.1.2 ter sprake gekom het nie. Dit wat onder hierdie afdelings genoem is, word verder bevestig deur die kombinasiegebruik.

As 'n persoon met *meneer* en *jy* aangespreek word, kan dit byvoorbeeld beteken dat hy

- onbekend is;
- 'n hoër rang as die spreker het;
- 'n spesifieke rolfunksie beklee;
- daar 'n relatief groot sosiale afstand tussen die deelnemers bestaan.

Dit beteken volgens die gegewens wat ten opsigte van hierdie gebruik verkry is (6.21.2, p.163) nie noodwendig dat die spreker nie die nodige eerbied teenoor die persoon betoon nie, of dat die spreker sy emosie die botoon laat voer nie.

Die kombinasies gee groter duidelikheid ten opsigte van die status van die aangesprokene, maar dit moet eerder gesien word as 'n somtotaal van die afsonderlike aanspreekvorme as wat dit 'n totaal nuwe moontlikheid sou impliseer.

Kombinasievorme soos die volgende sal vanweë hulle ongewoonheid wel iets meer kan weergee as wat met meer gewone kombinasies die geval sou wees:

jong + u
naam + 'n R-vorm
naam + u

7.2 Die aanspreekvorme en wisselende status by die spreker

In 7.1 (p.165) is daar gewag gemaak van die relatiwiteit van sosio-linguistiese reëls. Dieselfde wat hieroor in verband met die status van die aangesprokene gesê is, geld ook die status van die spreker.

Indien iemand byvoorbeeld van u+van gebruik maak (vergelyk 6.7, p.138), beteken dit nie noodwendig dat hy lid van die tweede sosiale groep is nie; dit is bloot 'n aanduiding in hierdie rigting. In hierdie lig moet die funksies wat volg dan ook gesien word.

Waar daar in die eerste gedeelte (7.1., p.164, e.v.) breedvoerig uitgewy is oor elke kategorie van die eerste en tweede aansprake, sal daar in hierdie gedeelte meer in die algemeen oor funksies van die aansprake uitgewy word.

7.2.1 Die eerste aansprake en die wisselende status by die spreker

7.2.1.1 Ouderdom van die spreker

Volgens die gegewens wat met die normondersoek (5.3, p. 98, e.v.) ingesamel is, is daar nie 'n besondere patroon wat ten opsigte van die ouderdom van die spreker vasgestel kan word nie. Dieselfde geld ook in hoë mate wat die sistematiese gegewens betref, behalwe dat daar natuurlik soos by die normatiewe gegewens 'n spesifieke manier van aanspreek teenoor ouer en jonger persone en persone van dieselfde ouderdom is. Hierdie kwessie kom ooreen met wat reeds in 7.1 hieroor gesê is en word dus nie herhaal nie.

7.2.1.2 Geslag


Wat die geslag van die spreker betref, is daar by die eerste aansprake veral wat die gebruik van *oom* en *tante* (en wisselvorme) en *meneer* en *mevrouw* betref, aanmerklike verskille wat nie alleen in die normatiewe gegewens 5.3.3 (p.100) te vinde is nie, maar ook, sy dit in mindere mate, by die sistematiese gegewens.

Dame word byvoorbeeld baie minder teenoor vreemde persone deur vrouens gebruik as mans. Dit is waar ten opsigte van die normatiewe en die sistematiese gegewens.


FIGUUR 7.1

GEBRUIK VAN DAME TEENDOOR 'N WINKELASSISTENT

(in persentasie uitgedruk)



Manlike respondente



Vroulike respondente

Kodes:

- a = onderhoude
- b = vraelyste (p.103)
- c = sistematiese gegewens (p.149)

'n Opvallende vorm wat slegs by vrouens gehoor is (vergelyk 7.1.1.4.3, p.172) en nie in die vraelyste of onderhoude teëgekom is nie, is die terme *vrou*, *vrou tjie* en *skatjie*. Die eerste twee is byna net so frekwent (8 persent) as *dame* waargeneem waar winkelassistente vroulike kliënte aangespreek het. Dit het ook voorgekom by semi-formele partytjies en samekomste. Aan hierdie terme kan die volgende funksies ten opsigte van die spreker toegeskryf word:

- dit druk vroulike geslag uit;
- dit druk skynbare bekendheid uit;
- dit druk 'n behoefte om die sosiale afstand te verklein uit.

Die spreker verklaar met hierdie vorme blykbaar haar bereidheid om teenoor 'n persoon, wat sy nie ken nie, informeel te wees.

Ander verskille tussen manlike en vroulike sprekers word in 7.2.2.1 (p.187) belig.

7.2.1.3 Sosiale groepe

Ook by die verskillende sosiale groepe is daar verskille wat die eerste aanspraak betref waargeneem (vergelyk 5.3.4, p.103). Hierdie verskille was nie so opmerklik by die sistematiese gegewens as by die normatiewe gegewens nie, maar dit kom in die breë daarmee ooreen.

Verdere inligting hieroor word in 7.5.1 (p.198) gegee.

7.2.1.4 Ras

Wat in verband hiermee in 7.1.1.8 (p.176, e.v.) gesê is, geld ook hier, maar in omgekeerde verhouding.

7.2.1.5 Gesag

Persone wat in 'n normale gesagsverhouding teenoor ander persone staan gebruik meer dikwels die voornaam van die aangesprokene as onderhoriges. Geen reël kan in hierdie verband gegee word nie, aangesien daar soveel wisselende faktore is wat in aanmerking geneem moet word. Waar *meneer* en ander titels deur die spreker gebruik word, kan dit gesien word as onderhorigheid aan die aangesprokene, maar dit hoef nie noodwendig die geval te wees nie. (Vergelyk in die verband 7.1.1.1 (p.166; 7.1.1.3, p.168 en 7.1.1.4, p.169).

7.2.2 Die tweede aanspreekvorme en wisselende status by die spreker


Waar die eerste aanspraak veral die status van die aangesprokene vergestalt, kan daar met behulp van die tweede aansprake 'n beeld gevorm word van die status van die spreker, mits die situasie en aangesprokene konstant gehou word. Hierdie statusvergestalting van die spreker is egter geensins so duidelik as die beeld wat met die eerste aanspreekvorme van die aangesprokene verkry kan word nie. Hier moet 'n mens liefs van neigings en tendense praat as van funksies.

7.2.2.1 Jy

Suiwer op grond van die normatiewe gegewens blyk dit dat manlike sprekers makliker *jy* gebruik as 'n vrou.

FIGUUR 7.2

DIE GEBRUIK VAN JY: 'N VERGELYKING TUSSEN DIE GESLAGTE



Kodes:

a = onderhoude (vergelyk 5.2.2.2, p. 97)

b = vraelyste (vergelyk 5.1.3.2.4, p. 71)

c = sistematiese opname (vergelyk 6.4, p.126).


Sodra die sistematiese gegewens in berekening gebring word, lyk die teenoorgestelde amper meer waar. Die verskil tussen mans en vrouens is dan so gering dat geen betroubare uitspraak oor gebruik gemaak kan word nie.

Teenoor Swart aangesprokenes is dieselfde patroon gevind ten opsigte van die normatiewe gegewens (vergelyk 5.1.7.2.5 en 5.2.2.3, p.90, 97). Te min gegewens is egter in die sistematiese opname versamel om die vergelyking te kan deurvoer (6.9, p.141).

By die verskillende sosiale groepe is daar 'n patroon wat beter deurgevoer kan word. By Figuur 7.3 moet daar in gedagte gehou word dat dieselfde aanpassings in die beroepsgroepe van 5.3.4, p.103, gemaak is as wat in 6.7.1, p.137, gemaak is, sodat 'n beter vergelyking getref kan word.

FIGUUR 7.3

'N VERGELYKING TUSSEN SOSIALE GROEPE WAT *JY*-GEBRUIK BETREF



Hierdie vergelyking is gemaak ten opsigte van die apteker in die vraelys (opdrag 3, 5.1.3.2, p. 70). Die apteker in die kontrole-eksperiment (6.7.1.4, p.139) en die aanspraak teenoor 'n vreemde persoon tien jaar ouer as die spreker (5.2, p. 94) volgens die onderhoude. Die gegewens volgens die onderhoude is natuurlik nie volkome vergelykbaar nie, maar is na genoeg om 'n beeld te kan vorm van die moontlike gegewens wat tydens so 'n onderhoud ten opsigte van 'n apteker verkry sou word.

Die norm is onteenseglik dat *jy* nie teenoor 'n vreemde persoon gebruik word nie, maar die werklike gebruik gee 'n duidelik verskil hiervan weer.


Volgens hierdie gegewens sal 'n spreker waarskynlik *ji* in dergelike situasies gebruik as hy tot sosiale groep 1 behoort, terwyl 'n spreker uit die ander sosiale groepe nie so seker van hierdie vorm gebruik sal maak nie.

7.2.2.2 U

In aansluiting by die statistiek (figuur 7.3, p.189) hierbo ten opsigte van *ji*-gebruik, word dieselfde gegewens ook ten opsigte van *u* gegee. (Vir 'n vergelyking verwys dieselfde bewysplase as hierbo).

FIGUUR 7.4

DIE GEBRUIK VAN U VOLGENS SOSIALE GROEPE



Kodes:

———— = sosiale groep 3
-.-.-.- = sosiale groep 2
..... = sosiale groep 1

a = onderhoude
b = vraelyste
c = kontrole-eksperiment

Volgens figuur 7.4 hierbo sal 'n persoon uit sosiale groep 1 waarskynlik nie *u* teenoor 'n apteker gebruik nie, terwyl dit waarskynliker sal wees as die persoon tot die eerste of tweede sosiale groepe behoort. (Meer besonderhede oor hierdie kwessie verskyn in 7.5 (p.192).

Ook wat die gebruik van *u* deur mans en vrouens betref, kan 'n paar verskille aangetoon word: wat die norm betref (vergelyk 5.3, p.101, e.v.) gebruik vrouens geredeliker *u* as mans, maar volgens die sistematiese opname (6.4, p.126) is die gebruik onder mans effens meer frekwent as onder vrouens.


7.2.2.3 R-vorme

Die gebruik van die R-vorme is volgens Odendal (1975 : 112) aan die afneem. Indien die normatiewe gegewens as maatstaf gebruik word, is dit inderdaad die geval. Hierdie vorm moet volgens die normatiewe gegewens as gestigmatiseerd beskou word.

In die volgende twee figure word die gebruik van hierdie vorme volgens die norm en die sistematiese opname weergegee. In figuur 7.5 word na die voorkoms van die R-vorme onder mans en vrouens gekyk en in figuur 7.6 na die voorkoms daarvan by die verskillende sosiale kategorieë.

FIGUUR 7.6

DIE VOORKOMS VAN DIE R-VORM SOOS DIT TEENoor Ouer PERSONE
AANGEWEND WORD DEUR DIE VERSKILLEND E SOSIALE GROEPE



Kodes:

—	= sosiale groep 3	a = volgens onderhoude (5.2.2.1, p. 96)
-.-.-.	= sosiale groep 2	b = volgens vraelyste (5.1.3.2.14, p. 73)
.....	= sosiale groep 1	c = sistematiese opname, nie afsonderlik weergegee nie (vergelyk egter 6.7, p.137 en 6.21.1, p.162).

Volgens hierdie gegewens is vrouens minder geneig om die R-vorm te gebruik as mans.

Persone uit sosiale groep 1 gebruik hierdie vorm redelik algemeen teenoor ouer persone, terwyl persone uit sosiale groep 2 nie juis geneig is om hierdie vorm te gebruik nie. ('n Verdere bespreking van hierdie gegewens vind die leser in 7.5, p.198, e.v.).

7.2.3 Ander tweede aansprake

Wat die gebruik van ander tweede aansprake betref, kan geen beduidende korrelasies daarvan met sprekersgroepe gevind word nie. Algemene opmerkings oor hierdie vorme word in 7.1.2.4 (p.182) gemaak.

7.3 Situasies en verwante invloede op wisselende status

Gegewens in verband met die situasie is nie afsonderlik verwerk nie, maar daar is tog genoegsame bewys uit die verwerkte gegewens om enkele opmerkings daaroor te kan maak. In hierdie afdeling word ook afsonderlik aandag gegee aan die rol van *emosie* en *genre*. Oor nie een van hierdie aspekte is genoeg gegewens ingesamel om spesifieke afleidings te maak nie, maar algemene neigings is tog vasgestel. (Vergelyk 6.14, p.145; 6.15, p.146; 6.16, p.146; 6.17, p.146).

7.3.1 Situasie

Odendal (1976 : 109) beskou situasie tereg as een van die belangrike onderskeidings by aanspreekvormgebruik. Hy haal Ervin-Tripp (t.a.p.) aan om sogenaamde *status-marked situations* te definieer.

Volgens die beskouing wat vir situasie in hierdie studie geld (2.4.2, p. 23, e.v.) is daar vier aspekte wat 'n rol speel by die skep van 'n situasie, naamlik *plek*, *atmosfeer*, *geleentheid* en *gepastheid*. As al drie van die eersgenoemde sake kongruent is, word 'n situasie as gepas beskou. In hierdie gedeelte word net aandag aan gepaste situasies gegee.

In aanhangsel E word 'n volledige lys van die waargenome situasies en die aantal uitings wat by elk ontleed is, gegee.

Die volgende situasies word hier van nader beskou:

GELEENTHEID	PLEK	TONEEL	GETAL UITINGS
Vergadering	Funksionele gebou	Formeel	38
Afspraak	Kantoor	Formeel	24
Werkvergadering	Werkplek	Formeel	39
TOTAAL			101

Die gebruik van die eerste aanspreekvorm was in hierdie gevalle volgens toepaslike betiteling of volgens rol (vergelyk 7.1.1.5, p.173; en 7.1.1.3, p.168). By *werkvergadering* is *oom* + voornaam tweemaal waargeneem.

Wat die gebruik van die tweede aanspreekvorme betref, word hier 'n volledige uiteensetting van die waargenome gebruik in al drie situasies gesamentlik weergegee. Dit kan ook nagenoeg as 'n persentasieberekening gelees word.

Jy - 18
R-vorm - 21
U - 62

Ook by die ander situasies met die kenmerk *formeel* was die gebruik van *u* hoër as by die informele situasies. In informele en emosionele situasies soos die volgende het die gebruik van *u* byna volledig plek gemaak vir *jy* en *R-vorme*:

GELEENTHEID	PLEK	TONEEL	GETAL UITINGS
Byeenkoms	Oop plek	Informeel	17
Ontmoeting	Oop plek	Informeel	28
Ontmoeting	Kantoor	Informeel	153
Huislik	Huis	Informeel	129
Samekoms	Funksionele gebou	Informeel	41

Die eerste aansprake was volgens voornaam of betiteling.

Die tweede aansprake is in hierdie gevalle dramaties anders as in die vorige geval. Die volgende uiteensetting is 'n weergawe van die gebruik van die tweede aanspreekvorme in persentasie uitgedruk:

Jy - 81
R-vorm - 18
U - 0,8

In situasies wat formeel gemerk is word *u* dus algemeen gebruik, terwyl *u* in informele situasies byna glad nie gebruik word nie. Die gebruik van die R-vorme wissel baie min volgens die formaliteit van die situasie, terwyl *jy* algemeen in informele situasies gebruik word.

7.3.2 Emosie en die aanspreekvorme

Volgens 6.14.2, p.145, kan die afleiding gemaak word dat sterk emosie by die spreker gewoonlik 'n *jy* as tweede aanspraak van die spreker ontlok. Die gegewens waarmee gewerk word, is egter baie gering en slegs 'n algemene neiging word hiermee aangetoon. Die mag van die emosie om *jy*-gebruik te aktiveer, word ook in die vraelyste waargeneem (5.1.5.2, p. 84, e.v.).

In 'n vergelyking met die eerste aansprake by emosiebelaaide uitings en tweede aansprake wys op 'n opvallende kenmerk, naamlik dat die eerste aanspraak in ses van die sewe waargenome gevalle (6.14, p.145), waar 'n emosie van konfrontasie of afkeer 'n rol gespeel het, weggelaat is. Hierdie verskynsel word ook in die vraelyste onderstreep (5.1.5.1, p. 84, e.v.).

7.3.3 Genre

Hoewel min gegewens oor ander genres as die neutrale (vergelyk 6.17, p.146; 3.6.5, p. 49) waargeneem is, word die volgende saak wat *spreekwyses* aanbetref tog genoem: spreekwyses soos *jy weet mos, sien jy, verstaan jy* is blykbaar onafhanklik van die aangesprokene en is net in een geval met *u* waargeneem.

7.4 Stylkongruensie

'n Uiteensetting van hierdie begrip word in 1.5 (p. 10) gegee.

Die styl wat gebruik word, hang volgens die opname ten nouste saam met die situasie (6.18, p.146). Onder *styl* moet die gesamentlike gebruik van sekere taalstrukture in 'n besondere uiting (2.4.3.3.3, p. 25) verstaan word.

Baie min gegewens is oor hierdie aspek van die aanspreekvormgebruik ingewin en slegs enkele oppervlakkige opmerkings kan dus in dié verband gemaak word.

Die eerste aanspraak het in die meeste van die neutraal-formele uitings voorgekom en was sonder uitsondering volgens betiteling. *Oom* en *tante* en wisselvorme is nie in sulke uitings waargeneem nie. Vir die tweede aanspraak is *u* byna sonder uitsondering gebruik (vergelyk ook 6.18, p.146).

Die formele styl in Afrikaans vereis dus blykbaar net soos formele situasies 'n *u* as tweede aanspraak, terwyl *jy* die algemene vorm is by 'n informele styl.

Enkele gevalle van gemengde gebruik het voorgekom. (Vergelyk byvoorbeeld 5.1.5.2, p. 84). In hierdie gevalle was daar blykbaar 'n probleem vir die spreker om die aangesprokene en die korrekte styl saam te hanteer. Dit is juis om hierdie feit wat die voorkoms van die gemengde vorme by die vraelyste gewyt moet word: die respondent wil sy weergawe van die norm weergee, maar die aangesprokene laat nie normgebruik toe nie. Die gevolg hiervan is dan 'n inkongruente styl. Net twee sulke gevalle is waargeneem in die objektiewe opname. Albei is tydens 'n partytjie waargeneem teenoor 'n persoon met 'n hoër rang as die spreker. Die vorm wat gebruik is was in albei gevalle 'n verwarring tussen *u* en *R-vorme*. Een voorbeeld word gegee:

1. *Professor, laat ek vir u die glas volmaak, prof se glasie is leeg.*

Die probleem vir hierdie spreker was blykbaar dat hy daaraan gewoond was om die aangesprokene baie formeel aan te spreek, maar die situasie het hier 'n konflik veroorsaak.

Om 'n beter begrip van stylkongruensie te kry, sal die norm met die gebruik vergelyk moet word. Hoe meer die norm van die gebruik verskil, hoe groter behoort die moontlikheid van stylkongruensie te wees, omdat daar dan groter ruimte vir konflik gelaat word. Sulke konflikte behoort veral voor te kom by groepe van wie die norm en die gebruik grootliks verskil. 'n Vergelyking met die vraelyste bevestig hierdie bewering. Gemengde gebruik kom veral voor by persone uit die laer beroepsgroepe, dit wil sê sosiale groep 1, (vergelyk byvoorbeeld 5.1.4.2.6, p. 88; 5.1.4.3.1, p. 81; 5.1.3.2.12, p. 73).

7.5 Die norm en die gebruik

Net soos Labov en andere voor hom (Gumperz en Hymes, 1972 : 515) is daar gevind dat mense nie bewus is van hulle eie gebruik van die taal nie. Hierdie saak word veral duidelik as 'n vergelyking tussen die vorme wat sprekers voorgee wat hulle gebruik, dit wil sê die norm en werklike gebruik, getref word. Een interessante gebeurlikheid verdien 'n opmerking. By die voer van 'n onderhoud met 'n meisie, 15 jaar en uit beroepsgroep 1, is terloops die vraag gestel of die respondent dan nooit persone jonger as 50 jaar met *oom* aanspreek nie.

Sy het dit heftig ontken: *Nee, oom*. Die vraesteller was 37 jaar oud.


Figure 7.3, 7.2 en 7.6 (p. 189, 188 en 193) illustreer duidelik die groot verskil tussen norm en gebruik.

7.5.1 Sosiale groepe en die norm

In figuur 5.17 (p.106) is daar 'n besonder opvallende verskynsel in verband met die gebruik van *u* teenoor onbekende Blankes. Hierdie gebruik word vervolgens weergegee, maar met die aanpassing wat in 6.7 (p.137) uiteengesit is.

FIGUUR 7.7

DIE GEBRUIK VAN *U* TEENoor ONBEKENDE BLANKE PERSONE VOLGENS DIE VRAELYSIE EN SOSIALE GROEPE



Kodes:


- a = sosiale groep 1
- b = sosiale groep 2
- c = sosiale groep 3

Dieselfde patroon word herhaal in die *u*-gebruik teenoor gesiene Swart persone (figuur 5.21, p.107) terwyl die gebruik van R-vorme teenoor onbekende Blankes (figuur 5.18, p.107) en ouer persone (figuur 5.19, p.107)

'n teenoorgestelde patroon gee. Figuur 5.19 word hier herhaal, maar met dieselfde aanpassings as by figuur 7.7 hierbo.

FIGUUR 7.8

DIE GEBRUIK VAN R-VORME TEENOR OUER ONBEKENDE BLANKES VOLGENS DIE VRAELYTE EN SOSIALE GROEPE



Kodes:

- a = sosiale groep 1
- b = sosiale groep 2
- c = sosiale groep 3

Volgens hierdie twee voorbeelde is dit duidelik dat die middelgroep *u* as norm sien (67 persent). By die onderste groep is die gebruik van *u* 9 persent minder en by die hoogste groep is dit slegs 41 persent.

In figuur 7.8 is die prentjie as't ware omgedraai.

Op grond van hierdie gegewens kan 'n mens Labov (1972 : 196) se uitspraak

*...it seems possible to define a speech community
as a group of speakers who share a set of social
attitudes towards language*

onderskryf. Dit was nie die groepe as sodanig wat die ondersoeker genoop het om die middelste sosiale kategorie as 'n eenheid te aanvaar nie, maar die identiese gebruik van die aanspreekvorme.

By amper al die voorbeelde wat nagegaan is, kom dieselfde verdeling by die sprekersgroep voor (vergelyk 5.3.4, p.103, e.v.).

Labov (1972 : 191) wys op die hiperkorrekte gebruik van die laer

middelklas in New York. Dieselfde verskynsel word by sosiale groep 3 aangetref. Hulle gebruik van die norm styg ver bo die gebruik van sosiale groep 2 uit.

Die parallel met Labov se waarneming eindig egter hier. Sprekers uit sosiale groep 1 se normgebruik is hier in die genoemde gevalle min of meer dieselfde as die van sprekers uit sosiale groep 3.

In figuur 7.4 word 'n vergelyking tussen *gebruik* en die *norm* ten opsigte van *u* volgens sosiale groepe getref. Hier blyk dit dat sprekers van groepe 1 en 2 *u* minder gebruik as sprekers van groep 3, hoewel dit volgens die vraelyste andersom blyk te wees. Ook by groep 1 is daar dus 'n hoë mate van hiperkorreksie in die rigting van die norm.

Parallele van hierdie verskynsel kom ook by ander aanspreekvorme voor, byvoorbeeld die gebruik van *tante* (*tannie*) teenoor ouer vrouens (figuur 5.12, p.105).

7.5.2 Vroulike sprekers en die norm

In 7.2.1.2 (p.185) en 7.2.2 (p.187) is reeds volledig ingegaan op die gebruik van manlike en vroulike sprekers. Hieruit het geblyk dat vrouens in 'n groter mate as mans na die norm neig in die normatiewe ondersoek, terwyl daar by die werklike gebruik 'n hoër gebruik van *jy* voorkom as by mans (6.4, p.126).

Hierdie verskynsel laat die vraag ontstaan of daar nie miskien 'n nuwe norm in die rigting van *jy* aan die ontwikkel is nie. Hierdie vraag word ook weerspieël in die relatief hoë gebruik van *jy* deur sosiale groep 3 in die vraelyste (vergelyk figuur 5.20, p.107).

Net soos in die vergelyking van die R-vorme by sosiale groep 2, word daar gevind dat die R-vorm deur vroulike sprekers afgewys word (7.2.2.3, p.191).

7.6 Gevolgtrekking

In hoofstuk 3 (3.2, p. 36) is genoem dat 'n ondersoek van hierdie aard, in teenstelling met 'n ondersoek na klankverskynsels, van 'n veel groter korpus gebruik sal moet maak om beduidende gegewens te verkry. Dit het in 'n veel groter mate waar geblyk as wat vermoed is. Labov se eerste uitspraak wat hier aangehaal is (t.a.p.) kan dus nie as algemeen geldend vir alle sosiolinguistiese ondersoeke gesien word nie. Hy het dit in elk geval binne 'n ondersoek na klankverskynsels gekonstateer.

Die eis om 'n groter korpus lê daarin opgesluit dat groot dele van hierdie ondersoek (6.1, p.119; 6.9, p.141; 6.13, p.144; 6.14, p.145; 6.16, p.146) nie na wense afgehandel kon word nie, omdat te min gegewens ingewin is.

Labov se tweede uitspraak in die verband (3.2, p. 36) moet onderstreep word. Dit het in sowel die normondersoek as in sistematiese gegewens waar geblyk. Daar kon byvoorbeeld met slegs 80 respondente van die vraelys daarin geslaag word om drie duidelike sosiale kategorieë op grond van drie onderskeibare aanspreekpatrone waar te neem.

Die grootste enkele probleem wat ondervind is, was om 'n model op die basis van Ervin-Tripp daar te stel. Hieruit moet daar gekonkludeer word dat Ervin-Tripp (1973 : 304, e.v.) suiwer van normatiewe gegewens gebruikgemaak het om haar model wat deur Odendaal (1976 : 105, e.v.) nagevolg is, te struktureer. Die geweldige aantal kombinasies veranderlikes wat 'n rol by die keuse van 'n aanspreekvorm speel (vergelyk 6.1, p.119, e.v.) is eenvoudig nie hanteerbaar in die soort model wat Ervin-Tripp voorstel nie. Haar ondersoek betref natuurlik Amerikaanse Engels, maar daar is geen rede om te aanvaar dat dieselfde veranderlikes wat op Afrikaans van toepassing is, nie ook in daardie taal werkzaam is nie.

Aan die einde van die ondersoek is teoretiese bevestiging vir wat in hierdie ondersoek vasgestel is gevind. Pride (1979 : 31, e.v.) wys daarop dat Ervin-Tripp se genoemde ondersoek nie op objektiewe waarneming berus het nie en dat sy slegs van normatiewe gegewens gebruikgemaak het hoewel sy volgens haar eie navorsing en die van ander beter moes geweet het:

... she knows (1972 : 222) what she has done is to 'expand' the analysis of Brown and Ford (1961) to account for details in her own forms of address. Presumably this works, but a good deal of further informant testing must have been necessary to check that the system - AS a system, as well as in its details - works also for the wider speech community indicated.

Pride stel dit dus onomwonde dat sy haar persoonlike gebruik op 'n groter groep sprekers van toepassing wil maak, sonder om empiriese steun daarvoor te verkry.

Hy gaan voort deur verdere tekortkominge in haar model te lys. Ten eerste wys hy op verskillende vorme wat aangewend word soos *heh, look*, ensovoorts wat dieselfde funksie as die aanspreekvorme vervul. Afrikaanse ekwivalente hiervan is in 7.1.1.9.2 (p.178) onder die soeklig geplaas.

Hy wys vervolgens op verskeie veranderlikes wat glad nie in haar model ter sprake kom nie, soos die graad van bekendheid met aangesprokene. Dit kom in hierdie studie deeglik onder die soeklig (3.6.1.8, p. 44).

In die derde plek wys Pride daarop dat so 'n plus of min benadering, wat deur Ervin-Tripp gevolg word, nie op taal van toepassing gemaak kan word nie:

Third, there is the awkward fact that so many of the answers that matter in real life are of the form 'yes in some respects but no in others' or else couched in terms of graded points on a scale or simply indeterminate. Therefore the extent to which informants themselves will WANT or be ABLE to see the pictures in terms of dichotomies will always matter a great deal.
(Pride, a.w. : 32).

Pride (a.w. : 46, e.v.) kom uiteindelik tot die slotsom dat styl= wisseling (dus ook die wisseling van aanspreekvorme) op 'n transaksie tussen die spreker en aangesprokene berus en uiteindelik op die wisselende status tussen deelnemers en nie op 'n eenvoudige plus of

minus patroontjie nie:

Most of the foregoing examples of codeswitching (dit sluit aanspreekvorme in) can be interpreted in terms of the putting into effect, or manipulation, of status relationships. That is to say, they are 'transactional' in nature. (Pride, a.w. : 46).

Ten slotte sê Pride (a.w. : 49):

... new generations of linguists have come and gone, but not many have been weaned away from the secure concerns of their parent discipline: its 'informal' passing references to whatever is situationally meaningful, its characteristic reliance on clearcut binary alternatives, its neglect of the natural language behaviour and responses of informants, and all the rest of it.

Dit wat in hoofstuk 2 (2.3.4, p. 19) gesê is oor 'n totale taal= beskouing, word deur hierdie ondersoek en Pride se slotsom onderstreep. Geen taalkunde kan een aspek van taal verabsoluteer sonder om uiteindelik 'n gebrekkige weergawe van die werklikheid te gee nie. Die verpligting lê op die taalkundige om elke funksie van taal te ontleed en vas te stel watter sosiale, ruimtelike, historiese, individuele en fisiese prosesse 'n invloed op sy studieobjek het.

'n Volledige analise van elke uiting soortgelyk aan dit wat in 2.4 (p. 22) voorgestel word, sal in 'n hoë mate kan bydra om 'n totale taalbeskouing te bewerkstellig.

7.6.1 Slotsom

In hierdie ondersoek is daar nie in geslaag om aan die hand van die voorbeeld van Ervin-Tripp (1973 : 104, e.v.) 'n model van aanspreek= vorme vir die Afrikaanssprekendes in Vanderbijlpark te bepaal nie. Geen uitspraak kon ook gemaak word oor aspekte soos die rol van emosie, toonaard en genre nie.

Hierdie tekortkoming in die studie het egter die voordeel dat dit die onwetenskaplikheid van 'n model soos die van Ervin-Tripp blootgelê het. So 'n soort model kan hoogstens normatief wees. Dit kan nie 'n suiwer beeld van die aanspreekvorme van selfs 'n afgebakende groep sprekers weergee nie: daar is eenvoudig te veel veranderlikes wat 'n rol kan speel.

Ook al sou die vrye wil van die sprekers buite rekeninge gelaat word, is daar nog steeds te veel sake wat medebepalend van die aanspreekvorme is om 'n digotomiese model daar te stel.

Indien hierdie studie oor aanspreekvorme as voorbeeld geneem word, wil dit ook voorkom asof 'n digotomiese bereëling van die taalgebruik van enige groep sprekers 'n onbegonne taak is. Slegs tendense en neigings kan weergegee word, nie reëls nie.

Wat die ondersoek van Brown en Gilman (1.2, p. 3, e.v.) betref, kan daar gestel word dat hulle van 'n te smal basis gewerk het: indien die voornaamwoorde nie meer status aandui nie, sal hierdie funksie waarskynlik deur andere middele in die taal oorgeneem word.

Aan die positiewe kant het die ondersoek die deurslaggewende invloed van status- en statusverwante faktore op die gebruik van die Afrikaanse aanspreekvorme beklemtoon en uitgewys.

1. DEELNEMERS1.1 Geslag

Manlik = 1
Vroulik = 2

1.2 Ouderdom

15-17 = 1
18-20 = 2
21-25 = 3
26-30 = 4
31-35 = 5
36-40 = 6
41-50 = 7
51-60 = 8
61+ = 9
0-2 = 10
3-6 = 11
7-10 = 12
11-14 = 13

1.3 Taal

Afrikaanssprekende = 1
Engelssprekend = 2
Immigrantetaal = 3
Swart taal = 4

1.4 Beroep

Operateurs, arbeiders = 1
Vakmanne, klerke = 2
Onderwysers, tegnisi = 3
Afdelingshoofde, dosente = 4
Ingenieurs, prokureurs = 5
Predikante, medici = 6

1.5 Huwelikstaat

Ongetroud = 1
Getroud = 2

1.6 Ras

Blank = 1
Nie-Blank = 2

1.7 Gesondheid

Normaal = 1
Gestrem = 2

1.8 Bekendheid

Onbekend = 1
Toevallige kennis = 2
Goed bekend = 3
Bevriend = 4
Huisgenote = 5

1.9 Statusverandering

Konstant = 1
Hoër = 2
Laer = 3

1.10 Gesag

Neutraal = 1
Normaal hoër = 2
Normaal laer = 3
Abnormaal hoër = 4
Abnormaal laer = 5
Afhanklik = 6

1.11 Emosie

Funksioneel = 1
Konfrontasie = 2
Medelye = 3
Aangetrokkenheid = 4
Afkeer = 5

2. SITUASIE2.1 Plek

Oop plek = 1
Sake-instelling = 2
Werkplek = 3
Huis = 4
Kantoor = 5
Funksionele gebou = 6

2.2 Toneel

(a) Formeel en ernstig = 1
(b) Informeel = 2
(c) Emosioneel = 3
(d) Feestelik = 4

2.3 Geleentheid

Ontmoeting = 1
Byeenkoms = 2
Vergadering = 3
Werksvergadering = 4
Afspraak = 5
Huislik = 6
Saaklik = 7
Amptelik = 8
Samekoms = 9

1.4 Gepastheid

Gepas = 1
Ongepas = 2

3. GESPREKKENMERKE3.1 Toonaard

Neutraal = 1
Ernstig = 2
Spottend = 3
Beskuldigend = 4
Verskonend = 5
Oreigend = 6
Smekend = 7

3.2 Genre

Neutraal = 1
Gebed = 2
Lesing = 3
Vertelling = 4
Spreekwyses = 5
Propaganda = 6

3.3 Styl

Deftig formeel = 1
Neutraal formeel = 2
Informeel = 3
Babataal = 4

AANHANGSEL C

1. PERSOONLIKE BESONDERHEDE

1.1 GESLAG

_____ Manlik _____

_____ Vroulik _____

1.2 OUERDOM

2. WOONPLEK

2.1 Huidige adres:

2.2 Hoe lank woon u al in Vanderbijlpark?

2.3 Het u al in 'n ander dorp(e) gewoon? Waar?

2.4 Waar het u die langste gewoon? Hoe lank?

2.5 Waar is u gebore?

3. BEROEP

3.1 Wat is u huidige beroep?

3.2 Wat is die benaming van u pos?

3.3 Hoe lank beoefen u reeds u beroep?

3.4 Het u al 'n ander beroep(e) beoefen? Wat?

3.5 Wat is u eggenoot/eggenote se beroep?

4. OUERS

4.1 Waar woon u ouers? (Indien nog in die lewe)

4.2 Waar is u vader gebore?

4.3 Waar is u moeder gebore?

4.4 Ouderdom van vader? (Indien nog lewend)

4.5 Ouderdom van moeder? (Indien nog lewend)

4.6 Wat is/was die beroep van u vader?

4.7 Wat is/was die beroep van u moeder?

5. TAAL

5.1 Watter taal gebruik u as spreektaal?

5.2 Watter taal praat u vader?

5.3 Watter taal praat u moeder?

5.4 Indien u getroud is, watter taal praat u eggenoot/eggenote?

5.5 As u eggenoot/eggenote nie dieselfde taal as u praat nie, watter taal word die meeste in u huis gepraat?

5.6 Hoe dikwels praat u Afrikaans? Gereeld/altyd _____
Dikwels _____
Soms _____
Selde _____

5.7 Hoe dikwels praat u Engels? Gereeld/altyd _____
Dikwels _____
Soms _____
Selde _____

6. OPLEIDING

6.1 Waar het u die laaste skool gegaan?

6.2 Wat is die taalmedium van die skool?

6.3 Wat is die hoogste standaard wat u geslaag het?

6.4 Wat is die hoogste naskoolse kwalifikasie wat u verwerf het?

7. SKRYF HOE DIE VOLGENDE GESEË WORD

- 7.1 Vra 'n Engelssprekende man van ongeveer 30, waar die apteek is
- 7.2 Vra die apteker of hy iets vir verkoue het
- 7.3 Vra die apteker of hy iets vir verkoue het
- 7.4 'n Seun van 12 vra sy ma of hy haar kan help om haar kamer skoon te maak
- 7.5 Vra 'n vrou van 10 jaar jonger, in 'n kafee waar sy haar mooi klere koop
- 7.6 Vra die winkelassistent, 'n vrou van 35 jaar, of sy weet waar die speelgoedafdeling is
- 7.7 'n Werknemer van 64 vra sy hoof, 'n jong man van 28 jaar oud, of hy die hoof met 'n probleem kan help
- 7.8 'n Vrou van 20 sê vir haar huisbediende, 'n Swartvrou van 30 jaar, dat sy haar sak in die bediendekamer moet los
- 7.9 Vra die predikant of hy nie gister in die dorp was nie
- 7.10 Vra 'n man van 20 jaar ouer, hoekom hy sy baba met sy vuus slaan
- 7.11 'n Klerk vra sy hoof of hy nie vir hom R10 het om te leen nie
- 7.12 Vra 'n man van 10 jaar ouer, hoekom hy so gou na sy huis teruggaan
- 7.13 Roep die kelner in 'n deftige restaurant en vra of hy 'n pakkie sigarette kan gaan haal. Hy is 'n Indiërman van ongeveer 50 jaar oud.
- 7.14 'n Man van ongeveer 70 vra die pad na die poskantoor. Die poskantoor is twee blokke verder en dan links op die volgende hoek. Beduie hom hoe om te loop.
- 7.15 Vra 'n vrou van ongeveer 30 jaar ouer, of sy 'n bediende nodig het
- 7.16 'n Junior klerk van 25 in 'n fabriek vra die bestuurder of hy sy pen kan leen
- 7.17 Roep 'n seun van ongeveer 12, en vra hom om 'n pakkie aan 'n man oorkant die straat te gee
- 7.18 Sê vir 'n man van ongeveer 30 tydens 'n belangrike skoolkomitee-vergadering dat sy plan nie uitvoerbaar is nie
- 7.19 Vra 'n man van 20 jaar ouer op straat of hy weet waar die poskantoor is
- 7.20 'n Vrou van ongeveer 75 sukkel om haar tas in die trein te tel. Vra haar of sy hulp nodig het
- 7.21 Die vrou in die vorige geval (7.20) het blykbaar nie gehoor nie. Trek haar aandag en herhaal die vraag, maar op 'n ander manier

- 7.22 Vra 'n Swart medikus van ongeveer 35 om gou na 'n ongeluk waarin 'n Swartseun beseer is te kom
- 7.23 Die bestuurder van 'n fabriek, 'n man van ongeveer 25, vra 'n werknemer, 'n vrou van ongeveer 70, of sy klaar is met die
werkstuk wat hy gister vir haar gegee het
- 7.24 Vra 'n ou huisvriend, 'n man van ongeveer 55, waar sy motorkar is
- 7.25 Roep 'n Swartvrou wat oorkant die straat staan, sy is ongeveer 60. Vra vir haar of sy nie iemand ken wat 'n hond soek nie
- 7.26 Vra die kaartjiesondersoeker om 'n medereisiger te sê wanneer hy moet afklim
- 7.27 Sê vir 'n vriend om liewer op 'n ander dag te kom kuier. Sê dit op 'n vriendelike manier, sodat hy nie afgehaal voel nie
- 7.28 Versoek 'n welgestelde Swartman wat uit 'n deftige motor klim om aan sy chauffeur te vra om sy motor 'n bietjie vorentoe
te trek
- 7.29 'n Meisie van 6 soek haar moeder. Sê vir haar dat sy nie bang hoef te wees nie en dat sy haar moeder nou-nou sal kry
- 7.30 Vra 'n vreemde Blanke man van ongeveer 50 hoekom hy sy vuil vinger in u koffie druk

AANHANGSEL D

MONDELINGE VRAELYS

1. Gebruik die volgende sin teenoor die volgende persone:

Voorbeeld: Teenoor 'n goeie vriend wat net so oud soos u is -
Jan, kan jy my help?

- 1.1 Teenoor 'n onbekende man van u ouderdom.
- 1.2 Teenoor 'n onbekende vrou van u ouderdom.
- 1.3 Teenoor 'n onbekende persoon 10 jaar jonger as u.
- 1.4 Teenoor 'n onbekende persoon 10 jaar ouer as u.
- 1.5 Teenoor u moeder.
- 1.6 Teenoor 'n onbekende vrou van 20 jaar ouer as u.
- 1.7 Teenoor 'n onbekende man van 20 jaar ouer as u.
- 1.8 Teenoor die predikant.
- 1.9 Teenoor 'n winkelassistent.
- 1.10 Teenoor 'n vreemde swart man.
- 1.11 Teenoor 'n seuntjie van 10 jaar.
- 1.12 Teenoor 'n welgeklede swart man van ongeveer 50 jaar.
- 1.13 Teenoor 'n meisie van 5 jaar.
- 1.14 Teenoor die dokter.
- 1.15 Teenoor 'n boemelaar wat geld wil leen.

AANHANGSEL E

LYS VAN SITUASIES EN DIE GETAL ONTLEDE UITINGS

	<u>GELEENTHEID</u>	<u>PLEK</u>	<u>TONEEL</u>	<u>GETAL UITINGS</u>
1.1	Vergadering	Funksionele gebou	Formeel	38
1.2	Vergadering	Funksionele gebou	Informeel	34
1.3	Vergadering	Funksionele gebou	Emosioneel	3
1.4	Vergadering	Huis	Formeel	2
1.5	Vergadering	Huis	Informeel	17
1.6	Vergadering	Huis	Emosioneel	1
1.7	Vergadering	Oop plek	Formeel	1
1.8	Vergadering	Oop plek	Informeel	5
1.9	Vergadering	Oop plek	Emosioneel	-
2.1	Byeenkoms	Funksionele gebou	Formeel	-
2.2	Byeenkoms	Funksionele gebou	Informeel	33
2.3	Byeenkoms	Funksionele gebou	Emosioneel	2
2.4	Byeenkoms	Funksionele gebou	Feestelik	25
2.5	Byeenkoms	Oop plek	Formeel	-
2.6	Byeenkoms	Oop plek	Informeel	17
2.7	Byeenkoms	Oop plek	Emosioneel	3
2.8	Byeenkoms	Oop plek	Feestelik	28
2.9	Byeenkoms	Werkplek	Formeel	-
2.10	Byeenkoms	Werkplek	Informeel	19
2.11	Byeenkoms	Werkplek	Emosioneel	-
2.12	Byeenkoms	Werkplek	Feestelik	11
2.13	Byeenkoms	Huis	Formeel	-
2.14	Byeenkoms	Huis	Informeel	10
2.15	Byeenkoms	Huis	Emosioneel	2
2.16	Byeenkoms	Huis	Feestelik	3
2.17	Byeenkoms	Kantoor	Formeel	-
2.18	Byeenkoms	Kantoor	Informeel	28
2.19	Byeenkoms	Kantoor	Feestelik	1
2.20	Byeenkoms	Kantoor	Emosioneel	2
3.1	Afspraak	Oop plek	Formeel	-
3.2	Afspraak	Oop plek	Informeel	3
3.3	Afspraak	Oop plek	Emosioneel	-
3.4	Afspraak	Werkplek	Formeel	-
3.5	Afspraak	Werkplek	Informeel	-
3.6	Afspraak	Werkplek	Emosioneel	-
3.7	Afspraak	Huis	Formeel	-
3.8	Afspraak	Huis	Informeel	37
3.9	Afspraak	Huis	Emosioneel	1
3.10	Afspraak	Kantoor	Emosioneel	1
3.11	Afspraak	Kantoor	Formeel	24
3.12	Afspraak	Kantoor	Informeel	39
3.13	Afspraak	Funksionele gebou	Emosioneel	-
3.14	Afspraak	Funksionele gebou	Formeel	-
3.15	Afspraak	Funksionele gebou	Informeel	1
4.1	Ontmoeting	Oop plek	Formeel	3
4.2	Ontmoeting	Oop plek	Informeel	28
4.3	Ontmoeting	Oop plek	Emosioneel	-
4.4	Ontmoeting	Oop plek	Feestelik	-

	<u>GELEENTHEID</u>	<u>PLEK</u>	<u>TONEEL</u>	<u>GETAL UITINGS</u>
4.5	Ontmoeting	Sake-instelling	Formeel	-
4.6	Ontmoeting	Sake-instelling	Informeel	12
4.7	Ontmoeting	Sake-instelling	Emosioneel	-
4.8	Ontmoeting	Sake-instelling	Feestelik	3
4.9	Ontmoeting	Werkplek	Formeel	2
4.10	Ontmoeting	Werkplek	Informeel	265
4.11	Ontmoeting	Werkplek	Emosioneel	55
4.12	Ontmoeting	Werkplek	Feestelik	9
4.13	Ontmoeting	Kantoor	Formeel	-
4.14	Ontmoeting	Kantoor	Informeel	153
4.15	Ontmoeting	Kantoor	Emosioneel	1
4.16	Ontmoeting	Kantoor	Feestelik	3
4.17	Ontmoeting	Funksionele gebou	Formeel	-
4.18	Ontmoeting	Funksionele gebou	Informeel	19
4.19	Ontmoeting	Funksionele gebou	Feestelik	23
4.20	Ontmoeting	Funksionele gebou	Emosioneel	-
5.1	Huislik	Huis	Informeel	192
5.2	Huislik	Huis	Feestelik	3
5.3	Huislik	Huis	Emosioneel	5
6.1	Saaklik	Oop plek	Informeel	6
6.2	Saaklik	Oop plek	Formeel	5
6.3	Saaklik	Oop plek	Emosioneel	-
6.4	Saaklik	Funksionele gebou	Informeel	58
6.5	Saaklik	Funksionele gebou	Formeel	3
6.6	Saaklik	Funksionele gebou	Emosioneel	1
6.7	Saaklik	Huis	Informeel	1
6.8	Saaklik	Huis	Formeel	18
6.9	Saaklik	Huis	Emosioneel	-
7.1	Amptelik	Werkplek	Formeel	19
7.2	Amptelik	Werkplek	Informeel	36
7.3	Amptelik	Werkplek	Emosioneel	2
7.4	Amptelik	Kantoor	Formeel	15
7.5	Amptelik	Kantoor	Informeel	12
7.6	Amptelik	Kantoor	Emosioneel	-
7.7	Amptelik	Funksionele gebou	Formeel	-
7.8	Amptelik	Funksionele gebou	Informeel	12
7.9	Amptelik	Funksionele gebou	Emosioneel	1
8.1	Samekoms	Oop plek	Informeel	38
8.2	Samekoms	Oop plek	Emosioneel	3
8.3	Samekoms	Oop plek	Feestelik	1
8.4	Samekoms	Funksionele gebou	Informeel	41
8.5	Samekoms	Funksionele gebou	Emosioneel	-
8.6	Samekoms	Funksionele gebou	Feestelik	-
8.7	Samekoms	Sake-instelling	Informeel	8
8.8	Samekoms	Sake-instelling	Emosioneel	-
8.9	Samekoms	Sake-instelling	Feestelik	-
9.1	Werkvergadering	Werkplek	Formeel	39
9.2	Werkvergadering	Werkplek	Informeel	58
9.3	Werkvergadering	Werkplek	Emosioneel	2
			<u>TOTAAL</u>	<u>1 645</u>

197 uitings is nie by bogenoemde in berekening gebring nie maar ook op enkele plekke in die gegewens verwerk. Hierdie uitings sluit daardie in wat deur persone onder 14 gemaak is.

B I B L I O G R A F I E

- APPEL, R., HUBERS, P. en MEIJER, G. 1976. Sociolinguistiek. Utrecht. Spectrum.
- BESTER, A.N.J.D. 1978. Invloed van ruilskofwerk op status en rolle van bepaalde ruilskofwerkers. (Ongepubliseerde verhandeling - PU. vir QHO).
- BIERSTEDT, R. 1957. The social order. New York. McGraw Hill.
- BOSHOFF, S.P.E. 1921. Volk en taal van Suid-Afrika. Pretoria. J.H. de Bussy.
- BOSHOFF, S.P.E. 1956. Radiopraatjies oor Afrikaans. Johannesburg. Voortrekkerpers.
- BROWN, R. en FORD, MARGUERITE. 1964. Address in American English. (In Hymes, D. *red.* Language in culture and society. New York. Harper and Row).
- BROWN, R. en GILMAN, A. 1970. The pronouns of power and solidarity. (In Fishman, J. Readings in the sociology of language. Den Haag. Mouton.
- CARTWRIGHT, D. en ZANDER, A., *reds.* 1968. Group dynamics, research and theory. New York. Harper and Row.
- CILLIERS, S.P. 1967. Maatskaplike navorsing. Stellenbosch. Kosmo.
- DE KLERK, W.A., DEGENAAR, J.J. en VERSVELD, M. 1969. Beweging uitwaarts. Kaapstad. John Malherbe.
- DE SAUSSURE, F. 1966. Kursus in algemene taalkunde. Pretoria. Van Schaik. (Publikasiereeks nr. 14).
- DESPREZ, K. en GEERTS, G. 1977. Lexical and pronominal standardization. Wiesbaden. Franz Steiner.
- DITTMAR, N. 1976. Sociolinguistics. London. Edward Arnold.
- ERVIN-TRIPP, SUSAN, M. 1970. An analysis of the interaction of language. (In Fishman, J., *red.* Readings in the sociology of language. Den Haag. Mouton).
- ERVIN-TRIPP, SUSAN, M. 1972. Sociolinguistic rules of address. (In Pride, J.B. en Holmes, Janet. Sociolinguistics. Harmondsworth. Penguin).
- ERVIN-TRIPP, SUSAN, M. 1973. Language acquisition and communicative choice. Stanford. Stanford University Press.

FISHMAN, J. 1966. Language loyalty in the United States. Den Haag. Mouton.

FISHMAN, J.A. *red.* 1970. Readings in the sociology of language. Den Haag. Mouton.

FISHMAN, J. 1972. The sociology of language. Rowley, Massachusetts. Newbury House.

FISHMAN, J. 1972b. The relationship between micro- and macro-sociolinguistics in the study of who speaks what language to whom and when. (*In* Pride, J.B. en Holmes, Janet, *reds.* Sociolinguistics. Harmondsworth. Penguin).

FORMULIER. 1976. (*Kyk* Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika).

FRIEDRICH, P. 1972. Social context and semantic feature: The Russian pronominal usage. (*In* Gumpers, J.J. en Hymes, D., *reds.* Directions in sociolinguistics. New York. Holt, Reinhart and Winston.

FRIEDRICH, P. 1966. The linguistic reflex of social change. *Sociological Inquiry*, 36.

GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA. 1976. Formulier vir die bevestiging van ouderlinge en diakens. *In* Die Psalms en skrifberymings in gebruik by die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Kaapstad, N.G. Kerk-uitgewers.

GUMPERZ, J.J. 1972. Introduction. (*In* Gumperz, J.J. en Hymes, D., *reds.* Directions in sociolinguistics. New York. Holt, Reinhard and Winston).

GUMPERZ, J.J. en HYMES, D., *reds.* 1972. Directions in sociolinguistics. New York. Holt, Reinhart and Winston.

HAUGEN, E. 1972. Dialect, language, nation. (*In* Pride, J.B. en Holmes, Janet, *reds.* Sociolinguistics. Harmondsworth. Penguin.

HAUPTFLEISCH, T. 1977. Language loyalty in South Africa, deel 1. R.G.N.-verslag. TLK/L-6.

HAUPTFLEISCH, T. 1979. Language loyalty in South Africa, deel 3. R.G.N.-verslag. TLK/L-10.

HERDAN, G. 1962. The calculation of linguistic observations. S'Gravenhage. Mouton.

HYMES, D., *red.* 1964. Language in culture and society. New York. Harper and Row.

HYMES, D. 1974. Foundations in sociolinguistics. Philadelphia. University of Pennsylvania Press.

- JOUBERT, D. en STEYN, ANNA, F. 1972. Groepsdynamika. Stellenbosch. Universiteits-uitgewers.
- LABOV, W. 1964. The social stratification of English in New York city. Ann Arbor, Michigan. University Microfilms International. 2 dle.
- LABOV, W. 1970. The reflection of social processes in linguistic structures. (In Fishman, J., *red.* Readings in the sociology of language. Den Haag. Mouton.
- LABOV, W. 1972. The study of language in its social context. (In Pride, J.B. en Holmes, Janet, *reds.* Sociolinguistics. Harmondsworth. Penguin.
- LABOV, W. 1972(b). Sociolinguistic patterns. Oxford. Basil Blackwell.
- LABOV, W. 1972(c). Language in the inner city. Oxford. Basil Blackwell.
- LABOV, W. 1972(d). On the mechanism of linguistic change. (In Gumperz, J.J. en Hymes, D., *reds.* Directions in sociolinguistics. New York. Holt, Reinhart and Winston).
- LABUSCHAGNE, F.J. 1972. Die oorsprong en wese van taal en die funksie= lingémaat in Afrikaans. Potchefstroom, Pro Rege.
- LEVER, H. 1978. South African society. Johannesburg. Jonathan Ball.
- MCCORMACK, W. en WJRM, A., *reds.* 1979. Language and society. Den Haag. Mouton.
- MERTON, R.K. 1949. Social theory and social structure. Clencoe. Illinois. The Free Press.
- MOORE, W.E. 1974. Social change. Englewood Cliffs, New Jersey. Prentice-Hall.
- NEL, B.F. 1965. Die immigrante en die taal en kultuur van die Afrikaner. *Tydskrif vir geesteswetenskappe* V(4).
- NIENABER, G.S. 1949. Oor Afrikaans. Johannesburg. A.P.B.
- NIENABER, G.S. 1950. Taalkundige belangstelling in Afrikaans tot 1900. Johannesburg. A.P.B.
- ODENDAL, F.F. 1976. Oor die aanspreekvorme in Afrikaans. (In De Klerk, W.F. en Ponelis, F.A., *reds.* Gedenkbundel, H.J.J.M. van der Merwe. Pretoria. Van Schaik.
- PACKARD, V. 1960. The status seekers. London. Longmans Green.

PARSONS, T. 1977. The evolution of societies. Englewood Cliffs, New Jersey. Prentice-Hall.

PINCHUCK, I. 1974. Freedom and constraint in technical language. *Taalfasette* (18).

PONELIS, F.A. 1979. Afrikaanse sintaksis. Pretoria. Van Schaik.

PRIDE, J.B. 1979. A transactional view of speech functions and codeswitching. (In McCormack, W. en Wurm, P., *reds.* 1979. Language and society. Den Haag. Mouton.

PRIDE, J.B. en HOLMES, JANET, *reds.* 1972. Sociolinguistics. Harmondsworth. Penguin.

PRINSLOO, K.P. 1972. Die tweetaligheid van twee groepe universiteitstudente en hulle ingesteldheid teenoor die tweede taal - 'n sosiolinguistiese ondersoek. (Ongepubliseerde Proefskrif - Universiteit van Suid-Afrika).

R.G.N.-VERSLAE. (*Kyk* Schuring, G.K., 1977, Hauptfleisch, 1979).

RANDALL, P., *red.* 1971. Towards social change. Johannesburg. Spro-Cas (No. 6).

RHOODIE, N.J. 1977. Sosiale stratifikasie en kleuringskap. Johannesburg. McGraw-Hill.

RIESMAN, D., GLAZER, N., DENNEY, R. 1956. The lonely crowd. New York. Doubleday.

RITZER, G. 1972. Man and his work: Conflict and change. New York. Appleton Century Crofts.

ROMAINE, SUZANNE. 1978. Social and stylistic variation in the speech of children. (In Trudgill, P., *red.* Sociolinguistic patterns in British English. Baltimore. University Park Press.

ROSZAK, T. 1970. The making of a counter culture. London. Faber.

SCHOLTZ, J. DU P. 1963. Taalhistoriese opstelle. Pretoria. Van Schaik.

SCHOLTZ, J. DU P. s.j. Afrikaans uit die vroeë tyd. Kaapstad. Nassou.

SCHURING, G.K. 1977. 'n Veeltalige samelewing, deel 2. R.G.N.-verslag. TLK/L-7.

SMELSER, N.J. 1968. Essays in sociological Explanation. Londen. Prentice Hall.

- TRUDGILL, P. 1974. The social differentiation of English in Norwich. Cambridge. Cambridge University Press.
- TRUDGILL, P. 1974(b). Sociolinguistics. Harmondsworth. Penguin.
- TRUDGILL, P. *red.* 1978. Sociolinguistic patterns in British English. Baltimore. University Park Press.
- VAN DER MERWE, H.J.J.M. 1975. Scheepsjournael ende daghregister. Pretoria. Van Schaik.
- VAN LOEY, A. 1964. Schönfelds historische grammatika van het Nederlands. Zuthphen. W.J. Thieme.
- VAN LOEY, A. 1976. Middelnederlandse spraakkunst. I Vormleer. Groningen. H.D. Tjeenk Willink.
- VAN WYK, S. 1968. Die Afrikaner in die beroepslewe van die stad. Pretoria. Academica.
- WEBB, V.N. 1979. Die rol van taalhoudings met spesiale verwysing na Afrikaans. *Nuusbrief van die Suid-Afrikaanse vereniging vir taalonderrig*. Jrg 13 (4).
- WOLFRAM, A. 1974. Sociolinguistic aspects of assimilation. Arlington. Center for applied linguistics.

S U M M A R Y

TITLE: FORMS OF ADDRESS AND CHANGING STATUS - A STUDY OF THE
 USAGE OF FORMS OF ADDRESS AMONGST SPEAKERS OF AFRIKAANS
 IN VANDERBIJLPARK

BY: D.M. WYBENGA

SUPERVISOR: DR. P.S. DE BRUYN

DEPARTMENT: AFRIKAANS-NEDERLANDS

DEGREE FOR WHICH THE DISSERTATION WAS SUBMITTED: MAGISTER ARTIUM

In chapter 1 the problem of the agreement between address and status is explained. Brown and Gilman's study (1970) on pronoun usage is taken to task and criticised because of its oversimplified presuppositions.

The main aim of this study is given as determining a model similar to the one Ervin-Tripp (1972) determined for American English.

In chapter 2 the terminology used in the study is explained. The value of a component analysis of each speech act is emphasized. The linguistic model which forms the basis of this study is a functional one and all other models in which only one aspect, for instance the social or the structural, is studied, are rejected: all such methods lead inevitably to a single aspect of language being fixed as absolute with the consequence that the realities of natural language are ignored.

In chapter 3 the method of investigation and terms of reference of the study are explained. Vanderbijlpark is chosen as area of research. Each speech act is analysed by means of a specific analysis chart.

Three methods of investigation are proposed i.e. interviews, questionnaires and objective systematic observation.

In chapter 4 the way in which the data was obtained, is explained.

In chapter 5 the results of the investigation into establishing the norm (interviews and questionnaires) are given.

The results of the objective systematic observation are described in chapter 6.

Chapter 7 is a conclusion in which each of the forms of address is analysed in terms of the status functions expressed therein. No attempt was made to present a model of the Afrikaans address-system as such a model would be far too complicated. It can be concluded that the model which Ervin-Tripp determined for American English could not have been based on natural speech and it is no more than an idealistic representation of her personal address system.

The conclusion reached is in agreement with Pride's (1979) that codeswitching is transactional in nature and that natural language cannot be formalised in clear-cut binary alternatives.